Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

Government Gazette Extraordinary

Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) *(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)*

(REGULATION GAZETTE No. 41) (REGULASIEKOERANT No. 41)

VOL. II.] PRICE 5c. PRETORIA, 17 NOVEMBER 17 NOVEMBER 1961. PRYS 5c. [No. 115.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 1001.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—EXERCISE OF POWERS BY THE MINISTER.

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, do hereby to the undermentioned extent exercise the powers vested in me by the Customs Act, No. 55 of 1955.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 1001.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE DEUR DIE MINISTER.

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, oefen hierby die bevoegdhede my verleen by die Doeanewet, No. 55 van 1955, in onderstaande mate uit

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies

SECTION 14.

APPOINTMENT OF PORTS OF ENTRY, WAREHOUSING PORTS, PORTS FOR PARTICULAR AND LIMITED PURPOSES AND CUSTOMS AERODROMES.

1. The appointed ports of entry, warehousing ports, ports for particular and limited purposes and customs aerodromes shall be as enumerated in paragraph 1 of the First Schedule hereto.

SECTION 166.

REGULATIONS.

PART I.

GENERAL PROVISIONS.

2. In these regulations "the Act" means the Customs Act, No. 55 of 1955, and any expression to which a meaning is assigned in that Act bears, when used in these regulations, the same meaning, unless inconsistent with the context.

NOTE.—In terms of section *one hundred and fifty-eight* of the Act the territory of South West Africa, including the port and settlement of Walvis Bay and the Eastern Caprivi Zipfel, is deemed to be part of the Republic of South Africa, and these regulations shall be construed accordingly, unless inconsistent with the context.

3. Any person transacting business with the customs shall at his own expense provide all the relative forms as specified in the Second Schedule to these regulations and also such other forms as may be prescribed from time to time, and any reference in these regulations to any form and to the numbering or lettering thereof shall, unless otherwise stated, be regarded as a reference to the said forms.

4. The proper officer may, if any person entering any goods or transacting any customs business on behalf of himself or any other person is unable to give all the necessary information relating to the matter, refuse to proceed with the matter until a competent person is available to furnish such information.

Particulars on Bills of Entry.

5. Any person entering any goods for customs purposes shall do so on the prescribed forms and shall furnish thereon all the particulars required on such forms. He shall also furnish full information as to the description, quantities and values of the goods together with such particulars as are necessary for the compilation of reliable trade returns.

6. All bills of entry and duplicates thereof shall be completed in a clearly legible manner, and an officer may refuse to accept any bill of entry if he considers that any part of it is illegible or that it has not been properly completed.

7. In the event of unintentional omissions or accidental errors, the proper officer may authorise the acceptance of vouchers of correction, in the prescribed form, if he is satisfied that the circumstances of the case justify such relief.

PART II.

HOURS OF GENERAL ATTENDANCE, CHARGES FOR EXTRA AND SPECIAL ATTENDANCE, AND DUTIES OF OFFICERS.

Hours of General Attendance.

8. For the convenience of the public the hours of general attendance of officers shall, except on Sundays and public holidays, or where otherwise stated, be as enumerated in paragraph 2 of the First Schedule hereto.

Charges for Special and Extra Attendance.

9. Where the attendance of an officer is required on Sundays or public holidays, or at any time not covered by the hours mentioned in regulation 8, or for any special purpose within those hours, the person requiring such attendance shall apply to the proper officer on the form approved by the Commissioner, and he shall guarantee the payment of the fees approved in the regulations hereunder and shall pay the said fees immediately on demand. The proper officer may, at his discretion, prior to allowing such attendance, demand a deposit of an amount sufficient to cover the charges that will be incurred.

10. For extra attendance in connection with the examination of passengers and their baggage, post office parcels, the sealing of ships' or aircraft stores and the rummaging of ships and aircraft, no attendance charge will be made.

ARTIKEL 14.

AANWYSING VAN INKLARINGSHAWENS, OPBERGINGSHAWENS, HAWENS VIR BESONDERE EN BEPERKTE DOELEINDES, EN DOEANELUGHAWENS.

1. Die aangewese inklaringshawens, opbergingshawens, hawens vir besondere en beperkte doeleindes, en doeanelughawens is soos in paragraaf 1 van die Eerste Bylae hiervan uiteengesit.

ARTIKEL 166.

REGULASIES.

DEEL I.

ALGEMENE BEPALINGS.

2. In hierdie regulasies beteken „die Wet" die Doeanewet, No. 55 van 1955, en enige uitdrukking waaraan in daardie Wet 'n betekenis toegeken is, het, wanneer in hierdie regulasies gebesig, dieselfde betekenis, tensy uit die samehang anders blyk.

OPMERKING.—Kragtens artikel *eenhonderd agt-en-vyftig* van die Wet word die gebied Suidwes-Afrika, die hawe en nedersetting Walvisbaai en met inbegrip van die Oostelike Caprivistrook, deel van die Republiek van Suid-Afrika geag te wees, en hierdie regulasies moet ooreenkomstig vertolk word, tensy uit die samehang anders blyk.

3. Enigeen wat sake met die doeane verrig, moet op eie koste al die betrokke vorms, soos in die Tweede Bylae van hierdie regulasies gespesifiseer, asook sodanige ander vorms as wat van tyd tot tyd voorgeskryf mag word, verstrek, en enige verwysing in hierdie regulasies na enige vorm en na die nommers of letters daarvan word, tensy anders vermeld, as 'n verwysing na daardie vorms beskou.

4. Die bevoegde amptenaar kan, indien iemand wat goedere inklaar of enige doeanesake namens homself of 'n ander persoon verrig, nie in staat is om al die nodige inligting met betrekking tot die saak te verstrek nie, weier om met die saak voort te gaan totdat 'n bevoegde persoon wat sodanige inligting kan verstrek, beskikbaar is.

Besonderhede op inklaringsvorms.

5. Enigeen wat goedere vir doeanedoeleindes inklaar, moet dit op die voorgeskrewe vorms doen en moet daarop al die besonderhede wat op sulke vorms verlang word, verstrek. Hy moet ook volle inligting aangaande die beskrywing, hoeveelhede en waardes van die goedere verstrek, tesame met sulke besonderhede as wat vir die opstel van vertroubare handelsopgawes nodig is.

6. Alle inklaringsbriewe en duplikate daarvan moet op 'n duidelik leesbare wyse ingevul word, en 'n amptenaar kan weier om 'n inklaringsbrief aan te neem indien 'n gedeelte daarvan na sy mening onleesbaar is of nie behoorlik ingevul is nie.

7. Ingeval van onopsetlike weglatings of toevallige foute, kan die bevoegde amptenaar verbeteringsbewyse, in die voorgeskrewe vorm, magtig indien hy oortuig is dat die omstandighede van die saak so 'n verligting regverdig.

DEEL II.

ALGEMENE DIENSURE, EKSTRA EN SPESIALE DIENSGELDE EN PLIGTE VAN AMPTENARE.

Algemene diensure.

8. Vir die gerief van die publiek is die algemene diensure vir amptenare, behalwe op Sondae en openbare vakansiedae, of waar andersins vermeld word, soos in paragraaf 2 van die Eerste Bylae hiervan uiteengesit.

Gelde vir spesiale en ekstra diens.

9. Waar die diens van 'n amptenaar op Sondae of openbare vakansiedae, of op 'n tyd nie gedek deur die ure genoem in regulasie No. 8 nie, of vir 'n spesiale doel binne daardie ure, verlang word, moet die persoon wat so 'n diens verlang by die bevoegde amptenaar op die vorm deur die Kommissaris goedgekeur, aansoek doen, en hy moet betaling van die gelde goedgekeur in die regulasies hieronder, waarborg en genoemde gelde onmiddellik op aanvraag betaal. Die bevoegde amptenaar kan, na goeddunke, voordat hy so 'n diens toestaan, 'n storting van 'n bedrag vorder wat voldoende is om die koste wat aangegaan sal word, te dek.

10. Vir ekstra diens in verband met die ondersoek van passasiers en hul bagasie, poskantoorpakkette, die verseëling van skeeps- of lugvaartuigvoorrade en die deursoek van skepe en lugvaartuie, sal geen diensgeld gevra word nie.

11. (1) Where the attendance of an officer is required for the purpose of making a copy of a document, the fee for such attendance shall, in addition to any fee prescribed in terms of the Stamp Duties and Fees Act, 1911, be 25 cents per copy.

(2) The fees for special or extra attendance, except when such attendance is given in respect of any of the services mentioned in regulation No. 10 or sub-paragraph (1) hereof, shall be one rand per officer per hour or part thereof.

12. All fees recovered for extra or special attendance shall be paid into revenue.

Attendance in Connection with Wrecks, Stranded and Distressed Vessels or Their Cargoes.

13. In the case of wrecks, stranded and distressed vessels or their cargoes, the attendance of officers necessary for the protection of revenue will be given at the Government's expense for the first seven days, provided that neither the ship nor any portion of the cargo is removed or disposed of in any way before the expiration of that period. If any portion of the ship or cargo is removed, sold or otherwise disposed of within the said seven days, the exemption of the ship or cargo from any charge for customs expenses shall lapse as from the date of such removal, sale or other disposal, whichever is the earlier, and the master or other person in charge of the ship or cargo, or the agent of the ship or of the underwriters, shall either deposit with the proper officer of customs a sum sufficient to cover all subsequent customs expenses in connection with attendance and subsistence, calculated at the rates prescribed by regulation, and also in connection with travelling and accommodation, or give security for the payment of the said expenses to the satisfaction of the proper officer. If no removal or disposal takes place within the period of seven days, the required deposit shall be made or the security given by such master, other person or agent immediately upon the expiration of the said seven days. Customs expenses as described above shall be borne by the master or other person in charge of the ship or cargo, or by the underwriters, whoever has control over such ship or cargo, so long as any part of the ship or cargo is awaiting sale or other disposal or is not abandoned, and, after such control has ceased, such expenses shall be a charge against the ship and unentered unremoved cargo.

Duties of Officers.

14. (1) Any officer may at any time, should the necessity arise, be called upon to perform temporarily duties other than those ordinarily appertaining to his class and grade. General division officers may also be called upon at any time to perform, in addition to their out-door duties, such clerical work as the Commissioner may decide.

(2) An officer shall not, without sufficient cause, refuse to undertake extra attendance when called upon to do so by the proper officer.

PART III.

IMPORTATION OF GOODS.

Entry for Customs Purposes.

15. The person entering goods on importation shall, if required to do so by the proper officer, produce all the documents relating to the goods, together with an invoice which shall be in the form prescribed in the Second Schedule hereto, and which shall contain a certificate of value and origin signed by the supplier or manufacturer, as the case may be, and in the form prescribed; provided that, in the case of post office parcels which do not exceed twenty rand in value and which do not contain merchandise for sale, the certificate shall be in the form prescribed in paragraph 3 of the First Schedule hereto.

16. (1) The invoice required in terms of regulation No. 15 shall contain, in addition to any proprietary or trade name, a detailed commercial designation or description of the goods concerned and, in the case of goods of a class or kind enumerated in paragraph 6 of the First Schedule hereto, shall also contain the particulars stipulated in that paragraph. In the case of goods of a class or kind enumerated in paragraph 5 of the First Schedule hereto the invoices shall further contain, in addition to any other particulars required, a declaration of the ordinary market price at which such or similar goods have been sold, during the six months preceding the date of exportation, in the territory from which the goods were exported to the Republic.

11. (1) Waar die diens van 'n amptenaar verlang word ten einde 'n afskrif van 'n dokument te maak, is die gelde vir so 'n diens benewens enige gelde ingevolge die Zegelwet, 1911, voorgeskryf, vyf-en-twintig sent vir elke afskrif.

(2) Vir spesiale of ekstra diens, behalwe waar so 'n diens verskaf word ten opsigte van enigeen van die dienste in regulasie No. 10 of subparagraaf (1) hiervan vermeld, is die gelde een rand per amptenaar per uur of gedeelte daarvan.

12. Alle gelde wat vir ekstra of spesiale diens ontvang word, moet as inkomste inbetaal word.

Diens in verband met wrakke, gestrande skepe en skepe in nood of hulle ladings.

13. In die geval van wrakke, gestrande skepe en skepe in nood of hulle ladings, word die diens van amptenare wat nodig is vir die beskerming van inkomste vir die eerste sewe dae op Staatskoste verskaf, mits nòg die skip nòg enige gedeelte van die lading voor die verstryking van daardie tydperk verwyder of op enige wyse weggemaak word. Indien 'n gedeelte van die skip of lading binne genoemde sewe dae verwyder, verkoop of andersins weggemaak word, verval die vrystelling van die skip of lading van enige vordering vir doeane-onkoste met ingang van die datum van sodanige verwydering, verkoop of ander wegmaking, wat ook al die vroegste is, en die gesagvoerder of ander persoon wat in beheer van die skip of lading is, of die agent van die skip of van die versekeraars, moet òf by die bevoegde doeane-amptenaar 'n bedrag stort wat voldoende is om alle daaropvolgende doeane-onkoste in verband met diens en verblyf, bereken teen die skale by regulasie voorgeskryf, asook in verband met reis en inwoning te dek, òf tot tevredenheid van die bevoegde amptenaar vir die betaling van gemelde koste, sekerheid stel. Indien geen verwydering of wegmaking binne die tydperk van sewe dae geskied nie, moet die gesagvoerder, ander persoon, of agent onmiddellik na verstryking van genoemde sewe dae die vereiste bedrag stort of die sekerheid stel. Doeane-onkoste soos hierbo beskryf, moet deur die gesagvoerder of ander persoon wat in beheer van die skip of lading is, of deur die versekeraars, wie van hulle ook al beheer oor die skip of lading het, gedra word solank as wat enige gedeelte van die skip of lading op verkoop of ander wegmaking wag of nie geabandonneer is, nie, en nadat sodanige beheer geëindig het, is alle sodanige onkoste 'n las teen die skip en die onverwyderde, nie-ingeklaarde lading.

Pligte van amptenare.

14. (1) Enige amptenaar kan te eniger tyd, indien dit nodig word, aangesê word om tydelik ander diens te verrig as dié wat onder gewone omstandighede aan sy klas en graad verbonde is. Amptenare in die algemene afdeling kan ook te eniger tyd aangesê word om, benewens hulle buitedienste, sodanige klerklike werk te verrig as wat die Kommissaris mag besluit.

(2) 'n Amptenaar mag nie, sonder genoegsame rede, weier om ekstra diens te onderneem wanneer hy deur die bevoegde amptenaar daartoe aangesê word nie.

DEEL III.

INVOER VAN GOEDERE.

Inklaring vir doeanedoeleindes.

15. Die persoon wat goedere by invoer inklaar, moet, indien die bevoegde amptenaar dit verlang, al die dokumente aangaande daardie goedere voorlê, tesame met 'n faktuur wat in die vorm voorgeskryf in die Tweede Bylae hiervan moet wees, en wat 'n sertifikaat van waarde en herkoms, onderteken deur die leweransier of vervaardiger, na gelang van die geval, en in die vorm voorgeskryf, moet bevat; met dien verstande dat, in die geval van poskantoorpakkette waarvan die waarde hoogstens twintig rand is en wat geen koopwaarde vir verkoop bevat nie, die sertifikaat in die vorm voorgeskryf in paragraaf 3 van die Eerste Bylae hiervan moet wees.

16. (1) Die faktuur vereis ingevolge regulasie No. 15, moet, benewens enige eiendoms- of handelsnaam, 'n uitvoerige handelsbenaming of -beskrywing van die betrokke goedere en, in die geval van goedere van 'n klas of soort in paragraaf 6 van die Eerste Bylae hiervan uiteengesit, ook die besonderhede soos bepaal in daardie paragraaf bevat. In die geval van goedere van 'n klas of soort, soos in paragraaf 5 van die Eerste Bylae hiervan uiteengesit, moet die faktuur verder, benewens enige ander besonderhede wat vereis word, 'n verklaring bevat van die gewone markprys waarteen sodanige of soortgelyke goedere gedurende die ses maande wat die datum van uitvoer voorafgaan, verkoop is in die gebied waaruit die goedere na die Republiek uitgevoer is.

(2) (*a*) In the calculation of the factory or works cost of any goods for the purpose of section *seventy-two* of the Act, only the following items may be included: —

(i) The cost of the materials as received into the factory, excluding customs, excise or other duty paid or payable in respect of such materials in the particular territory.

(ii) Manufacturing wages and salaries.

(iii) Overhead factory expenses.

(iv) Inside containers.

(v) Other expenses incidental to the manufacturing operations.

(*b*) The following charges, which are charges incurred subsequent to the completion of the manufactured goods, may not be included in the factory or works cost: —

(i) Outside packages and expenses in connection with the packing of goods therein. Such packages include zinc linings, tarred paper, etc., in which the goods are ordinarily exported from the territory.

(ii) Manufacturer's or exporter's profit, or the profit or remuneration of any trader, broker, or other person dealing with the article in its finished condition.

(iii) Royalties.

(iv) Carriage, insurance, etc., from the place of production or manufacture in the territory to the port of shipment.

(v) Any other charges incurred subsequent to the completion of the manufacture of the goods.

(*c*) In the case of goods which have at some stage entered into the commerce of, or undergone a process of manufacture in a territory other than that from which the goods are exported to the Republic, only such labour and material as are expended on or added to the goods after their return to the exporting territory shall be regarded as the produce or manufacture of that territory in calculating the proportion of that territory's labour and material in the factory or works cost of the finished article.

(*d*) The provisions of paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) shall also apply in the calculation, for the purposes of section *seventy-two* of the Act, of the percentage of the factory or works cost of any goods represented by materials produced or labour performed in a particular territory.

17. If any person who imports into the Republic from any particular territory any goods mentioned in paragraph 4 of the First Schedule hereto, claims that the spinning, weaving and printing processes were performed in that territory and that the minimum or intermediate rates of duty apply, the said person shall, if required to do so by the proper officer, produce, in addition to the certificate of origin contained in the prescribed invoice form, a further certificate stating that the said spinning, weaving and printing processes were performed in that territory. Such certificate shall be furnished by a recognized chamber of commerce, or a similar body approved by the Commissioner, in the territory from which the goods are exported to the Republic.

18. In completing the column headed "Current Domestic Value" in the invoice required in terms of regulation No. 15, the supplier or manufacturer, as the case may be, shall insert opposite each article described in the invoice the gross price, and, at the end or in the body of the invoice, the discounts or allowances granted by him. Alternatively he may insert the value for duty purposes as determined by the Commissioner.

DISCHARGE AND DELIVERY, ETC., OF GOODS.

Discharge of Goods from Ships or Aircraft; Deposit of Goods on Wharves or in Transit Sheds; Delivery of Goods from Wharves or Transit Sheds.

19. (1) Save as provided in this regulation, goods shall be discharged from a ship or aircraft only between the hours of 8 a.m. and 5 p.m. from Monday to Friday and between 8 a.m. and 12 noon on Saturday. The discharge of goods shall not be effected at any other time or on Sundays or public holidays, except with the special permission in writing of, and under the conditions laid down by, the proper officer in charge of the port or aerodrome.

(2) In the case of goods discharged at Jan Smuts Airport, such goods may be discharged at any time without permission or the payment of special or extra attendance fees.

(2) (*a*) By die berekening van die fabrieks- of werkwinkelkoste van enige goedere vir die toepassing van artikel *twee-en-sewentig* van die Wet, mag slegs die volgende items ingesluit word:—

(i) Die koste van die materiaal soos in die fabriek ontvang, uitgesonderd doeane-, aksyns- of ander regte betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige materiaal in die besondere gebied;

(ii) vervaardigingslone en -salarisse;

(iii) indirekte fabriekskoste;

(iv) binnehouers;

(v) ander onkoste bykomstig tot die vervaardigingsprosesse.

(*b*) Die volgende koste, nl. koste wat aangegaan is na die voltooiing van die vervaardigde goedere, kan nie by die fabrieks- of werkwinkelkoste ingesluit word nie:—

(i) Buiteverpakkings en onkoste in verband met die verpakking van goedere daarin. Sodanige verpakkings sluit sinkvoerings, teerpapier, ens., waarin die goedere gewoonlik uit die gebied uitgevoer is, in.

(ii) Vervaardigers- of uitvoerderswins, of die wins of vergoeding van enige handelaar, makelaar of ander persoon wat met die artikel in sy klaargemaakte toestand te doen het.

(iii) Tantiémes.

(iv) Vervoerkoste, assuransie, ens., vanaf die plek van produksie of vervaardiging in die gebied na die hawe van verskeping.

(v) Enige ander onkoste wat na die voltooiing van die vervaardigde goedere aangegaan is.

(*c*) In die geval van goedere, wat op die een of ander stadium in die handel gekom het van, of 'n vervaardigingsproses ondergaan het in, 'n ander gebied as dié vanwaar die goedere na die Republiek uitgevoer is, word slegs sodanige arbeid en materiaal as wat aan die goedere bestee of daartoe bygevoeg is na hul terugsending na die uitvoergebied, as die opbrengs of fabrikaat van daardie gebied beskou by die berekening van die verhouding van die arbeid en materiaal van daardie gebied in die fabrieks- of werkwinkelkoste van die klaargemaakte artikel.

(*d*) Die bepalings van paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) is ook van toepassing by die berekening, vir die toepassing van artikel *twee-en-sewentig* van die Wet, van die persentasie van die fabrieks- of werkwinkelkoste van enige goedere verteenwoordig deur materiaal geproduseer of arbeid verrig in 'n besondere gebied.

17. As enigeen wat enige goedere genoem in paragraaf 4 van die Eerste Bylae hiervan in die Republiek uit enige besondere gebied invoer, daarop aanspraak maak dat die spin-, weef- en drukprosesse in daardie gebied verrig is en dat die minimum of intermediêre regte van toepassing is, moet genoemde persoon, indien die bevoegde amptenaar dit verlang, benewens die sertifikaat van herkoms in die voorgeskrewe faktuurvorm vervat, 'n verdere sertifikaat voorlê waarin verklaar word dat genoemde spin-, weef-, en drukprosesse in daardie gebied verrig is. Sodanige sertifikaat moet verstrek word deur 'n erkende kamer van koophandel, of 'n derglike liggaam deur die Kommissaris goedgekeur, in die gebied waaruit die goedere na die Republiek uitgevoer word.

18. By die invul van die kolom onder die opskrif „Huidige Binnelandse Waarde" in die faktuur ingevolge regulasie No. 15 vereis, moet die leweransier of vervaardiger, na gelang van die geval, teenoor elke artikel wat in die faktuur beskryf word die bruto prys en, aan die einde van, of binne-in die faktuur, die diskonto's of afslag deur hom toegestaan, invoeg. Anders kan hy die waarde vir regtedoeleindes, soos deur die Kommissaris bepaal, invoeg.

AFLAAI EN AFLEWERING, ENS., VAN GOEDERE.

Aflaai van goedere uit skepe of lugvaartuie; plasing van goedere op kaaie of in deurvoerloodse; aflewering van goedere van kaaie of deurvoerloodse.

19. (1) Behalwe soos in hierdie regulasie bepaal, moet goedere uit 'n skip of lugvaartuig slegs tussen die ure 8 vm. en 5 nm. van Maandag tot Vrydag tussen 8 vm. en 12 middag op Saterdag afgelaai word. Die aflaai van goedere mag nie op enige ander tyd of op Sondae of openbare vakansiedae geskied nie, behalwe met die spesiale skriftelike toestemming van, en onder die voorwaardes voorgeskryf deur die bevoegde amptenaar, wat in bevel van die hawe of lughawe is.

(2) In die geval van goedere wat by Jan Smuts-lughawe afgelaai word, kan sodanige goedere te eniger tyd sonder toestemming of die betaling van spesiale of ekstra diensgelde, afgelaai word.

20. Masters, pilots or their agents requesting permission to discharge goods from a ship or aircraft at times other than those specified in regulation No. 19, or on Sundays or public holidays, shall pay to the proper officer fees, at the prescribed rates, for the attendance of such officers as the proper officer may deem necessary.

21. The master, pilot, agent or the representative of such master, pilot or agent, or any other person discharging goods, shall remove such goods only into a duly appointed transit shed (or other place previously approved by the proper officer) and shall stack such goods in such manner as will readily enable a complete check of all packages to be made. Goods shall not be removed from one transit shed to another without the specific permission of the proper officer.

In transit goods, or goods marked for another port or place, shall be kept entirely separate from other goods, and packages which are damaged or from which the whole or part of the contents is missing, shall not be placed on board any ship or vehicle for removal to another port or place until they have been examined and their contents ascertained in the presence of an officer. The packages shall then be repaired to the satisfaction of the said officer and be sealed by him.

22. If any discharged package is leaking, or if the whole or part of its contents is missing, or if the package is in an otherwise damaged condition, the master of the ship or the pilot of the aircraft, as the case may be, or his agent, shall cause such package to be removed, immediately upon discharge, to a place of security approved by the proper officer, or alternatively shall cause such package to be repaired immediately upon discharge.

23. If any discharged package is leaking, or if the whole or part of its contents is missing, or if the package is in an otherwise damaged condition, the master of the ship or the pilot of the aircraft, as the case may be, or his agent, shall, immediately upon the discharge of the package (or within such further period as the Commissioner may deem reasonable and practicable) draw the attention of the proper officer to the condition of the package.

24. In the case of a package which is leaking, or of which the whole or part of the contents is missing, or which is in an otherwise damaged condition, and which has been removed to a place of security in terms of regulation No. 22, the importer (or his agent), if the package has been entered for customs purposes, or otherwise the master or pilot (or his agent) of the ship or aircraft, as the case may be, from which the package was discharged, shall cause such package to be examined, in the presence of the proper officer, not later than the end of the second working day following the day on which the package was discharged (or, in special circumstances, within such further period as the proper officer may deem reasonable and practicable), and an exact and detailed inventory of its contents to be made.

25. If a package which is leaking, or of which the whole or part of the contents is missing, or which is in an otherwise damaged condition, is dealt with in terms of regulations Nos. 22 to 24 and the proper officer is satisfied that no loss of contents, except as a result of unavoidable circumstances, took place between the time of discharge and the time of examination, the contents of such package as ascertained by the inventory made on examination shall be accepted as being all the goods imported in that package, unless there is evidence to the contrary.

26. If any package which is damaged, or of which the whole or part of the contents is missing, is due for removal to the State Warehouse in terms of section *thirty-four* of the Act, the master or pilot of the ship or aircraft, as the case may be, in which such package was imported, or the agent of the said master or pilot, shall cause such package to be examined and its contents to be ascertained in the presence of the proper officer and shall then cause the package to be repaired before it is despatched to the State Warehouse. [In this connection attention is drawn to sub-section (3) of section *forty-six* of the Act.]

27. Goods shall not be stacked in the open except with the special permission of the proper officer in charge of the shed or place at which the goods are being discharged, or of the Senior Outdoor Officer on duty, and such permission shall be granted only in respect of the following goods:—

> Asphalt and bitumen, cement, paraffin, petrol and other inflammable oils, explosives, heavy machinery, iron and steel, iron and earthenware piping, timber, unmanufactured,

and such other goods as the proper officer may deem to be of an inconvenient or dangerous nature.

20. Gesagvoerders, loodse of hulle agente wat om toestemming vra om goedere uit 'n skip of lugvaartuig af te laai op ander tye as dié wat in regulasie No. 19 gespesifiseer word, of op Sondae of openbare vakansiedae, moet aan die bevoegde amptenaar gelde teen die voorgeskrewe skaal betaal vir die diens van sodanige amptenare as wat die bevoegde amptenaar nodig mag ag.

21. Die gesagvoerder, loods, agent, of die verteenwoordiger van so 'n gesagvoerder, loods of agent, of enige ander persoon wat goedere aflaai, mag sodanige goedere slegs na 'n behoorlik aangewese deurvoerloods (of ander plek wat vooraf deur die bevoegde amptenaar goedgekeur is) verwyder, en moet sodanige goedere op so 'n wyse opstapel dat al die pakke geredelik en volledig nagegaan kan word. Goedere mag nie sonder die uitdruklike toestemming van die bevoegde amptenaar van een deurvoerloods na 'n ander verwyder word nie.

Goedere in transito, of goedere vir 'n ander hawe of plek gemerk, moet heeltemal afgesonder van ander goedere gehou word, en pakke wat beskadig is of waaruit die hele of 'n gedeelte van die inhoud vermis word, mag nie op 'n skip of voertuig gelaai word om na 'n ander hawe of plek verwyder te word nie, voordat hulle in die teenwoordigheid van 'n amptenaar ondersoek en hul inhoud vasgestel is. Die pakke moet dan tot tevredenheid van genoemde amptenaar herstel en deur hom verseël word.

22. Indien 'n afgelaaide pak lek, of indien die hele of 'n gedeelte van die inhoud daarvan vermis word, of indien die pak in 'n andersins beskadigde toestand is, moet die gesagvoerder van die skip of die loods van die lugvaartuig, na gelang van die geval, of sy agent, sodanige pak onmiddellik nadat dit afgelaai is, na 'n bewaringsplek wat deur die bevoegde amptenaar goedgekeur is, laat verwyder, of anders die pak onmiddellik nadat dit afgelaai is, laat herstel.

23. Indien 'n afgelaaide pak lek, of indien die hele of 'n gedeelte van die inhoud daarvan vermis word, of indien die pak in 'n andersins beskadigde toestand is, moet die gesagvoerder van die skip of die loods van die lugvaartuig, na gelang van die geval, of sy agent, onmiddellik nadat die pak afgelaai is (of binne sodanige verdere tydperk as wat die Kommissaris redelik en doenlik mag ag), die aandag van die bevoegde amptenaar op die toestand van die pak vestig.

24. In die geval van 'n pak wat lek, of waarvan die hele of 'n gedeelte van die inhoud vermis word, of wat in 'n andersins beskadigde toestand is, en wat ingevolge regulasie No. 22 na 'n bewaringsplek verwyder is, moet die invoerder (of sy agent), indien die pak vir doeanedoeleindes ingeklaar is, of anders die gesagvoerder of loods (of sy agent) van die skip of lugvaartuig, na gelang van die geval, waaruit die pak afgelaai is, sodanige pak in die teenwoordigheid van die bevoegde amptenaar, nie later nie as die einde van die tweede werkdag na die dag waarop die pak afgelaai is, laat ondersoek (of, onder spesiale omstandighede, binne sodanige verdere tydperk as wat die bevoegde amptenaar redelik en doenlik mag ag), en 'n juiste en gedetailleerde opname van die inhoud daarvan laat maak.

25. Indien met 'n pak wat lek, of waarvan die hele of 'n gedeelte van die inhoud vermis word, of wat in 'n andersins beskadigde toestand is, ingevolge regulasies Nos. 22 tot 24 gehandel word en die bevoegde amptenaar oortuig is dat geen verlies van inhoud, behalwe weens onvermydelike omstandighede, tussen die tyd van aflaai en die tyd van ondersoek plaasgevind het nie, word die inhoud van sodanige pak, soos vasgestel deur die opname gemaak by die ondersoek, aangeneem as synde al die goedere wat in daardie pak ingevoer is, tensy daar bewyse tot die teendeel bestaan.

26. Indien 'n pak wat beskadig is, of waarvan die hele of 'n gedeelte van die inhoud vermis word, ingevolge artikel *vier-en-dertig* van die Wet na die Staatspakhuis verwyder moet word, moet die gesagvoerder of loods van die skip of lugvaartuig, na gelang van die geval, waarin sodanige pak ingevoer is, of die agent van genoemde gesagvoerder of loods, sodanige pak in die teenwoordigheid van die bevoegde amptenaar laat ondersoek en die inhoud daarvan laat vasstel en die pak dan laat herstel voordat dit na die Staatspakhuis gestuur word. [In hierdie verband word die aandag op subartikel (3) van artikel *ses-en-veertig* van die Wet gevestig.]

27. Goedere moet nie in die ope lug opgestapel word nie behalwe met die spesiale toestemming van die bevoegde amptenaar in bevel van die loods of die plek waar die goedere afgelaai word, of van die Senior Buitebeampte op diens, en sodanige toestemming word slegs ten opsigte van die volgende goedere verleen:—

Asfalt en bitumen, sement, paraffien, petrol en ander ontvlambare oliesoorte, springstowwe, swaar masjinerie, yster en staal, yster- en erdewerkpype, hout, nie verwerk nie,

en sodanige ander goedere as wat die bevoegde amptenaar as van 'n lastige of gevaarlike aard mag beskou.

28. In all cases where goods are deposited in the open, the conditions relating to stacking, as stipulated in regulation No. 21, shall apply.

29. Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, goods may be discharged direct from a ship or aircraft into vehicles for immediate conveyance to their destination, but only after permission has been obtained from the proper officer in charge of the shed or place at which the goods are being discharged, or from the Senior Outdoor Officer on duty, and then only on condition that the goods are stowed in the vehicles in such a manner that they can readily be checked.

30. The delivery of goods from the dock area or aerodrome before discharge of the ship or aircraft has been completed in terms of these regulations, will be permitted, provided that the customs landing and delivery order proving that the goods have been duly entered has been received by the proper officer, railway official or other person in charge of the shed, and provided further that the goods are not required for examination by the Department. All deliveries shall, however, be subject to the provisions of regulation No. 31.

31. (*a*) No person shall deliver goods discharged from a ship or aircraft from any transit shed, wharf or other approved place until he has submitted to the proper officer, railway official or other person in charge of such shed, wharf or other place a copy of his delivery note endorsed with the corresponding number and date of the relative customs landing and delivery order. In the event of the work of both landing and forwarding being performed by the Railways and Harbours Administration, the rail note, loading note or other equivalent document, which shall likewise be endorsed with the number and date of the relative customs delivery order, shall be handed to the said proper officer, railway official or other person.

(*b*) If any goods have been delivered in contravention of the provisions of paragraph (*a*), they shall, if the proper officer so requires, be returned at the expense of the master or pilot, as the case may be, to the place from which they were so delivered, or be brought to such other place as the proper officer may decide.

32. The Commissioner may enter into such other arrangements with the Railways and Harbours Administration as he may deem necessary in respect of the handling of goods in terms of regulations Nos. 19 to 31.

33. Every agent, railway official or other person discharging and delivering goods shall, within a period of fourteen days from the date on which such discharge commences, or within such further period as the proper officer may allow, furnish to the proper officer a statement with particulars of the packages reported in terms of section *twenty-two* of the Act but short-landed, and of the packages landed but not so reported, and shall, before the expiration of the said period of fourteen days or such further period as has been allowed by the proper officer, deliver all goods landed but not reported, as well as all goods in respect of which due entry has not been made, to the State Warehouse or such other place as may be approved by the proper officer.

Goods Unshipped, Discharged or Brought or Washed Ashore from Wrecked or Distressed Ships or Aircraft.

34. The person in control of goods recovered from wrecked or distressed ships or aircraft shall compile a list, in duplicate, of such goods. The list shall contain such particulars thereof as the proper officer may require, and the said person shall declare in writing that the contents of such list are true and correct. If the goods are not immediately cleared by entry and payment of the duties after examination, the said person shall remove them to a warehouse, shed or other place approved by the proper officer at the nearest port. The said person shall also furnish a bond in the form approved by the Commissioner, and for a sum to the satisfaction of the Commissioner, to cover the duty on such goods and to ensure compliance with the customs requirements in respect of the goods. If the importation of any such goods is prohibited, they shall be liable to forfeiture unless they are immediately warehoused for exportation or have been dealt with in some other manner as directed by the Commissioner.

35. The lists compiled in terms of regulation No. 34 shall be handed by the person who compiles them to the nearest officer who shall retain one copy and transmit the other to the proper officer at the nearest port together with a statement regarding the manner of disposal of the goods concerned.

28. In alle gevalle waar goedere in die ope lug geplaas word, is die voorwaardes met betrekking tot opstapeling, soos in regulasie No. 21 bepaal, van toepassing.

29. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies vervat, kan goedere regstreeks uit 'n skip of lugvaartuig op voertuie gelaai word om onmiddellik na hul bestemming vervoer te word, maar slegs nadat toestemming daartoe van die bevoegde amptenaar in beheer van die loods of plek waar die goedere afgelaai word, of van die Senior Buitebeampte op diens, verkry is, en dan slegs op voorwaarde dat die goedere op so 'n wyse op die voertuie geplaas word dat hulle geredelik nagegaan kan word.

30. Die aflewering van goedere van die dokterrein of vliegveld, voordat die aflaai van die skip of lugvaartuig ingevolge hierdie regulasies voltooi is, sal toegelaat word, mits die doeanelandings-en-afleweringsbrief, wat bewys dat die goedere behoorlik ingeklaar is, deur die bevoegde amptenaar, spoorwegbeampte of ander persoon in beheer van die loods ontvang is, en ook mits die Departement die goedere nie vir ondersoek nodig het nie. Alle aflewerings is egter aan die bepalings van regulasie No. 31 onderworpe.

31. (*a*) Niemand mag goedere, wat van 'n skip of lugvaartuig afgelaai is, van 'n deurvoerloods, kaai of ander goedgekeurde plek aflewer voordat hy aan die bevoegde amptenaar, spoorwegbeampte of ander persoon in beheer van so 'n loods, kaai of ander plek, 'n afskrif van sy afleweringsbrief, geëndosseer met die ooreenstemmende nommer en datum van die betrokke doeanelandings-en-afleweringsbrief, voorgelê het nie. Ingeval sowel die landings- as die afsendingswerk deur die Spoorweg-en-Hawensadministrasie verrig word, moet die spoorwegbrief, laaibrief of ander gelykwaardige dokument, wat insgelyks met die nommer en datum van die betrokke doeane-afleweringsbrief geëndosseer moet wees, aan genoemde bevoegde amptenaar, spoorwegbeampte of ander persoon oorhandig word.

(*b*) Indien goedere in stryd met die bepalings van paragraaf (*a*) afgelewer is, moet hulle, indien die bevoegde amptenaar dit verlang, op koste van die gesagvoerder of loods, na gelang van die geval, na die plek vanwaar hulle aldus afgelewer is, teruggebring word, of na sodanige ander plek as wat die bevoegde amptenaar mag besluit, gebring word.

32. Die Kommissaris kan met die Spoorweg-en-Hawensadministrasie sodanige ander reëlings tref as wat hy nodig mag ag ten opsigte van die hantering van goedere ingevolge regulasies Nos. 19 tot 31.

33. Elke agent, spoorwegbeampte of ander persoon wat goedere aflaai en aflewer, moet, binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum waarop sodanige aflaai begin, of binne sodanige verdere tydperk as wat die bevoegde amptenaar mag toelaat, aan die bevoegde amptenaar 'n opgawe verstrek met besonderhede van die pakke wat ingevolge artikel *twee-en-twintig* van die Wet gerapporteer is maar wat by aflaai vermis was, en van die pakke wat afgelaai maar nie aldus gerapporteer is nie, en moet, voor verstryking van genoemde tydperk van veertien dae of sodanige verdere tydperk as wat deur die bevoegde amptenaar toegelaat is, al die goedere wat afgelaai maar nie gerapporteer is nie, asook alle goedere ten opsigte waarvan behoorlike inklaring nie gedoen is nie, aan die Staatspakhuis of sodanige ander plek as wat die bevoegde amptenaar mag goedkeur, aflewer.

Goedere wat uit skepe of lugvaartuie wat verongeluk het of in nood verkeer, ontskeep, afgelaai, of aan wal gebring is, of uitgespoel het.

34. Die persoon in beheer van goedere wat herwin is uit skepe of lugvaartuie wat verongeluk het of in nood verkeer, moet 'n lys van sodanige goedere in duplo opstel. Die lys moet sodanige besonderhede daarvan bevat as wat die bevoegde amptenaar mag verlang, en genoemde persoon moet skriftelik verklaar dat die inhoud van so 'n lys juis en waar is. Indien die goedere na ondersoek nie onmiddellik deur inklaring en betaling van die regte geklaar word nie, moet genoemde persoon hulle na 'n pakhuis, loods of ander plek neem wat deur die bevoegde amptenaar by die naaste hawe goedgekeur is. Genoemde persoon moet ook 'n waarborg verskaf in die vorm deur die Kommissaris goedgekeur, en vir 'n bedrag tot tevredenheid van die Kommissaris, om die regte op sodanige goedere te dek en om te verseker dat die doeanevereistes ten opsigte van die goedere nagekom word. Indien die invoer van sodanige goedere belet word, kan hulle verbeurd verklaar word, tensy hulle onmiddellik vir uitvoer opgeberg word of op 'n ander wyse, volgens opdrag van die Kommissaris, daarmee gehandel is.

35. Die lyste opgestel ingevolge regulasie No. 34 moet deur die persoon wat hulle opgestel het, oorhandig word aan die naaste amptenaar wat een afskrif moet behou en die ander aan die bevoegde amptenaar by die naaste hawe moet stuur, tesame met 'n verklaring aangaande die wyse waarop daar oor die betrokke goedere beskik is.

Goods Deposited or to be Deposited in a Bonded Warehouse.

36. Goods which have been entered for warehousing in a bonded warehouse (except packages which are leaking, or of which the whole or part of the contents is missing, or which are in an otherwise damaged condition) shall be conveyed to the warehouse without delay and there deposited. Such goods shall be conveyed to the warehouse only by the Railways and Harbours Administration or by a person who has given security in terms of section *one hundred and fifty-nine* of the Act.

37. Packages which have been entered for warehousing in a bonded warehouse but which are leaking, or of which the whole or part of the contents is missing, or which are in an otherwise damaged condition, shall not, except with the prior permission of the proper officer and subject to such conditions as he may impose, be removed to the warehouse but shall be retained by the Railways and Harbours Administration or other landing agent concerned, in a place of security approved by the proper officer, until their removal has been authorised by the said officer.

38. The proprietor or occupier of a bonded warehouse shall not cause or permit any goods to be delivered from the warehouse until he is in possession of a relative bill of entry, in the prescribed form, signed by the proper officer, and the person entering any goods for delivery from a bonded warehouse shall do so on the prescribed forms, with as many duplicates, and containing such particulars, as the proper officer may require.

39. When the proper officer has authorised the removal of any goods from a bonded warehouse, the proprietor or occupier of the warehouse shall cause such goods to be so removed immediately, unless the special permission of the proper officer has been obtained for their retention, but for any retention exceeding a period of seven days the permission of the Commissioner shall be obtained.

40. The proprietor or occupier of a bonded warehouse shall be entirely responsible to the owner of any goods deposited in his warehouse for the safety or proper delivery of such goods, and any delivery in terms of a customs order or other customs document shall not impose any liability whatever upon the State.

41. The proprietor or occupier of a bonded warehouse shall not allow any goods of a dangerous or inconvenient nature to be stored in such warehouse if it has been approved for general merchandise, and the proprietor or occupier of a warehouse which has been approved for a particular class of goods shall not allow any other goods to be deposited therein.

42. All goods in a bonded warehouse shall be so arranged and marked that they will be easily accessible for inspection and that each consignment and the particulars thereof can readily be ascertained and checked.

43. Goods deposited in a bonded warehouse may at any time be examined by the proper officer or by any officer acting under his direction, and the proprietor or occupier of the warehouse, or his representative, shall be present during such examination.

44. Goods deposited in a bonded warehouse shall not be examined, nor the packages opened or altered in any way, except with the written permission of the proper officer and in the presence of an officer, unless immediate action for the safety of the goods is necessary, in which case the proprietor or occupier shall immediately notify the nearest available officer.

45. If the security for the duty is at any time in the opinion of the proper officer not sufficient in regard to any bonded warehouse in which goods are deposited, he may at the risk and expense of the owner of such goods cause them to be immediately removed and deposited in another warehouse or place approved by him. Alternatively, the said owner may forthwith pay the duty on the goods.

46. (1) The proprietor or occupier of a bonded warehouse shall keep at the warehouse, in a place accessible to the proper officer, a register containing a record of all receipts into and deliveries from the warehouse, with such particulars as will make it possible for all such receipts and deliveries to be readily identified with the goods warehoused, and with clear references to the relative customs bills of entry passed in connection therewith.

(2) The proprietor or occupier of a bonded warehouse shall display in a prominent position in the warehouse a copy of regulations Nos. 36 to 46 inclusive.

Goedere wat in 'n doeanepakhuis geplaas is of moet word.

36. Goedere wat vir opberging in 'n doeanepakhuis ingeklaar is (uitgesonderd pakke wat lek, of waaruit die hele of 'n gedeelte van die inhoud vermis word, of wat in 'n andersins beskadigde toestand is) moet sonder versuim na die pakhuis gebring en daarin geplaas word. Sodanige goedere mag slegs deur die Spoorweg-en-Hawensadministrasie, of 'n persoon wat ingevolge artikel *eenhonderd nege-en-vyftig* van die Wet, sekerheid gestel het, na die pakhuis gebring word.

37. Pakke wat vir opberging in 'n doeanepakhuis ingeklaar is, maar wat lek, of waaruit die hele of 'n gedeelte van die inhoud vermis word, of wat in 'n andersins beskadigde toestand is, mag nie, behalwe met die voorafgaande toestemming van die bevoegde amptenaar en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag oplê, na die pakhuis verwyder word nie maar moet deur die Spoorweg-en-Hawensadministrasie of ander betrokke landingsagent teruggehou word in 'n bewaringsplek deur die bevoegde amptenaar goedgekeur, totdat die verwydering daarvan deur genoemde amptenaar gemagtig is.

38. Die eienaar of okkupeerder van 'n doeanepakhuis mag nie goedere uit die pakhuis laat aflewer of toelaat dat hulle daaruit afgelewer word nie voordat hy in besit is van 'n toepaslike inklaringsbrief, in die voorgeskrewe vorm, onderteken deur die bevoegde amptenaar, en die persoon wat goedere vir aflewering uit 'n doeanepakhuis inklaar, moet dit op die voorgeskrewe vorms doen, met soveel duplikate en met sodanige besonderhede as wat die bevoegde amptenaar mag verlang.

39. Wanneer die bevoegde amptenaar die verwydering van enige goedere uit 'n doeanepakhuis gemagtig het, moet die eienaar of okkupeerder van die pakhuis sodanige goedere onmiddellik aldus laat verwyder, tensy die spesiale toestemming van die bevoegde amptenaar verkry is om hulle terug te hou maar vir terughouding vir enige tydperk van meer as sewe dae moet die toestemming van die Kommissaris verkry word.

40. Die eienaar of okkupeerder van 'n doeanepakhuis is geheel en al aan die eienaar van goedere wat in sy pakhuis geplaas is, vir die veiligheid of behoorlike aflewering van sodanige goedere verantwoordelik, en aflewering ingevolge 'n doeanebrief of ander doeanedokument lê hoegenaamd geen aanspreeklikheid op die Staat nie.

41. Die eienaar of okkupeerder van 'n doeanepakhuis mag nie toelaat dat goedere van 'n gevaarlike of lastige aard in so 'n pakhuis, as dit vir algemene handelsware goedgekeur is, opgeberg word nie, en die eienaar of okkupeerder van 'n pakhuis wat vir 'n besondere klas goedere goedgekeur is, mag nie toelaat dat enige ander goedere daarin geplaas word nie.

42. Alle goedere in 'n doeanepakhuis moet op so 'n wyse gerangskik en gemerk word dat hulle maklik vir ondersoek bereikbaar sal wees en dat elke besending en die besonderhede daarvan geredelik vasgestel en nagegaan kan word.

43. Goedere wat in 'n doeanepakhuis geplaas is, kan te eniger tyd deur die bevoegde amptenaar, of deur 'n amptenaar wat in opdrag van laasgenoemde handel, ondersoek word, en die eienaar of okkupeerder van die pakhuis, of sy verteenwoordiger, moet gedurende so 'n ondersoek teenwoordig wees.

44. Goedere wat in 'n doeanepakhuis geplaas is, mag nie ondersoek, of die pakke oopgemaak of op enige wyse verander word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die bevoegde amptenaar en in die teenwoordigheid van 'n amptenaar, tensy onmiddellike optrede vir die veiligheid van die goedere nodig is, in watter geval die eienaar of okkupeerder die naaste beskikbare amptenaar onmiddellik in kennis moet stel.

45. Indien die sekerheidstelling vir die regte te eniger tyd na die mening van die bevoegde amptenaar nie voldoende is nie met betrekking tot 'n doeanepakhuis waarin goedere opgeberg word, kan hy, op risiko en koste van die eienaar van die goedere, daardie goedere onmiddellik na 'n ander pakhuis of plek wat deur hom goedgekeur is, laat verwyder en daarin laat plaas. Anders kan genoemde eienaar die regte op die goedere dadelik betaal.

46. (1) Die eienaar of okkupeerder van 'n doeanepakhuis moet by die pakhuis, op 'n plek wat vir die bevoegde amptenaar toeganklik is, 'n register hou wat 'n rekord van alle ontvangste in en aflewerings uit die pakhuis bevat, met sodanige besonderhede as wat dit moontlik sal maak om alle sodanige ontvangste en aflewerings geredelik met die opgebergde goedere te identifiseer, en met duidelike verwysings na die betrokke doeane-inklaringsbriewe wat in verband daarmee ingedien is.

(2) Die eienaar of okkupeerder van 'n doeanepakhuis moet op 'n in die ooglopende plek in die pakhuis 'n afskrif van regulasies Nos. 36 tot en met 46 vertoon.

Removal of Warehoused Goods.

47. No warehoused goods shall be entered for removal or be removed from any warehousing port without prior payment of the duty, except—

(*a*) to another warehousing port; or

(*b*) for export, as ship's or aircraft stores or otherwise.

48. Regulations Nos. 67 to 69 shall apply to all removals for any purpose from a bonded warehouse.

49. If goods which have been entered for warehousing at the place of importation are required for immediate removal from that place before they have been deposited in the warehouse, they may be treated and entered for removal as if they had been so deposited.

Export of Goods in Bond from Bonded Warehouse.

50. In the case of goods entered for export from a bonded warehouse the exporter shall, if required to do so by the proper officer, deliver the goods, for the purposes of examination, to an examination shed or searcher's office indicated by that officer, and the said exporter shall ensure that the goods are accompanied by a duplicate of the relative customs export bill of entry or by a wagon or consignment note, made out by him, furnishing full particulars of the goods as well as the number and date of the said bill of entry.

51. In the case of goods exported in bond by sea or air the exporter or his agent shall obtain on a duplicate of the bill of entry a receipt signed by an officer of the ship or aircraft, as the case may be, to the effect that the goods have been received on board the ship or aircraft. Such receipt shall be handed to the proper officer within one working day after the departure of the ship or aircraft. The exporter or his agent shall also hand to the agent of the ship or aircraft, prior to the departure thereof, a second duplicate of the bill of entry, and such second duplicate shall later be attached by the said agent to the clearance papers of the ship or aircraft. In the case of goods exported overland the exporter or his agent shall to the satisfaction of the proper officer produce proof of the arrival of the goods in the country of destination or at some other place outside the Republic.

52. Any officer may at any time examine the books and documents of the exporter with a view to obtaining proof that the goods have been duly exported, and the exporter shall allow his books and documents to be examined for such purpose.

53. If any goods entered for export in bond, or any portion of any such goods, are not shipped or despatched, the exporter shall immediately report the facts to the proper officer, and, if such exporter is called upon to do so by the said officer, he shall forthwith pay the duty on such goods and shall also, if required to do so, produce the goods for examination by that officer.

Shipment of Stores in Bond from Bonded Warehouse.

54. No person shall cause or permit any goods to be removed from a bonded warehouse in order to be placed on board any ship or aircraft as stores until a relative application in the prescribed form has been made to and granted by the proper officer.

55. The time of removal of the stores from the warehouse shall be such as to ensure that the said stores are placed on board the ship or aircraft on the same day as they are so removed, and then only, except with the special permission of the proper officer, between the hours of 8 a.m. and 5 p.m. from Monday to Friday and between 8 a.m. and 12 noon on Saturday.

56. The stores shall be conveyed direct from the warehouse to the ship or aircraft, unless the proper officer requires them to be delivered to him for examination prior to shipment, in which case they shall be so delivered without delay.

57. The stores shall be kept separate from any goods conveyed on the same vehicle and shall be accompanied by the original or a duplicate of the application mentioned in regulation No. 54, or by a wagon or consignment note, made out by the person who removes the stores from the warehouse, furnishing full particulars of the stores as well as a reference to the said application. Unless the stores are conveyed by the actual shipper or his employee, they shall be carried only by the Railways and Harbours Administration or a person who has given security in terms of section *one hundred and fifty-nine* of the Act.

Verwydering van opgebergde goedere.

47. Geen opgebergde goedere mag, sonder voorafgaande betaling van die regte, ingeklaar word vir verwydering of verwyder word uit enige opbergingshawe nie, behalwe—

(*a*) na 'n ander opbergingshawe; of
(*b*) vir uitvoer, as skeeps- of lugvaartuigvoorrade of andersins.

48. Regulasies Nos. 67 tot 69 is van toepassing op alle verwyderings vir enige doel uit 'n doeanepakhuis.

49. Indien goedere wat by die invoerplek vir opberging ingeklaar is, vir onmiddellike verwydering uit daardie plek nodig is nog voordat hulle in die pakhuis geplaas is, kan hulle behandel en vir verwydering ingeklaar word asof hulle daarin geplaas was.

Uitvoer van goedere in entrepot uit doeanepakhuis.

50. In die geval van goedere wat vir uitvoer uit 'n doeanepakhuis ingeklaar word, moet die uitvoerder, indien die bevoegde amptenaar dit verlang, die goedere vir ondersoekdoeleindes aan 'n ondersoekloods of visenteerkantoor wat deur daardie amptenaar aangewys is, lewer, en genoemde uitvoerder moet verseker dat die goedere vergesel gaan van 'n duplikaat van die betrokke doeane-uitvoerinklaringsbrief of van 'n wa- of vragbrief, deur hom ingevul, wat volle besonderhede van die goedere, asook die nommer en datum van genoemde inklaringsbrief, verstrek.

51. In die geval van goedere per see of lug in entrepot uitgevoer, moet die uitvoerder of sy agent op 'n duplikaat van die inklaringsbrief 'n ontvangsbewys kry, onderteken deur 'n offisier van die skip of lugvaartuig, na gelang van die geval, ten effekte dat die goedere aan boord van die skip of lugvaartuig ontvang is. Sodanige ontvangsbewys moet binne een werkdag na die vertrek van die skip of lugvaartuig aan die bevoegde amptenaar oorhandig word. Die uitvoerder of sy agent moet ook, voordat die skip of lugvaartuig vertrek, aan die agent daarvan 'n tweede duplikaat van die inklaringsbrief oorhandig, en sodanige tweede duplikaat moet later deur genoemde agent aan die klaringstukke van die skip of lugvaartuig geheg word. In die geval van goedere wat oorland uitgevoer word, moet die uitvoerder of sy agent tot tevredenheid van die bevoegde amptenaar, bewys lewer dat die goedere in die land van bestemming of by 'n ander plek buite die Republiek aangekom het.

52. Enige amptenaar kan te eniger tyd die boeke en dokumente van die uitvoerder ondersoek met die doel om bewys te verkry dat die goedere wel uitgevoer is, en die uitvoerder moet toelaat dat sy boeke en dokumente vir daardie doel ondersoek word.

53. Indien goedere wat vir uitvoer in entrepot ingeklaar is, of 'n gedeelte van sodanige goedere, nie verskeep of versend word nie, moet die uitvoerder die feite onmiddellik aan die bevoegde amptenaar rapporteer en, indien sodanige uitvoerder deur genoemde amptenaar daartoe aangesê word, moet hy dadelik die regte op sodanige goedere betaal en moet ook, indien dit verlang word, die goedere vir ondersoek deur daardie amptenaar beskikbaar stel.

Verskeping van voorrade in entrepot uit doeanepakhuis.

54. Niemand mag goedere uit 'n doeanepakhuis laat verwyder of toelaat dat hulle daaruit verwyder word om as voorrade op enige skip of lugvaartuig geplaas te word, voordat 'n toepaslike aansoek in die voorgeskrewe vorm aan die bevoegde amptenaar gedoen en deur hom toegestaan is nie.

55. Die tyd van verwydering van die voorrade uit die pakhuis moet sodanig wees dat verseker word dat genoemde voorrade op dieselfde dag waarop hulle aldus verwyder word, aan boord van die skip of lugvaartuig geplaas word, en wel, behalwe met die spesiale toestemming van die bevoegde amptenaar, tussen die ure 8 vm. en 5 nm. van Maandag tot Vrydag en tussen 8 vm. en 12 middag op Saterdag.

56. Die voorrade moet regstreeks van die pakhuis na die skip of lugvaartuig gebring word, tensy die bevoegde amptenaar verlang dat hulle aan hom gelewer word om voor verskeping ondersoek te word, in watter geval hulle sonder versuim aldus gelewer moet word.

57. Die voorrade moet van ander goedere wat op dieselfde voertuig vervoer word, afgesonder gehou word, en moet vergesel gaan van die oorspronklike of 'n duplikaat van die aansoek genoem in regulasie No. 54, of van 'n wa- of vragbrief, ingevul deur die persoon wat die voorrade uit die pakhuis verwyder, wat volle besonderhede van die voorrade, asook 'n verwysing na genoemde aansoek, verstrek. Tensy die voorrade deur die werklike verskeper of sy werknemer vervoer word, moet hulle slegs deur die Spoorweg-en-Hawensadministrasie, of 'n persoon wat sekerheid ingevolge artikel *honderd nege-en-vyftig* van die Wet gestel het, vervoer word.

58. The quantity of stores of each kind shipped shall be governed by the number of the crew and passengers and by the period the ship or aircraft is likely to be on its intended voyage or journey. The proper officer shall decide what quantities are reasonable and may allow shipment accordingly.

59. The remover of the stores from the warehouse, or his agent, shall obtain on a duplicate of the application a receipt signed by an officer of the ship or aircraft to the effect that the stores have been received on board, and such receipt shall be handed to the proper officer before the departure of the ship or aircraft.

60. An officer may at any time examine the books and documents of the remover of the stores from the warehouse with a view to obtaining proof that the stores have been duly shipped, and the said remover shall allow his books and documents to be examined for such purpose.

61. If any stores removed from a bonded warehouse for shipment as ship's or aircraft stores, or any portion of such stores, are not shipped, the remover of the stores from the warehouse shall immediately report the facts to the proper officer, and, if such remover is called upon to do so by the said officer, he shall forthwith pay the duty on such stores and shall also, if required to do so, produce the stores for examination by that officer.

62. The master of a ship or the pilot of an aircraft, as the case may be, shall produce any stores on board his ship or aircraft whenever and wherever he is required to do so by a proper officer, and shall allow such stores to be placed under seal. He shall also forthwith pay the duty on any stores which have been shipped from a bonded warehouse in the Republic and which have been consumed while the ship or aircraft has been at any place in the Republic.

Goods in Transit.

63. Goods which are intended for transhipment or for removal to approved places in or outside the Republic and which importers or agents may desire to remove from the port or place of importation without examination or the production of invoices, shall be entered for transhipment or removal, as the case may be, on the prescribed forms and with as many duplicates as the proper officer may require.

64. In respect of goods removed overland to places outside the Republic the person who entered the goods at the port or place of importation shall to the satisfaction of the proper officer produce proof of their arrival in the country of destination or at some other place outside the Republic, and, in the case of goods conveyed overseas, such person shall produce, as evidence of due exportation, a receipt signed by an officer of the ship or aircraft in which the goods were so conveyed, or such other evidence as the proper officer may require.

65. Goods may be transhipped or removed in terms of regulations Nos. 63 and 64 only at or from places where a branch office of the Department has been established.

66. The only places in the Republic to which goods may be removed without examination or the production of invoices at the port or place of importation are those enumerated in paragraph 7 of the First Schedule hereto

67. The consignee of goods removed in bond to approved places in the Republic shall not take delivery of such goods at the place of destination until he has duly entered the goods at the Custom House at that place, on the prescribed forms and with as many duplicates as the proper officer may require, and has obtained the written authority of the said officer for such delivery. The said consignee shall also submit to the proper officer all such invoices and documents relating to the goods as that officer may require, and may examine the goods in the presence of an officer. If entry of the goods at the place of destination is not made within seven days of the arrival of the goods at that place, or within such further period as the proper officer may allow, the Railways and Harbours Administration or other person having custody of the goods shall forthwith deliver them to the State Warehouse or other place approved by the proper officer.

68. An importer or agent who desires to deal with goods in terms of regulations Nos. 63 to 66 shall enter into a bond, in a form approved by the Commissioner and with security to the Commissioner's satisfaction, for the due observance of the said regulations and compliance with any other relative customs laws or regulations.

58. Die hoeveelheid voorrade van elke soort wat verskeep word, moet volgens die getalsterkte van die bemanning en passasiers en na gelang van die waarskynlike duur van die voorgenome vaart of reis van die skip of lugvaartuig bepaal word. Die bevoegde amptenaar moet besluit watter hoeveelhede redelik is en kan verskeping dienoereenkomstig toelaat.

59. Die persoon wat die voorrade uit die pakhuis verwyder, of sy agent, moet op 'n duplikaat van die aansoek 'n ontvangsbewys, onderteken deur 'n offisier van die skip of lugvaartuig, verkry, ten effekte dat die voorrade aan boord ontvang is, en sodanige ontvangsbewys moet voor die vertrek van die skip of lugvaartuig aan die bevoegde amptenaar oorhandig word.

60. 'n Amptenaar kan te eniger tyd die boeke en dokumente van die persoon wat die voorrade uit die pakhuis verwyder het, ondersoek met die doel om bewys te verkry dat die voorrade wel verskeep is, en genoemde persoon moet toelaat dat sy boeke en dokumente vir daardie doel ondersoek word.

61. Indien voorrade wat uit 'n doeanepakhuis vir verskeping as skeeps- of lugvaartuigvoorrade verwyder is, of 'n gedeelte van sodanige voorrade, nie verskeep word nie, moet die persoon wat die voorrade uit die pakhuis verwyder, die feite onmiddellik aan die bevoegde amptenaar rapporteer en, indien sodanige persoon deur genoemde amptenaar daartoe aangesê word, moet hy dadelik die regte op sodanige voorrade betaal en moet ook, indien dit verlang word, die voorrade vir ondersoek deur daardie amptenaar beskikbaar stel.

62. Die gesagvoerder van 'n skip of die loods van 'n lugvaartuig, na gelang van die geval, moet voorrade wat op sy skip of lugvaartuig is, beskikbaar stel wanneer en waar ook al 'n bevoegde amptenaar dit verlang, en moet toelaat dat sodanige voorrade onder seël geplaas word. Hy moet ook die regte op voorrade wat uit 'n doeanepakhuis in die Republiek verskeep is en wat verbruik is terwyl die skip of lugvaartuig by enige plek in die Republiek was, dadelik betaal.

Goedere in transito.

63. Goedere wat vir oorskeping of vir verwydering na goedgekeurde plekke in of buite die Republiek bestem is en wat invoerders of agente miskien sonder ondersoek of die voorlê van fakture van die hawe of plek van invoer af wil verwyder, moet vir oorskeping of verwydering, na gelang van die geval, op die voorgeskrewe vorms en met soveel duplikate as wat die bevoegde amptenaar mag verlang, ingeklaar word.

64. Ten opsigte van goedere wat na plekke buite die Republiek oorland verwyder is, moet die persoon wat die goedere by die hawe of plek van invoer ingeklaar het, tot tevredenheid van die bevoegde amptenaar bewys lewer dat die goedere in die land van bestemming of by 'n ander plek buite die Republiek aangekom het, en, in die geval van goedere oorsee vervoer, moet daardie persoon 'n ontvangsbewys, onderteken deur 'n offisier van die skip of lugvaartuig waarop die goedere aldus vervoer is, of sodanige ander bewys as wat die bevoegde amptenaar mag verlang, voorlê as bewys dat die goedere wel uitgevoer is.

65. Goedere mag slegs by of van plekke waar daar 'n takkantoor van die Departement gevestig is, ingevolge regulasies Nos. 63 en 64 oorgeskeep of verwyder word.

66. Die enigste plekke in die Republiek waarheen goedere, sonder ondersoek of die voorlegging van fakture by die hawe of plek van invoer verwyder mag word, is dié wat in paragraaf 7 van die Eerste Bylae hiervan aangegee word.

67. Die geadresseerde van goedere wat onder waarborg na goedgekeurde plekke in die Republiek verwyder is, mag nie sodanige goedere by die bestemmingsplek in ontvangs neem nie voordat hy die goedere by die doeanekantoor by daardie plek, op die voorgeskrewe vorms en met soveel duplikate as wat die bevoegde amptenaar mag verlang, behoorlik ingeklaar het en die skriftelike magtiging van daardie amptenaar vir sodanige ontvangs verkry het. Genoemde geadresseerde moet ook aan die bevoegde amptenaar alle sodanige fakture en dokumente met betrekking tot die goedere as wat daardie amptenaar mag verlang, voorlê, en kan die goedere in die teenwoordigheid van 'n amptenaar ondersoek. Indien die goedere nie binne sewe dae na hulle aankoms, of binne sodanige verdere tydperk as wat die bevoegde amptenaar mag toelaat, by die plek van bestemming ingeklaar is nie, moet die Spoorweg-en-Haweadministrasie, of ander persoon wat die goedere in bewaring het, hulle dadelik aan die Staatspakhuis of by 'n ander plek wat deur die bevoegde amptenaar goedgekeur is, aflewer.

68. 'n Invoerder of agent wat met goedere ingevolge regulasies Nos. 63 tot 66 wil handel, moet 'n borgakte aangaan in 'n vorm deur die Kommissaris goedgekeur en met sekerheid tot tevredenheid van die Kommissaris vir die behoorlike nakoming van genoemde regulasies en voldoening aan enige ander betrokke doeanewette of regulasies.

69. Any person removing goods in bond to a place in the Republic shall consign the goods care of the Collector of Customs and Excise at that place and shall conspicuously mark the consignment note with the words " in bond ".

The Railways and Harbours Administration or other carrier shall advise its officials or agents at the place of destination that the goods are in bond and shall not deliver the goods to the actual consignee without the written authority of the proper officer.

(NOTE.—Regulations Nos. 67 to 69 also apply to all removals from one bonded warehouse to another in the Republic. See regulation No. 48.)

70. All cattle from the Federation of Rhodesia and Nyasaland in transit through the Republic for export overseas shall be conveyed by rail in sealed trucks direct to the port of shipment where they shall—

(*a*) immediately be placed on board the exporting vessel; or

(*b*) pending shipment, be removed to a place approved by the Commissioner; or

(*c*) be conveyed direct to an abattoir and there slaughtered, under the supervision of a duly appointed officer, for immediate export of the beef and other edible portions of the carcass or for removal thereof to a bonded warehouse for subsequent export under such conditions as the proper officer may approve for the purposes of security and identification.

71. Beef in transit from the Federation of Rhodesia and Nyasaland shall be conveyed by rail in sealed trucks direct from the sending station in the Federation of Rhodesia and Nyasaland to the port of export in the Republic, and, after having been entered at the customs for warehousing in bond shall either be immediately placed on board the exporting vessel, or pending shipment, be stored in a bonded warehouse for subsequent export under such conditions as the proper officer may approve for the purposes of security and identification.

72. The Railway and Harbours Administration shall not release for disposal in terms of regulations Nos. 70 and 71 any such cattle and beef, except on an order issued by the proper officer at the port of export.

Examination of Goods.

73. Every importer, exporter or agent shall, whenever required to do so by the proper officer, convey without delay any packages selected for examination to the place approved for such examination and shall ensure that such packages are opened and ready for examination within three days of the arrival of the goods at the place of examination. He shall repack the goods as soon as they have been examined and shall remove them within two days of their release by the proper officer. If he does not ensure that the packages are opened within the time aforementioned or does not so repack and remove the goods, they shall be regarded as having been removed to the State Warehouse, and rent at the prescribed rates shall be payable thereon from the date of deposit in the place of examination. The conveyance of goods for the purposes of this regulation shall, except when such goods are conveyed by the Railways and Harbours Administration, be undertaken only by a person who has entered into a bond, in a form approved by the Commissioner and with security to the Commissioner's satisfaction, that he will duly observe all the relative regulations and all the conditions laid down by the Commissioner.

Importations Overland via the Province of Mozambique and Angola.

74. For the convenience of importers South African customs officers are stationed at Lourenco Marques so that goods imported from or through the Province of Mozambique may be duly entered for South African customs purposes at that place. The forms prescribed by these regulations for due entry in South Africa shall be used, and, in all cases where due entry has been made before the Collector of South African Customs at Lourenco Marques, the carrier, if a person other than the Railways and Harbours Administration, shall not deliver the goods concerned to the consignee in South Africa unless the said carrier has received a certified copy of the relative bill of entry or a customs delivery order together with the goods.

75. (1) In all cases where due entry for South African customs purposes has not been made before the Collector of South African Customs at Lourenço Marques, goods imported from or through the Province of Mozambique may be forwarded only to the places enumerated in paragraph 7 of the First Schedule hereto, and the Railways and Harbours

69. Enigeen wat goedere onder waarborg na 'n plek in die Republiek verwyder, moet die goedere per adres die Ontvanger van Doeane en Aksyns by daardie plek versend en moet op die vragbrief, op opvallende wyse, die woorde „ onder waarborg " aanbring.

Die Spoorweg-en-Hawensadministrasie of ander karweier moet sy beamptes of agente by die plek van bestemming in kennis stel dat die goedere onder waarborg is, en mag die goedere nie sonder die skriftelike magtiging van die bevoegde amptenaar aan die werklike geadresseerde aflewer nie.

(OPMERKING.—Regulasies Nos. 67 tot 69 is ook van toepassing op alle verwyderings van een doeanepakhuis na 'n ander in die Republiek. Sien regulasie No. 48.)

70. Alle beeste uit die Federasie van Rhodesië en Njassaland in transito deur die Republiek vir uitvoer na oorsee moet per spoor in verseëlde trokke regstreeks na die hawe van verskeping vervoer word, waar hulle—

(*a*) onmiddellik aan boord van die uitvoerskip geplaas moet word; of

(*b*) in afwagting van verskeping na 'n plek wat deur die Kommissaris goedgekeur is, verwyder moet word; of

(*c*) regstreeks na 'n abattoir gebring en daar geslag moet word, onder die toesig van 'n behoorlik aangestelde beampte vir onmiddellike uitvoer van die beesvleis en ander eetbare gedeeltes van die karkas of vir verwydering daarvan na 'n doeanepakhuis vir latere uitvoer onder sodanige voorwaardes as wat die bevoegde amptenaar vir sekerheids- en identifikasiedoeleindes mag goedkeur.

71. Beesvleis in transito vanaf die Federasie van Rhodesië en Njassaland moet per spoor in verseëlde trokke regstreeks van die versendingstasie in die Federasie van Rhodesië en Njassaland na die uitvoerhawe in die Republiek vervoer word, en, nadat dit by die doeane vir opberging in entrepot ingeklaar is, moet dit òf onmiddellik aan boord van die uitvoerskip geplaas word òf, in afwagting van verskeping, in 'n doeanepakhuis opgeberg word vir latere uitvoer onder sodanige voorwaardes as wat die bevoegde amptenaar vir sekerheids- en identifikasiedoeleindes mag goedkeur.

72. Die Spoorweg-en-Hawensadministrasie mag sulke beeste en beesvleis nie vir beskikking ingevolge regulasies Nos. 70 en 71, los nie, behalwe op 'n order uitgereik deur die bevoegde amptenaar by die uitvoerhawe.

Ondersoek van goedere.

73. Elke invoerder, uitvoerder of agent moet, wanneer die bevoegde amptenaar dit ook al verlang, pakke wat vir ondersoek uitgesoek is, sonder versuim na die plek wat vir sodanige ondersoek goedgekeur is, vervoer en moet sorg dat sulke pakke binne drie dae na die aankoms van die goedere by die plek van ondersoek oopgemaak en vir ondersoek gereed is. Sodra die goedere ondersoek is, moet hy hulle herverpak en binne twee dae nadat hulle deur die bevoegde amptenaar gelos is, verwyder. Indien hy nie sorg dat die pakke binne die voormelde tydperk oopgemaak word nie of die goedere nie aldus herverpak en verwyder nie, word geag dat hulle na die Staatspakhuis verwyder is, en huurgeld teen die voorgeskrewe tariewe is vanaf die datum waarop hulle in die plek van ondersoek geplaas is, daarop betaalbaar. Die vervoer van goedere vir die toepassing van hierdie regulasie moet, behalwe wanneer sodanige goedere deur die Spoorweg-en-Hawensadministrasie vervoer word, slegs onderneem word deur 'n persoon wat 'n borgakte aangegaan het, in 'n vorm deur die Kommissaris goedgekeur en met sekerheid tot tevredenheid van die Kommissaris, dat hy al die betrokke regulasies en al die voorwaardes wat deur die Kommissaris gestel is, behoorlik sal nakom.

Invoere oorland oor die provinsie Mosambiek en Angola.

74. Vir die gerief van invoerders is daar Suid-Afrikaanse doeaneamptenare te Lourenco Marques gestasioneer sodat goedere wat uit of deur die Provinsie Mosambiek ingevoer word, vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes op daardie plek behoorlik ingeklaar kan word. Die vorms wat deur hierdie regulasies vir behoorlike inklaring in Suid-Afrika voorgeskryf word, moet gebruik word, en in alle gevalle waar behoorlike inklaring voor die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane to Lourenco Marques gedoen is, mag die karweier, indien hy iemand anders as die Spoorweg-en- Hawensadministrasie is, nie die betrokke goedere aan die geadresseerde in Suid-Afrika aflewer nie, tensy genoemde karweier 'n gesertifiseerde afskrif van die betrokke inklaringsbrief of 'n doeane-afleweringsbrief saam met die goedere ontvang het.

75. (1) In alle gevalle waar behoorlike inklaring vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes nie voor die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques gedoen is nie, mag goedere ingevoer uit of deur die Provinsie Mosambiek slegs na die plekke in paragraaf 7 van die Eerste Bylae hiervan aangegee, aangestuur word, en die Spoorweg-en-Hawens-

Administration or other carrier shall, if so required, deliver any goods which have not been duly entered for South African customs purposes at Lourenço Marques, but which have been accepted for conveyance to a place other than one mentioned in paragraph 7 of the First Schedule hereto, to the proper officer under whose jurisdiction, as indicated by the Commissioner, such other place falls.

(2) In all cases where due entry for South African customs purposes has not been made, goods imported from or through Angola may be forwarded only to the places enumerated in paragraph 7 of the First Schedule hereto, and the Railways and Harbours Administration or other carrier shall, if so required, deliver any goods which have not been duly entered for South African customs purposes, but which have been accepted for conveyance to a place other than one mentioned in paragraph 7 of the First Schedule hereto, to the proper officer under whose jurisdiction, as indicated by the Commissioner, such other place falls.

76. Goods removed from Lourenco Marques to the Federation of Rhodesia and Nyasaland in transit through South Africa shall be despatched in bond. The remover shall deliver to the Collector of South African Customs at Lourenco Marques a bill of entry, in the prescribed form, for the removal of the goods in bond. All the particulars relating to the goods on which duty is leviable, shall be set forth in the said bill of entry. The remover shall in addition deposit with the Collector a sum sufficient to cover South African duties on the goods, and such sum shall be refunded to the said remover upon the production by him of proof that the goods have arrived in the country of destination and been entered there for customs purposes. The Commissioner may at his discretion accept a banker's guarantee in lieu of the said sum.

77. (1) In the case of goods brought from or through the Province of Mozambique into South Africa, the carrier of such goods shall not delay the delivery to the proper officer in South Africa of copies of advice notices or other documents relating to the goods if—

(*a*) due entry of the goods for South African customs purposes has not been made before the Collector of South African Customs at Lourenco Marques;

(*b*) due entry of the goods for South African customs purposes has been made before the Collector of South African Customs at Lourenco Marques and such carrier is a person other than the Railways and Harbours Administration.

(2) In the case of goods brought from or through Angola into South Africa, the Railways and Harbours Administration or other carrier, as the case may be, shall not delay the delivery to the proper officer in South Africa of copies of advice notes or other documents relating to such goods.

78. If due entry of goods brought from or through the Province of Mozambique into South Africa has not been made before the Collector of South African Customs at Lourenco Marques, the consignee shall within seven days of the arrival of the goods, or within such further period as the proper officer may allow, enter such goods for customs purposes on the prescribed forms before the proper officer indicated in regulation No. 75. Alternatively, the Railways and Harbours Administration or other carrier shall deliver the goods to the State Warehouse or other place approved by the proper officer.

79. When imported goods which have been released from customs control, or when goods of South African origin are loaded at any place in the Republic for removal via Lourenco Marques to another place in the Republic, the person who causes such goods to be so loaded shall complete a loading sufferance in the prescribed form and shall, in the case of goods re-entering the Republic at a coastal port, by earliest post forward a copy of the loading sufferance to the proper officer at that port. In the case of goods re-entering the Republic via Lourenco Marques, the copy of the loading sufferance shall be forwarded by earliest post to the Collector of South African Customs at Lourenco Marques. Unless this procedure is followed, the goods shall on their return be regarded as being imported or re-imported and liable to duty.

80. When dutiable goods are removed in bond from a place in the Republic to Lourenco Marques in transit to another place in the Republic, the person who causes such goods to be removed shall complete a bill of entry for removal in bond in the prescribed form and shall, in the case of goods re-entering the Republic at a coastal port, forward

administrasie of ander karweier moet, indien dit verlang word, goedere wat vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes nie te Lourenco Marques behoorlik ingeklaar is nie, maar wat vir vervoer na 'n ander plek as dié in paragraaf 7 van die Eerste Bylae hiervan gemeld, aangeneem is, aan die bevoegde amptenaar aflewer onder wie se jurisdiksie, soos deur die Kommissaris aangedui, sodanige ander plek ressorteer.

(2) In alle gevalle waar behoorlike inklaring vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes nie gedoen is nie, mag goedere ingevoer uit of deur Angola slegs na die plekke soos in paragraaf 7 van die Eerste Bylae hiervan aangegee, aangestuur word, en die Spoorweg-en-Hawensadministrasie of ander karweier moet, indien dit verlang word, goedere wat vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes nie behoorlik ingeklaar is nie, maar wat vir vervoer na 'n ander plek as dié in paragraaf 7 van die Eerste Bylae hiervan gemeld, aangeneem is, aan die bevoegde amptenaar aflewer onder wie se jurisdiksie, soos deur die Kommissaris aangedui, sodanige ander plek ressorteer.

76. Goedere wat uit Lourenco Marques na die Federasie van Rhodesië en Njassaland in transito deur Suid-Afrika verwyder word, moet onder waarborg versend word. Die persoon wat die goedere verwyder moet aan die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques 'n inklaringsbrief in die voorgeskrewe vorm vir die verwydering van die goedere onder waarborg lewer. Alle besonderhede met betrekking tot die goedere waarop regte hefbaar is, moet in genoemde inklaringsbrief uiteengesit word. Die persoon wat die goedere verwyder, moet daarbenewens 'n bedrag wat voldoende is om die Suid-Afrikaanse regte op die goedere te dek by die Ontvanger deponeer, en sodanige bedrag word aan genoemde persoon terugbetaal by die lewering van bewys deur hom dat die goedere in die land van bestemming aangekom het en aldaar vir doeanedoeleindes ingeklaar is. Die Kommissaris kan na goeddunke 'n bankierswaarborg in plaas van gemelde bedrag aanneem.

77. (1) In die geval van goedere wat uit of deur die Provinsie Mosambiek in Suid-Afrika ingebring word, moet die karweier van sodanige goedere nie die lewering aan die bevoegde amptenaar in Suid-Afrika van afskrifte van adviesbriewe of ander dokumente met betrekking tot die goedere vertraag indien—

(*a*) behoorlike inklaring van die goedere vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes nie voor die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques gedoen is nie;

(*b*) behoorlike inklaring van die goedere vir Suid-Afrikaanse doeanedoeleindes voor die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques gedoen is om sodanige karweier iemand anders as die Spoorweg-en-Hawensadministrasie is nie.

(2) In die geval van goedere wat uit of deur Angola in Suid-Afrika ingebring word, moet die Spoorweg-en-Hawensadministrasie of ander karweier, na gelang van die geval, nie die lewering aan die bevoegde amptenaar in Suid-Afrika van afskrifte van adviesbriewe of ander dokumente met betrekking tot sodanige goedere vertraag nie.

78. Indien behoorlike inklaring van goedere wat uit of deur die Provinsie Mosambiek in Suid-Afrika ingebring word nie voor die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques gedoen is nie, moet die geadresseerde sodanige goedere binne sewe dae na hul aankoms, of binne sodanige verdere tydperk as wat die bevoegde amptenaar mag toelaat, vir doeanedoeleindes op die voorgeskrewe vorms voor die bevoegde amptenaar aangedui in regulasie No. 75, inklaar. Anders moet die Spoorweg-en-Hawensadministrasie of ander karweier die goedere aan die Staatspakhuis, of by 'n ander plek deur die bevoegde amptenaar goedgekeur, aflewer.

79. Wanneer ingevoerde goedere wat uit doeanebeheer gelos is, of wanneer goedere van Suid-Afrikaanse herkoms by enige plek in die Republiek vir verwydering oor Lourenco Marques na 'n ander plek in die Republiek gelaai word, moet die persoon wat sodanige goedere aldus laat laai, 'n laaipermit in die voorgeskrewe vorm invul en moet, in die geval van goedere wat by 'n kushawe weer die Republiek binnekom, per vroegste pos 'n afskrif van die laaipermit aan die bevoegde amptenaar by daardie hawe stuur. In die geval van goedere wat oor Lourenco Marques weer die Republiek binnekom, moet die afskrif van die laaipermit per vroegste pos aan die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques gestuur word. Tensy hierdie prosedure gevolg word, moet die goedere by hul terugkeer as ingevoer of heringevoer en aan regte onderworpe, beskou word.

80. Wanneer belasbare goedere onder waarborg vanaf 'n plek in die Republiek na Lourenco Marques in transito na 'n ander plek in die Republiek verwyder word, moet die persoon wat sodanige goedere laat verwyder, 'n inklaringsbrief vir verwydering onder waarborg in die voorgeskrewe vorm invul en moet, in die geval van goedere wat by 'n kushawe weer die Republiek binnekom, 'n afskrif van die inklaringsbrief

a copy of the bill of entry to the proper officer at that port. In the case of goods re-entering the Republic via Lourenco Marques, the copy of the bill of entry shall be forwarded to the Collector of South African Customs at Lourenco Marques.

Removal of Excisable Goods between the Republic and South West Africa.

81. Excisable goods manufactured in the Republic shall not be removed to South West Africa, and excisable goods manufactured in South West Africa shall not be removed to the Republic, unless the excise duty has been paid thereon. Any person who removes excisable goods between the said territories, shall endorse the relative invoices and excise certificates with the words "South West Africa" in the case of goods removed to South West Africa and with the words "Republic of South Africa" in the case of goods removed to the Republic. Such person shall further supply the proper officer under whose jurisdiction he falls, as indicated by the Commissioner, with a monthly statement reflecting all removals made by him during the month in respect of each class or kind of goods as well as the rate of duty applicable to such goods. In addition, in the case of liquor removed to South West Africa, the invoice, excise certificate and the consignment note or other equivalent document shall be endorsed with the number and date of the permit allowing importation into that territory.

Passengers and Their Baggage Entering the Republic.

82. A passenger entering the Republic shall not remove his baggage, nor any other goods accompanying him, from customs control, or cause such baggage or goods to be so removed until they have been released by the proper officer, and agents, including officials of the Railways and Harbours Administration, shall not deliver any such baggage or goods left with or handed to them for delivery until such release has been granted.

83. Passengers shall declare unreservedly to the proper officer what goods they have in their possession, taking particular care to mention articles such as the following:—

> Tobacco, cigars, cigarettes, spirits (including perfumed or toilet spirits, commonly called perfumery), fire-arms, dangerous weapons, jewellery, fur clothing, live animals, vegetable matter, habit-forming drugs and presents or parcels for friends.

Passengers shall also produce and deliver up any goods the importation of which is prohibited or restricted.

84. The required declaration shall be made to the proper officer in a form approved by the Commissioner and may be handed to the agents clearing the baggage through customs, including any official of the Railways and Harbours Administration; provided that the proper officer may at his discretion accept a verbal declaration.

85. Any goods intended for sale shall be specially declared as cargo and shall be entered as such for customs purposes on the prescribed forms.

Ship's or Aircraft Stores.

86. The master of a ship or the pilot of an aircraft arriving from any place outside the Republic shall, if required to do so by the proper officer, declare on the prescribed form all unconsumed stores of the ship or aircraft which are sealable goods, and the master or pilot and every member of the crew shall also individually declare on the same form all sealable goods which each has on board, either as his personal property or in his possession.

87. The master or pilot and every member of the crew shall each be allowed to retain for his own consumption such goods and such quantities as are enumerated in paragraph 8 of the First Schedule hereto. This regulation shall not entitle the master or pilot or any member of the crew to land the goods without the permission of the proper officer and the payment of duty. If required to do so by the proper officer, the master or pilot or any member of the crew shall produce all sealable goods in his possession.

88. The proper officer shall place under seal all quantities in excess of those enumerated in paragraph 8 of the First Schedule hereto, as well as all opium, preparations of opium in any form, opium outfits, cocaine, preparations of cocaine, other habit-forming drugs and saccharine, and the master or pilot shall provide every facility for such sealing.

aan die bevoegde amptenaar by daardie hawe stuur. In die geval van goedere wat oor Lourenco Marques weer die Republiek binnekom, moet die afskrif van die inklaringsbrief aan die Ontvanger van Suid-Afrikaanse Doeane te Lourenco Marques gestuur word.

Verwydering van Aksynsbare goedere tussen die Republiek en Suidwes-Afrika.

81. Aksynsbare goedere wat in die Republiek vervaardig is, mag nie na Suidwes-Afrika verwyder word nie, en aksynsbare goedere wat in Suidwes-Afrika vervaardig is, mag nie na die Republiek verwyder word nie, tensy die aksynsreg daarop betaal is. 'n Persoon wat aksynsbare goedere tussen genoemde gebiede verwyder, moet die betrokke fakture en aksynssertifikate met die woorde „ Suidwes-Afrika " in die geval van goedere na Suidwes-Afrika verwyder en met die woorde „ Republiek van Suid-Afrika " in die geval van goedere na die Republiek verwyder, endosseer. Verder moet sodanige persoon die bevoegde amptenaar onder wie se jurisdiksie hy ressorteer, soos deur die Kommissaris aangedui, van 'n maandelikse opgawe voorsien waarin alle verwyderings wat gedurende die maand deur hom gemaak is ten opsigte van elke klas of soort goedere, asook van die reg wat op sodanige goedere van toepassing is, weerspieël word. Daarbenewens moet die faktuur, aksynssertifikaat en die vragbrief of ander gelykwaardige dokument, in die geval van sterk drank wat na Suidwes-Afrika verwyder word, met die nommer en datum van die permit wat invoer in daardie gebied toelaat, geëndosseer word.

Passasiers en hul bagasie wat die Republiek binnekom.

82. 'n Passasier wat die Republiek binnekom, mag nie sy bagasie of enige ander goedere wat hy saambring, uit doeanebeheer verwyder of sodanige bagasie of goedere aldus laat verwyder voordat hulle deur die bevoegde amptenaar gelos is nie, en agente, met inbegrip van beamptes van die Spoorweg-en-Hawensadministrasie, mag nie sodanige bagasie of goedere wat vir aflewering by hulle gelaat of aan hulle oorhandig is, aflewer voordat sodanige lossing toegestaan is nie.

83. Passasiers moet sonder voorbehoud aan die bevoegde amptenaar aangifte doen van goedere wat hulle in hul besit het, en moet veral sorg om artikels soos die volgende te vermeld: —

> Tabak, sigare, sigarette, spiritualieë (met inbegrip van geparfumeerde of toiletspiritus, gewoonlik bekend as parfumerie), vuurwapens, gevaarlike wapens, juweliersware, pelsklerasie, lewende diere, plantaardige stowwe, gewoontevormende middels en geskenke of pakkette vir vriende.

Passasiers moet ook alle goedere waarvan die invoer belet of beperk is, vertoon en afgee.

84. Die vereiste aangifte moet in 'n vorm wat deur die Kommissaris goedgekeur is, aan die bevoegde amptenaar gedoen word en kan aan die agente wat die goedere deur die doeane inklaar, met inbegrip van 'n beampte van die Spoorweg-en-Hawensadministrasie, oorhandig word; met dien verstande dat die bevoegde amptenaar na goeddunke 'n mondelinge verklaring kan aanvaar.

85. Goedere wat vir verkoop bestem is, moet uitdruklik as lading aangegee word en moet as sodanig vir doeanedoeleindes op die voorgeskrewe vorm ingeklaar word.

Skeeps- of lugvaartuigvoorrade.

86. Die gesagvoerder van 'n skip, of die loods van 'n lugvaartuig, wat van enige plek buite die Republiek aankom, moet, indien die bevoegde amptenaar dit verlang, alle onverbruikte voorrade van die skip of lugvaartuig, wat verseëlbare goedere is, op die voorgeskrewe vorm aangee, en die gesagvoerder of loods en elke lid van die bemanning moet ook op dieselfde vorm afsonderlik aangifte doen van alle verseëlbare goedere wat elkeen òf as sy persoonlike eiendom òf in sy besit, aan boord het.

87. Die gesagvoerder of loods en elke lid van die bemanning word elkeen toegelaat om vir sy eie verbruik sodanige goedere en sodanige hoeveelhede as wat in paragraaf 8 van die Eerste Bylae hiervan aangegee word, te behou. Hierdie regulasie verleen nie aan die gesagvoerder of loods of 'n lid van die bemanning die reg om die goedere sonder die toestemming van die bevoegde amptenaar en die betaling van regte af te laai nie. Indien die bevoegde amptenaar dit verlang, moet die gesagvoerder of loods of 'n lid van die bemanning alle verseëlbare goedere in sy besit vertoon.

88. Die bevoegde amptenaar moet alle hoeveelhede wat meer is as dié in paragraaf 8 van die Eerste Bylae hiervan aangegee, asook alle opium, preparate van opium in enige vorm, opiumuitrustings, kokaïen, preparate van kokaïen, ander gewoontevormende middels en sakkarien onder seël plaas, en die gesagvoerder of loods moet alle fasiliteite vir sodanige verseëling verskaf.

89. In cases where the master or pilot and crew remain on board for more than four days, the proper officer may, at the request of the master, pilot or any member of the crew, issue from under seal further quantities as enumerated in paragraph 9 of the First Schedule hereto.

(3) Behalwe in die geval van goedere wat persoonlike en private eiendom en nie koopware is nie, of wat miskien per pos uitgevoer en teruggestuur is, moet die invoerder of persoon wat die korting eis, die goedere onder sodanige korting by hul invoer inklaar en op die betrokke inklaringsbrief die hawe vanwaar die goedere uit die Republiek uitgevoer is en die nommer en datum van die inklaringsbrief waarop hulle vir uitvoer ingeklaar is, vermeld.

(4) The importer or person claiming the rebate shall, if required to do so by the proper officer, submit to that officer all documents and correspondence relating to the export and subsequent return of the goods.

Item 961.

126. (1) In respect of goods entered in terms of item 961 the relative bill of entry shall be accompanied by or contain a declaration by the importer to the effect that the containers and materials are intended solely for use in the packing and conveyance of petrol and paraffin oil from bulk installations, and a written undertaking shall be furnished by such importer that, if any portion of the said containers or materials is sold or otherwise used or disposed of, except as provided for in paragraph 2, the whole of the rebated duty will forthwith be paid to the proper officer.

(2) The importer may, subject to prior permission being obtained from the proper officer, transfer wooden cases imported under rebate of the duty, and drums or tins constructed from materials imported under rebate of the duty, to a packer of petrol or paraffin oil who has been previously approved by the proper officer, provided that a declaration and undertaking in the form given in paragraph 12 of the First Schedule hereto is furnished in duplicate to the proper officer, and provided further that the cases, drums or tins are, before transfer, imprinted or branded with the name or mark of the said packer and with the nature of the intended contents.

(3) (*a*) An importer of materials released under rebate of the duty for the construction of drums, tins or wooden cases intended solely for the packing and conveyance of petrol and paraffin oil shall convey such materials to and store them only on the premises on which the manufacture of such drums, tins or cases is undertaken, and, if the importer is also a packer of petrol and paraffin oil, he shall furnish the proper officer with particulars of the premises on which the packing of petrol and paraffin oil is to be effected.

(*b*) An importer who enters under rebate of the duty the goods specified in item 961 of the Third Schedule to the Act (other than materials for the construction of drums, tins and cases), or a packer to whom drums, tins or cases are to be transferred in terms of paragraph (2), shall furnish the proper officer with particulars of the premises on which the packing of petrol and paraffin oil is to be effected, and goods so entered or transferred shall be conveyed to and stored only on such premises.

(4) A register in a form approved by the proper officer shall be kept by the importer and by the packer to whom cases, drums or tins are transferred. The register shall show the receipts and disposals of all goods released under rebate of the duty, and such register, as well as the premises mentioned in paragraph (3), shall at all reasonable times be available for inspection by an officer.

(5) The provisions of regulations Nos. 92, 93, 94 and 95 shall *mutatis mutandis* apply to an importer (including a manufacturer of tins or drums).

Item 962 (1).

127. (1) No person shall be entitled to the rebate of duty for which provision is made in item 962 (1) on oils imported, cleared or received from a bonded warehouse unless such goods have become his property and he duly complies with the regulations, and any person who has so imported, cleared or received any consignment of oils under rebate of duty shall remain liable for the payment of the duty so rebated on that consignment until he has proved to the satisfaction of the proper officer that no portion of the said consignment has been used or disposed of otherwise than in accordance with the conditions under which, and for the purpose for which, it was imported, cleared or received. Failure to produce such proof on demand shall render the oils liable to the duty rebated upon importation or delivery from a bonded warehouse, or to the duty payable at the rates in force at the time of sale, use, removal or disposal without the written consent of the proper officer, whichever duty shall be the greater, and such duty shall immediately on demand be paid by the person to whom the rebate was granted.

(2) Any person desirous of obtaining under rebate of duty any of the oils specified in item 962 (1) of the Third Schedule to the Act shall first apply to the proper officer, in a form approved by the Commissioner, for registration under the said item.

(3) No person shall be so registered unless, when applying for registration, he furnishes a written declaration that all oils to be obtained by him in terms of these regulations are intended for use for the purpose specified in the said item and will be used only for that purpose.

(4) Die invoerder of persoon wat die korting eis, moet, indien dit deur die bevoegde amptenaar verlang word, alle dokumente en korrespondensie met betrekking tot die uitvoer en latere terugsending van die goedere aan daardie amptenaar voorlê.

Item 961.

126. (1) Ten opsigte van goedere wat ingevolge item 961 ingeklaar word, moet die betrokke inklaringsbrief vergesel gaan van 'n verklaring deur die invoerder of so 'n verklaring bevat, ten effekte dat die houers en materiale uitsluitlik vir gebruik by die verpakking en vervoer van petrol en paraffienolie uit massa-installasies bestem is, en 'n skriftelike onderneming moet deur sodanige invoerder verstrek word dat, indien enige gedeelte van genoemde houers of materiale verkoop of andersins gebruik of weggemaak word, behalwe soos in paragraaf 2 bepaal, die hele gekorte reg dadelik aan die bevoegde amptenaar betaal sal word.

(2) Die invoerder kan, onderworpe aan die verkryging van voorafgaande toestemming van die bevoegde amptenaar, houtkaste wat onder korting van regte ingevoer is, en konkas of blikke gemaak van materiale wat onder korting van regte ingevoer is, oordra aan 'n verpakker van petrol of paraffienolie, wat vooraf deur die bevoegde amptenaar goedgekeur is, mits 'n verklaring en onderneming in die vorm in paragraaf 12 van die Eerste Bylae hiervan aangegee, in duplo aan die bevoegde amptenaar verstrek word, en mits die kaste, konkas of blikke verder voor oordrag bedruk of gemerk word met die naam of merk van genoemde verpakker en met die aard van die inhoud waarvoor hulle bestem is.

(3) (*a*) 'n Invoerder van materiale wat onder korting van regte gelos is vir die maak van konkas, blikke of houtkaste wat uitsluitlik vir die verpakking en vervoer van petrol en paraffienolie bestem is, moet sodanige materiale na die perseel waarop die vervaardiging van sodanige konkas, blikke of kaste onderneem word, vervoer en hulle slegs aldaar opberg, en, indien die invoerder ook 'n verpakker van petrol en paraffienolie is, moet hy aan die bevoegde amptenaar besonderhede verstrek van die perseel waarop die verpakking van petrol en paraffienolie gaan geskied.

(*b*) 'n Invoerder wat die goedere gespesifiseer in item 961 van die Derde Bylae van die Wet (uitgesonderd materiale vir die maak van konkas, blikke en kaste) onder korting van regte inklaar, of 'n verpakker aan wie konkas, blikke of kaste ingevolge paragraaf (2) oorgedra gaan word, moet die bevoegde amptenaar van besonderhede voorsien van die perseel waarop die verpakking van petrol en paraffienolie gaan geskied, en goedere wat aldus ingeklaar of oorgedra is, moet na sodanige perseel vervoer en slegs aldaar opgeberg word.

(4) 'n Register, in 'n vorm wat deur die bevoegde amptenaar goedgekeur is, moet deur die invoerder en deur die verpakker aan wie kaste, konkas of blikke oorgedra word, gehou word. Die register moet die ontvangste en wegmakings van alle goedere wat onder korting van regte gelos is, toon en sodanige register, asook die perseel in paragraaf (3) genoem, moet op alle redelike tye vir inspeksie deur 'n amptenaar beskikbaar wees.

(5) Die bepalings van regulasies Nos. 92, 93, 94 en 95 is *mutatis mutandis* op 'n invoerder (met inbegrip van 'n vervaardiger van blikke of konkas) van toepassing.

Item 962 (1).

127. (1) Niemand is geregtig op die korting van regte waarvoor in item 962 (1) voorsiening gemaak word op olie wat ingevoer ingeklaar of uit 'n doeanepakhuis ontvang is nie, tensy sodanige goedere sy eiendom geword het en hy die regulasies behoorlik nakom, en enigiemand wat 'n besending olie onder korting van regte aldus ingevoer, ingeklaar of ontvang het, bly aanspreeklik vir die betaling van die regte wat aldus gekort is op daardie besending totdat hy tot tevredenheid van die bevoegde amptenaar bewys het dat geen gedeelte van genoemde besending op 'n ander wyse gebruik of weggemaak is nie as ooreenkomstig die voorwaardes waaronder, en vir die doel waarvoor, dit ingevoer, ingeklaar of ontvang is. Versuim om op aanvraag sodanige bewys te lewer, maak die olie onderworpe aan die regte wat by invoer of aflewering uit 'n doeanepakhuis gekort is, of aan die regte betaalbaar teen die tariewe van krag ten tyde van verkoop, gebruik, verwydering of wegmaking sonder die skriftelike toestemming van die bevoegde amptenaar, na gelang van watter reg die hoogste is, en sodanige regte moet dadelik op aanvraag betaal word deur die persoon aan wie die korting toegestaan is.

(2) 'n Persoon wat enige olie gespesifiseer in item 962 (1) van die Derde Bylae van die Wet, onder korting van regte wil verkry, moet eers, in 'n vorm wat deur die Kommissaris goedgekeur is, by die bevoegde amptenaar om registrasie onder die genoemde item aansoek doen.

(3) Niemand word aldus geregistreer nie, tensy hy by aansoek om registrasie 'n skriftelike verklaring verstrek dat alle olie wat hy ingevolge hierdie regulasies gaan verkry, bestem is vir gebruik vir die doel in genoemde item gespesifiseer, en slegs vir daardie doel gebruik sal word.

(4) (*a*) The applicant shall, before being registered, furnish a bond in a form approved by the Commissioner and to an amount required by the proper officer, or shall furnish such other security as the Commissioner may be prepared to accept, for due compliance with these regulations and the discharge of any liabilities incurred thereunder.

(*b*) The provisions of regulation No. 95 (2) and (3) shall *mutatis mutandis* apply to such bond.

(5) (*a*) If the application and bond are approved by the proper officer, he shall register the applicant and notify him accordingly.

(*b*) The proper officer shall also register the premises of the applicant, and oils obtained by the said applicant under rebate of duty shall, unless they are conveyed immediately after entry under rebate to the ship on which they are intended to be consumed, be conveyed to and stored only on such registered premises.

(6) A person registered in terms of paragraph (5) shall in terms of these regulations be permitted to receive and use oils imported or cleared ex bond under rebate of duty, subject, however, to the withdrawal of such permission at any time by the Commissioner.

(7) A registered person shall keep a stock book in the form given in paragraph 13 of the First Schedule hereto. Such stock book shall show full particulars of all oils entered by him or received for another registered person under rebate of duty, as well as of the use or disposal of such oils, and shall be kept in such manner that the said oils can readily be accounted for to the satisfaction of the proper officer.

(8) (*a*) Before any oils obtained under rebate of duty are shipped on board any vessel, the person desiring such shipment shall apply in writing, in the form given in paragraph 14 of the First Schedule hereto unless otherwise permitted by the Commissioner, to the proper officer at the nearest port, and such application shall be completed by the master or skipper of the vessel and be retained by the said person who shall submit it to the proper officer on demand.

(*b*) No person shall, without the written permission of the proper officer, land at any place in the Republic oils shipped in terms of paragraph (*a*) or transship any such oils to another vessel.

(9) A registered person shall, if required to do so by the proper officer, provide a properly securable and adequate store for the storage of oils obtained under rebate of duty and shall provide at his own expense such necessary fastenings as will permit of the store being locked with a customs lock.

(10) The books, documents and premises of a registered person shall at all reasonable times be open to inspection by an officer, and, if the proper officer should at any time deem it necessary to station an officer on the premises for any period for the purpose of supervision, such registered person shall pay fees at the prescribed rates for the special attendance of such officer.

(11) The provisions of regulations Nos. 98, 99, 101, 102, 114 and 115 shall *mutatis mutandis* apply to such person.

Item 962 (2).

128. (1) Save as may be permitted by the Commissioner, no person shall be entitled to be supplied with gas oil, diesel oil or furnace oil under rebate of duty for which provision has been made in item 962 (2), unless, at the time of purchase or delivery of such oil, he furnishes the supplier thereof with a declaration in the form given in paragraph 15 or 16, as the case may be, of the First Schedule hereto.

(2) No supplier or re-seller shall supply or sell oil admissible under rebate of duty in terms of the said item unless the person to whom such oil is supplied or sold, has complied with the provisions of paragraph (1).

(3) The supplier or re-seller shall keep such books and documents relating to such supply as the proper officer may require, and the said books and documents shall at all reasonable times be available for inspection by the proper officer.

129. Any person who has purchased gas oil, diesel oil or furnace oil at a price inclusive of the full duty and has used such oil for purposes other than road transport, not being public passenger bus transport services or road transport for agricultural purposes (including forestry), may apply for a refund of the duty to the extent specified in the item, subject to the

(4) (*a*) Die applikant moet, voordat hy geregistreer word, 'n waarborg verskaf, in 'n vorm deur die Kommissaris goedgekeur en tot 'n bedrag deur die bevoegde amptenaar vereis, of moet sodanige ander sekerheid stel as wat die Kommissaris bereid mag wees om te aanvaar, vir behoorlike voldoening aan hierdie regulasies en die nakoming van enige verpligtings wat ingevolge daarvan aangegaan is.

(*b*) Die bepalings van regulasie No. 95 (2) en (3) is *mutatis mutandis* op sodanige waarborg van toepassing.

(5) (*a*) Indien die aansoek en waarborg deur die bevoegde amptenaar goedgekeur word, moet hy die applikant registreer en hom dienooreenkomstig verwittig.

(*b*) Die bevoegde amptenaar moet ook die perseel van die applikant registreer, en olie wat onder korting van regte deur genoemde applikant verkry is, moet, tensy dit onmiddellik na inklaring onder korting gebring word na die skip waarop dit bestem is om verbruik te word, na sodanige geregistreerde perseel gebring en slegs daar opgeberg word.

(6) 'n Persoon wat ingevolge paragraaf (5) geregistreer is, word toegelaat om olie wat onder korting van regte ingevoer of ex entrepot ingeklaar is, ingevolge hierdie regulasies te ontvang en te gebruik, onderworpe egter aan die intrekking van sodanige toestemming te eniger tyd deur die Kommissaris.

(7) 'n Geregistreerde persoon moet 'n voorraadboek hou in die vorm wat in parakraaf 13 van die Eerste Bylae hiervan aangegee word. Sodanige voorraadboek moet volle besonderhede aantoon van al die olie wat deur hom ingeklaar of onder korting van regte van 'n ander geregistreerde persoon ontvang is, asook van die gebruik of wegmaking van sodanige olie, en moet op so 'n wyse gehou word dat daar tot tevredenheid van die bevoegde amptenaar geredelik rekenskap van genoemde olie gegee kan word.

(8) (*a*) Voordat olie wat onder korting van regte verkry is, aan boord van 'n vaartuig verskeep word, moet die persoon wat sodanige verskeping verlang, in die vorm wat in paragraaf 14 van die Eerste Bylae hiervan aangegee word, tensy andersins deur die Kommissaris toegelaat, skriftelik by die bevoegde amptenaar by die naaste hawe aansoek doen, en sodanige aansoek moet deur die gesagvoerder of skipper van die vaartuig ingevul en deur genoemde persoon behou word, wat dit op aanvraag aan die bevoegde amptenaar moet voorlê.

(*b*) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die bevoegde amptenaar, olie wat ingevolge paragraaf (*a*) verskeep is, op enige plek in die Republiek aan land bring of sodanige olie op 'n ander vaartuig oorlaai nie.

(9) 'n Geregistreerde persoon moet, indien dit deur die bevoegde amptenaar verlang word, 'n behoorlik sluitbare en toereikende pakhuis verskaf vir die opberging van olie wat onder korting van regte verkry is, en moet op eie koste sodanige nodige bevestigingsmiddels verskaf as wat dit moontlik sal maak om die pakhuis met 'n doeaneslot te sluit.

(10) Die boeke, dokumente en perseel van 'n geregistreerde persoon moet op alle redelike tye vir inspeksie deur 'n amptenaar beskikbaar wees, en, indien die bevoegde amptenaar dit te eniger tyd nodig mag ag om vir enige tydperk 'n amptenaar vir toesigdoeleindes op die perseel te stasioneer, moet sodanige geregistreerde persoon gelde teen die voorgeskrewe tariewe vir die spesiale diens van sodanige amptenaar betaal.

(11) Die bepalings van regulasies Nos. 98, 99, 101, 102, 114 en 115 is *mutatis mutandis* op sodanige persoon van toepassing.

Item 962 (2).

128. (1) Behalwe soos deur die Kommissaris toegelaat kan word, is niemand daarop geregtig om van gas-, diesel- of brandolie onder korting van regte waarvoor in item 962 (2) voorsiening gemaak is, voorsien te word nie, tensy hy, ten tyde van die aankoop of aflewering van sodanige olie, 'n verklaring in die vorm wat in paragraaf 15 of 16, na gelang van die geval, van die Eerste Bylae hiervan aangegee word, aan die leweransier daarvan verstrek.

(2) Geen leweransier of herverkoper mag olie wat onder korting van regte ingevolge genoemde item toelaatbaar is, verskaf of verkoop nie, tensy die persoon aan wie sodanige olie verskaf of verkoop word, die bepalings van paragraaf (1) nagekom het.

(3) Die leweransier of herverkoper moet sodanige boeke en dokumente met betrekking tot sodanige verskaffing hou as wat die bevoegde amptenaar mag verlang, en genoemde boeke en dokumente moet op alle redelike tye vir inspeksie deur die bevoegde amptenaar beskikbaar wees.

129. Enige persoon wat gas-, diesel- of brandolie teen 'n prys wat die volle regte insluit, aangekoop het en sodanige olie vir ander doeleindes as padvervoer, uitgesonderd openbare passasiersbusvervoerdienste of padvervoer vir landboudoeleindes (met inbegrip van bosbou-), gebruik het, kan om 'n terugbetaling van die regte tot die bedrag in die item gespesifiseer,

conditions that such application is made on the prescribed form (Customs S. 51) within six months of the date of purchase of the said oil and is supported by the receipted account or cash sale invoice, as the case may be, and by a declaration in the following form:—

"I, ..., hereby declare that the total quantity of ..... gallons of gas/diesel/furnace oil shown on the attached invoice has been used by me for the purpose of .....

Date..... Signature....."

Item 962 (3).

130. The rebate of duty for which provision has been made in item 962 (3) shall be granted only on condition that the proper officer is satisfied that the loss of the oil was not wilfully or negligently caused.

Item 964.

131. (1) No person shall be granted the refund of duty for which provision has been made in item 964 unless the bill of entry for export is at the time of passing thereof accompanied by an application for refund in the prescribed form (Customs S.43) in triplicate; provided that, in the case of goods to be exported by parcel post or from a place where there is no customs office, the exporter shall, prior to the export of the goods, deliver the said application for refund to the proper officer at the customs office nearest the place from where the goods are to be exported, and that the said goods shall not be exported until the permission to export has been granted by the proper officer.

(2) Where the proper officer deems it necessary, the goods being exported shall be examined and compared with the original and forwarding invoices or with such other evidence of identification as the proper officer may require, and, if such action is deemed necessary, the proper officer shall seal the packages containing the goods before export thereof is allowed.

(3) When an examination of the goods is carried out in terms of paragraph (2), the person applying for the refund of duty shall pay at the prescribed rates for the special attendance of the office conducting the examination.

(4) Proof of export to the satisfaction of the proper officer shall be produced, and, in the case of goods exported overland, a declaration, signed by the consignee in the country of destination and countersigned by the proper officer of customs therein, to the effect that the goods have actually been received in that country, shall also be submitted.

Item 965.

132. No person shall be granted the refund of the duty for which provision has been made in item 965 unless the goods are exported within twelve months of the date on which entry for importation into the Republic was made and the following conditions are complied with:—

(*a*) Notice of the intended exportation must be given to the proper officer at the port of shipment or the place of despatch.

(*b*) The original invoices bearing the date stamp of the officer who released the samples in question on importation must be submitted to the proper officer at the port of shipment or the place of despatch, and every facility for the examination of the goods shown therein must be given to such officer. The packages containing the samples must be sealed by the said officer.

(*c*) A certificate, signed by the proper officer at the port of shipment or the place of despatch, must be submitted to the effect that the packages have been duly exported and that the seals were intact.

Item 966.

133. (1) No person shall be granted the refund of duty for which provision has been made in item 966 unless the application for refund, in the prescribed form, is supported by a sworn declaration in the prescribed form (Customs S.46).

(2) The manufacturer shall also furnish such details and comply with such conditions relating to manufacture as the Commissioner or the proper officer may deem necessary for the protection of revenue, and the Commissioner may refuse to grant a refund in terms of item 966 of the Third

aansoek doen, onderworpe aan die voorwaardes dat sodanige aansoek binne ses maande na die datum van aankoop van genoemde olie gedoen word op die voorgeskrewe vorm (Doeane S. 51) en gesteun word deur die gekwiteerde rekening of kontantverkopingsfaktuur, na gelang van die geval, en deur 'n verklaring in die volgende vorm: —

„Ek, ..., verklaar hierby dat die totale hoeveelheid van.....gellings gas-/diesel-/brandolie wat op bygaande faktuur aangegee word, deur my gebruik is vir die doel om.....

Datum..... Handtekening....."

Item 962 (3).

130. Die korting van regte waarvoor in item 962 (3) voorsiening gemaak is, word toegestaan slegs op voorwaarde dat die bevoegde amptenaar oortuig is dat die verlies van die olie nie met opset of deur nalatigheid veroorsaak is nie.

Item 964.

131. (1) Niemand word die terugbetaling van regte waarvoor in item 964 voorsiening gemaak is, toegestaan nie, tensy die inklaringsbrief vir uitvoer, ten tyde van die indiening daarvan, van 'n aansoek om terugbetaling in die voorgeskrewe vorm (Doeane S. 43) in drievoud vergesel gaan; met dien verstande dat, in die geval van goedere wat per pakketpos of vanaf 'n plek waar daar geen doeanekantoor is nie, uitgevoer gaan word, die uitvoerder, voor die uitvoer van die goedere, genoemde aansoek om terugbetaling aan die bevoegde amptenaar by die doeanekantoor naaste aan die plek vanwaar die goedere uitgevoer gaan word, moet aflewer, en dat genoemde goedere nie uitgevoer moet word voordat die toestemming om uit te voer deur die bevoegde amptenaar verleen is nie.

(2) Waar die bevoegde amptenaar dit nodig ag, moet die goedere wat uitgevoer word, ondersoek en met die oorspronklike en versendingsfakture, of met sodanige ander bewys van identifikasie as wat die bevoegde amptenaar mag verlang, vergelyk word, en, indien sodanige optrede nodig geag word, moet die bevoegde amptenaar die pakke wat die goedere bevat, verseël voordat die uitvoer daarvan toegelaat word.

(3) Wanneer 'n ondersoek van die goedere ingevolge paragraaf (2) gedoen word, moet die persoon wat om terugbetaling van die regte aansoek doen, vir die spesiale diens van die amptenaar wat die ondersoek doen, teen die voorgeskrewe tariewe betaal.

(4) Bewys van uitvoer moet tot tevredenheid van die bevoegde amptenaar gelewer word, en, in die geval van goedere wat oorland uitgevoer word, moet 'n verklaring, onderteken deur die geadresseerde in die land van bestemming en mede-onderteken deur die bevoegde doeane-amptenaar aldaar, ten effekte dat die goedere werklik in daardie land ontvang is, voorgelê word.

Item 965.

132. Niemand word die terugbetaling van regte waarvoor in item 965 voorsiening gemaak is, toegestaan nie, tensy die goedere binne twaalf maande na die datum waarop inklaring vir invoer in die Republiek gemaak is, uitgevoer is, en die volgende voorwaardes nagekom is: —

(*a*) Kennis van die voorgenome uitvoer moet aan die bevoegde amptenaar by die hawe van verskeping of die plek van versending gegee word.

(*b*) Die oorspronklike fakture met die datumstempel daarop van die amptenaar wat die betrokke monsters by invoer gelos het, moet aan die bevoegde amptenaar by die hawe van verskeping of die plek van versending voorgelê word, en alle fasiliteite vir die ondersoek van die goedere wat daarin aangetoon word, moet aan sodanige amptenaar verskaf word. Die pakke wat die monsters bevat, moet deur genoemde amptenaar verseël word.

(*c*) 'n Sertifikaat, onderteken deur die bevoegde amptenaar by die hawe van verskeping of die plek van versending, moet voorgelê word ten effekte dat die pakke wel uitgevoer is en dat die seëls ongeskonde was.

Item 966.

133. (1) Niemand word die terugbetaling van regte waarvoor in item 966 voorsiening gemaak is, toegestaan nie, tensy die aansoek om terugbetaling, in die voorgeskrewe vorm, gesteun word deur 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm (Doeane S. 46).

(2) Die vervaardiger moet ook sodanige besonderhede verstrek en sodanige voorwaardes met betrekking tot vervaardiging nakom as wat die Kommissaris of die bevoegde amptenaar nodig mag ag vir die beskerming van inkomste, en die Kommissaris kan 'n terugbetaling ingevolge item 966

Schedule to the Act unless such details are furnished and such conditions are complied with, or if he is not satisfied that the goods in respect of which a refund is claimed, were in fact used in the manufacture of articles which have been exported.

(3) The manufacturer shall keep a record, in a form approved by the proper officer, of all imported goods in respect of which it is intended to claim a refund of duty in terms of these regulations. Such record shall at all reasonable times be available for inspection by an officer.

(4) The proper officer may require that imported goods in respect of which it is intended to claim a refund of duty in terms of these regulations shall be stored apart from any other goods, and, if the proper officer should at any time deem it necessary to station an officer on the premises of the importer for any period for the purpose of supervision, the importer shall pay fees at the prescribed rattes for the special attendance of such officer.

Item 983.

134. No person shall be granted the refund of duty for which provision has been made in item 983 unless such person has complied with the conditions of the said item and—

(*a*) return of the goods to the sender has taken place under the supervision of a customs officer or post office official and proof of payment of duty on importation has been furnished to the satisfaction of that officer or official;

(*b*) the application for refund is in a form approved by the Commissioner and is supported by a certificate signed by the customs officer or post office official concerned to the effect that the requirements of paragraph (*a*) have been met.

PART VI.

Refunds of Duty.

135. Applications in terms of section *one hundred and one* of the Act for refunds of duty alleged to have been overpaid shall be in the prescribed form, and the applicant shall state fully therein the circumstances of the case and the reasons why he considers a refund to be due to him.

136. (1) No application for a refund of duty in terms of section *one hundred and one* of the Act shall be granted unless it is made in the prescribed form (Customs S.51) and is received by the proper officer within two years of the date on which the duty was paid. The application shall be duly completed to the satisfaction of the said officer and shall be accompanied by all the relevant documents which he may require.

(2) In the case of a temporary deposit which has been estreated and paid into revenue, the application shall be made within two years of the date on which the deposit was lodged.

PART VII.

Exportation of Goods.

137. (1) The person entering goods for exportation shall produce, if required to do so by the proper officer, all documents relating to the goods together with the shipping and collecting order or consignment note, as the case may be.

(2) In the case of goods being exported from a place in the Republic where there is no customs office, the exporter or his agent, as the case may be, shall present the bill of entry for export, together with the required documents, to the railway or air transport official, who shall forward the original of the bill of entry for export to the Commissioner.

138. Save as provided for in regulation No. 137 (2), no person shall cause any goods for export to be loaded into a ship, aircraft or any other vehicle unless such person has received a copy of the shipping and collecting order or consignment note, date-stamped by the proper officer, as an indication that the goods have been duly entered for export.

139. (1) Save as provided for in this regulation, no person shall load goods into a ship or aircraft except between the hours of 8 a.m. and 5 p.m. from Monday to Friday and between 8 a.m. and 12 noon on Saturday. The loading of goods shall not be effected at any other time or on Sundays or public holidays except with the permission of, and under the conditions laid down by, the proper officer in charge of the port or aerodrome.

van die Derde Bylae van die Wet weier tensy sodanige besonderhede verstrek word en die voorwaardes nagekom word, of indien hy nie oortuig is dat die goedere ten opsigte waarvan 'n terugbetaling geëis word, inderdaad by die vervaardiging van artikels wat uitgevoer is, gebruik is nie.

(3) Die vervaardiger moet 'n rekord hou, in 'n vorm deur die bevoegde amptenaar goedgekeur, van alle ingevoerde goedere ten opsigte waarvan dit die voorneme is om 'n terugbetaling van regte ingevolge hierdie regulasies te eis. Sodanige rekord moet op alle redelike tye vir inspeksie deur 'n amptenaar beskikbaar wees.

(4) Die bevoegde amptenaar kan verlang dat ingevoerde goedere ten opsigte waarvan dit die voorneme is om 'n terugbetaling van regte ingevolge hierdie regulasies te eis, afgesonder van ander goedere opgeberg moet word, en, indien die bevoegde amptenaar dit te eniger tyd nodig mag ag om vir enige tydperk 'n amptenaar vir toesigdoeleindes op die perseel van die invoerder te stasioneer, moet die invoerder gelde teen die voorgeskrewe tariewe vir die spesiale diens van sodanige amptenaar betaal.

Item 983.

134. Niemand word die terugbetaling van regte waarvoor in item 983 voorsiening gemaak is, toegestaan nie, tensy sodanige persoon die voorwaardes van die genoemde item nagekom het en—

(*a*) terugsending van die goedere na die afsender onder toesig van 'n doeane-amptenaar of poskantoorbeampte plaasgevind het, en bewys van betaling van regte by invoer, tot tevredenheid van sodanige amptenaar of beampte, gelewer is;

(*b*) die aansoek om terugbetaling in 'n vorm is wat deur die Kommissaris goedgekeur is, en gesteun word deur 'n sertifikaat, onderteken deur die betrokke doeane-amptenaar of poskantoorbeampte, ten effekte dat die vereistes van paragraaf (*a*) nagekom is.

DEEL VI.

TERUGBETALINGS VAN REGTE.

135. Aansoeke ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Wet om terugbetalings van regte wat na bewering te veel betaal is, moet in die voorgeskrewe vorm gedoen word, en die applikant moet die omstandighede van die saak en die redes waarom hy meen dat hy op 'n terugbetaling geregtig is, volledig daarin uiteensit.

136. (1) Geen aansoek om 'n terugbetaling van regte ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Wet word toegestaan nie, tensy dit in die voorgeskrewe vorm (Doeane S. 51) gedoen word en binne twee jaar na die datum waarop die regte betaal is, deur die bevoegde amptenaar ontvang word. Die aansoek moet tot tevredenheid van genoemde amptenaar behoorlik ingevul word en moet van al die betrokke dokumente wat hy mag verlang, vergesel gaan.

(2) In die geval van 'n tydelike deposito wat verbeur en in inkomste gestort is, moet die aansoek binne twee jaar na die datum waarop die deposito gemaak is, gedoen word.

DEEL VII.

UITVOER VAN GOEDERE.

137. (1) Die persoon wat goedere vir uitvoer inklaar, moet, indien die bevoegde amptenaar dit verlang, alle dokumente met betrekking tot die goedere, tesame met die verskepings- en afhalingsorder of vragbrief, na gelang van die geval, voorlê.

(2) In die geval van goedere wat van 'n plek in die Republiek waar daar geen doeanekantoor is nie, uitgevoer word, moet die uitvoerder of sy agent, na gelang van die geval, die inklaringsbrief vir uitvoer, tesame met die verlangde dokumente, by die spoorweg- of lugvervoerbeampte indien, wat die oorspronklike van die inklaringsbrief vir uitvoer aan die Kommissaris moet aanstuur.

138. Behoudens die bepalings van regulasie No. 137 (2), mag niemand goedere vir uitvoer in 'n skip, lugvaartuig of ander voertuig laat laai nie, tensy sodanige persoon 'n afskrif van die verskepings en afhalingsorder of vragbrief, met die datumstempel van die bevoegde amptenaar daarop, ontvang het as aanduiding dat die goedere wel vir uitvoer ingeklaar is.

139. (1) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie, mag niemand goedere in 'n skip of lugvaartuig laai nie, behalwe tussen die ure 8 vm. en 5 nm. van Maandag tot Vrydag en tussen 8 vm. en 12 middag op Saterdag. Die oplaai van goedere mag nie op enige ander tyd of op Sondae of openbare vakansiedae geskied nie, behalwe met die toestemming van, en onder die voorwaardes voorgeskryf deur, die bevoegde amptenaar wat in beheer van die hawe of lughawe is.

(2) In the case of goods loaded at Jan Smuts Airport, such goods may be loaded at any time without permission or the payment of fees for special or extra attendance.

140. Masters, pilots or their agents requesting permission to load goods into a ship or aircraft at times other than those specified in regulation No. 139 or on Sundays or public holidays may be required to pay to the proper officer fees at the prescribed rates for the attendance of such officers as the proper officer may deem necessary.

PART VIII.

Coasting Ships and Coastwise Cargo.

141. The master of a ship entering the coasting trade of the Republic and becoming a coasting ship shall pay all duties leviable on any unconsumed stores on board the ship or shall warehouse such stores in a bonded warehouse. A clearance for the ship shall not be issued to him until he has paid such duties or warehoused such stores.

142. The account mentioned in section *one hundred and sixteen* of the Act shall be in the prescribed form, but the Commissioner may authorise the omission of such particulars called for therein as he may at any time deem unnecessary. As regards clearance, regulations Nos. 147 and 148 shall apply. General or special transires shall be in the prescribed form and shall contain such additional particulars as the Commissioner may require.

143. The consignee of goods carried coastwise, or his agent, shall obtain a landing and delivery order in the prescribed form from the proper officer and shall submit to such officer the bill of lading or other evidence to the satisfaction of the said officer that the goods have come from a place in the Republic. The Railways and Harbours Administration or other landing authority, as the case may be, shall not deliver the goods until such delivery order is produced.

144. In the case of goods loaded for carriage coastwise by ship the shipper shall deliver to the proper officer, before the goods are so loaded, a loading sufferance in duplicate and in the prescribed form, and the master or agent of the ship concerned shall, if required to do so, deliver to the proper officer, within two days of the departure of the ship from the place where the goods were so loaded, a manifest in the prescribed form and containing particulars of such goods.

PART IX.

Clearance of Ships and Aircraft for Places Outside the Republic.

145. The master of a ship or the pilot of an aircraft cleared direct from a port or place in the Republic for a destination outside the Republic shall, if such ship or aircraft subsequently calls at another port or place in the Republic, again cause such ship or aircraft, as the case may be, to be cleared for such destination.

146. The master, pilot or agent shall attach to the clearance certificate a duplicate of all bills of entry for export for non-duty-paid imported goods as well as non-duty-paid excisable goods which are being exported to places outside the Republic, and also a duplicate of any application for the shipment, as stores, of non-duty-paid imported goods as well as non-duty-paid excisable goods.

147. If the ship or aircraft is also carrying coastwise goods, the master, pilot or agent shall complete separate transires for each coastal port of destination, and on his arrival at any such port he shall, before any goods are unloaded, deliver to the proper officer there the transire for that port.

148. The master, pilot or agent shall state in such transire whether there are goods on board which are being exported in bond, and shall clearly specify therein all goods (including transhipped goods) which have been consigned in bond for discharge at the port for which the transire has been taken out.

149. Regulation No. 143 shall also be compiled with in regard to clearances for destinations outside the Republic.

150. When a ship or aircraft which leaves a port or place in the Republic with excisable goods on board for overseas destinations, is also carrying goods intended for another port or place in the Republic, the fact that such excisable goods are on bond shall be noted by the master,

(2) In die geval van goedere wat te Jan Smuts-lughawe gelaai word, kan sodanige goedere te eniger tyd sonder toestemming of die betaling van gelde vir spesiale of ekstra diens, gelaai word.

140. Van gesagvoerders, loodse of hulle agente wat om toestemming vra om goedere in 'n skip of lugvaartuig te laai op ander tye as dié wat in regulasie No. 139 gespesifiseer word, of op Sondae of openbare vakansie, kan verlang word dat hulle aan die bevoegde amptenaar gelde teen die voorgeskrewe skaal moet betaal vir die diens van sodanige amptenare as wat die bevoegde amptenaar nodig mag ag.

DEEL VIII.

KUSVAARDERS EN LADINGS LANGS DIE KUS VERVOER.

141. Die gesagvoerder van 'n skip wat tot die kushandel van die Republiek toetree en 'n kusvaarder word, moet alle regte wat op onverbruikte voorrade aan boord van die skip hefbaar is, betaal, of moet sodanige voorrade in 'n doeanepakhuis opberg. 'n Klaring vir die skip word nie aan hom uitgereik voordat hy sodanige regte betaal het of sodanige voorrade opgeberg het nie.

142. Die lys genoem in artikel *honderd-en-sestien* van die Wet moet in die voorgeskrewe vorm wees, maar die Kommissaris kan die weglating magtig van sodanige besonderhede daarin gevra as wat hy te eniger tyd onnodig mag ag. Wat klaring betref, is regulasies Nos. 147 en 148 van toepassing. Algemene of spesiale geleibiljette moet in die voorgeskrewe vorm wees en moet sodanige addisionele besonderhede bevat as wat die Kommissaris mag verlang.

143. Die geadresseerde van goedere langs die kus vervoer, of sy agent, moet van die bevoegde amptenaar 'n landings- en afleweringsbrief in die voorgeskrewe vorm van die bevoegde amptenaar verkry en moet die ladingsbrief of ander bewys tot tevredenheid van genoemde amptenaar dat die goedere van 'n plek in die Republiek gekom het, aan sodanige amptenaar voorlê. Die Spoorweg-en-Hawensadministrasie of ander landingsowerheid, na gelang van die geval, mag die goedere nie aflewer voordat sodanige afleweringsbrief voorgelê word nie.

144. In die geval van goedere wat gelaai word vir vervoer per skip langs die kus, moet die verskeper, voordat die goedere aldus gelaai word, 'n laaipermit, in duplo en in die voorgeskrewe vorm, aan die bevoegde amptenaar lewer, en die gesagvoerder of agent van die betrokke skip moet, indien dit verlang word, binne twee dae na die vertrek van die skip vanaf die plek waar die goedere aldus gelaai is, 'n manifes in die voorgeskrewe vorm met besonderhede van sodanige goedere aan die bevoegde amptenaar lewer.

DEEL IX.

KLARING VAN SKEPE EN LUGVAARTUIE NA PLEKKE BUITE DIE REPUBLIEK.

145. Die gesagvoerder van 'n skip of die loods van 'n lugvaartuig wat van 'n hawe of plek in die Republiek regstreeks na 'n bestemming buite die Republiek uitgeklaar word, moet, indien sodanige skip of lugvaartuig later 'n ander hawe of plek in die Republiek aandoen, weer sodanige skip of lugvaartuig, na gelang van die geval, na sodanige bestemming laat uitklaar.

146. Die gesagvoerder, loods of agent moet aan die klaringsertifikaat 'n duplikaat vasheg van alle inklaringsbriewe vir uitvoer vir sowel ingevoerde goedere as aksynsbare goedere waarop regte nie betaal is nie, en wat na plekke buite die Republiek uitgevoer word, as ook 'n duplikaat van enige aansoek om verskeping, as voorrade, van sowel ingevoerde goedere as aksynsbare goedere waarop regte nie betaal is nie.

147. Indien die skip of lugvaartuig ook goedere langs die kus vervoer, moet die gesagvoerder, loods of agent afsonderlike geleibiljette vir elke kushawe van bestemming invul, en by sy aankoms by enige sodanige hawe moet hy, voordat enige goedere afgelaai word, die geleibiljet vir daardie hawe aan die bevoegde amptenaar aldaar oorhandig.

148. Die gesagvoerder, loods of agent moet in sodanige geleibiljet vermeld of daar goedere aan boord is wat in entrepot uitgevoer word en duidelik alle goedere (met inbegrip van oorgelaaide goedere) wat in entrepot versend is vir aflaai by die hawe waarvoor die geleibiljet uitgeneem is, daarin spesifiseer.

149. Regulasie No. 143 moet ook nagekom word ten opsigte van klarings vir bestemmings buite die Republiek.

150. Wanneer 'n skip of lugvaartuig wat vanaf 'n hawe of plek in die Republiek vertrek met aksynsbare goedere vir oorsese bestemmings aan boord ook goedere bestem vir 'n ander hawe of plek in die Republiek vervoer, moet die feit dat sodanige aksynsbare goedere aan boord is deur

pilot or agent on the manifest or transire. The proper officer at such other port or place shall cause an examination to be made of delivery orders or tallies in order to ascertain whether any goods on which a refund of excise duty has been granted or claimed, have been landed.

151. Any such excisable goods which have been landed, shall not be removed from customs control unless special authority has been obtained from the proper officer after payment to him of all excise duties which may be due.

PART X.

REMOVAL OF GOODS BETWEEN THE REPUBLIC AND THE FEDERATION OF RHODESIA AND NYASALAND.

Exports to the Federation.

152. Whenever any goods, whether grown, produced or manufactured in the Republic, or whenever any imported duty-paid or duty-free goods, whether imported for the first time or taken out of open stocks, are exported to the Federation, the exporter or his agent, as the case may be, shall, except in the case of goods exported by post, enter the goods on the prescribed Bill of Entry—Export (Customs S.40). In the case of goods forwarded by post the exporter or his agent, as the case may be, shall complete a declaration on the prescribed form " E " (Customs S.48).

153. The exporter of imported goods subsequently exported to the Federation may apply for a refund of the duty paid in importation into the Republic, provided he complies with regulation No. 131.

154. No person shall export to the Federation any goods, enumerated hereunder, which have been grown, produced or manufactured in the Republic, except in terms of a permit issued by or under the authority of the Government of the Federation of Rhodesia and Nyasaland:—

Apples—during the months of January, February, March or April.

Barley; barley malt.

Butter; cheese; ghee; cream other than sterilised cream; ice-cream and ice-cream mixes.

Cattle; beef, veal and edible products manufactured from the carcases of cattle, excluding meat extract, meat paste, meat powder, potted meat, tinned meat.

Citrus fruit—during the months of June, July, August, September, October, or November.

Compound products containing flour, meal, residues and other preparations of a kind suitable only for use as animal feedstuffs, excluding—

(*a*) chemical additions to animal feedstuffs;

(*b*) anti-biotic growth stimulants;

(*c*) inert fillers;

(*d*) trace elements;

(*e*) synthetic animal feedstuffs;

(*f*) mixed bird-seed;

(*g*) cat and dog foods;

(*h*) salt lick for cattle.

Eggs of poultry, whether in shell, pulp or dried form.

Goats; carcasses of goats.

Grapes—during the month of December.

Kaffircorn; kaffircorn meal; kaffircorn malt.

Leguminous seeds, including groundnuts, dried or otherwise, whole, ground, or split, excluding—

(*a*) those which are tinned, bottled or preserved otherwise than by drying;

(*b*) seed beans in quantities of less than 200 lb.;

(*c*) garden and maple peas.

Maize, excluding green maize on the cob, but including—

(*a*) dried maize on or off the cob;

(*b*) crushed maize;

(*c*) samp.

die gesagvoerder, loods of agent op die manifes of geleibiljet aangeteken word. Die bevoegde amptenaar by sodanige ander hawe of plek moet afleweringsbriewe of aflaailyste laat ondersoek ten einde vas te stel of goedere waarop 'n terugbetaling van aksynsregte toegestaan of geëis is, afgelaai is.

151. Enige sodanige aksynsbare goedere wat afgelaai is, mag nie uit doeanebeheer verwyder word nie, tensy spesiale magtiging van die bevoegde amptenaar verkry is na betaling aan hom van alle aksynsregte wat verskuldig mag wees.

DEEL X.

VERWYDERING VAN GOEDERE TUSSEN DIE REPUBLIEK EN DIE FEDERASIE VAN RHODESIË EN NJASSALAND.

Uitvoere na die Federasie.

152. Wanneer enige goedere, hetsy in die Republiek gekweek, geproduseer of vervaardig, of wanneer enige ingevoerde regte-betaalde of regtevrye goedere, hetsy vir die eerste keer ingevoer of uit oop voorrade geneem, na die Federasie uitgevoer word, moet die uitvoerder of sy agent, na gelang van die geval, behalwe in die geval van goedere per pos uitgevoer, die goedere op die voorgeskrewe Inklaringsbrief-Uitvoer (Doeane S. 40) inklaar. In die geval van goedere wat per pos aangestuur word, moet die uitvoerder of sy agent, na gelang van die geval, 'n verklaring op die voorgeskrewe vorm „E" (Doeane S. 48) invul.

153. Die uitvoerder van ingevoerde goedere wat later na die Federasie uitgevoer word, kan aansoek doen om 'n terugbetaling van regte wat by invoer in die Republiek betaal is, mits hy regulasie No. 131 nakom.

154. Niemand mag enige goedere, hieronder aangegee, wat in die Republiek gekweek, geproduseer of vervaardig is, na die Federasie uitvoer nie, behalwe kragtens 'n permit wat deur of op gesag van die Regering van die Federasie van Rhodesië en Njassaland uitgereik is: —

Appels—gedurende die maande Januarie, Februarie, Maart of April.

Gars; garsmout.

Botter; kaas; ghee; room, uitgesonderd gesteriliseerde room; roomys en roomyspreparate.

Beeste; beesvleis, kalfsvleis en eetbare produkte van die karkasse van beeste vervaardig, uitgesonderd vleisekstrak, vleispasta, vleispoeier, vleissmeer, blikkiesvleis.

Sitrusvrugte—gedurende die maande Junie, Julie, Augustus, September, Oktober of November.

Saamgestelde produkte bevattende meelblom, meel, oorblyfsels en ander preparate van 'n soort wat slegs vir gebruik as dierevoer geskik is, uitgesonderd—

(*a*) chemiese addisiestowwe by dierevoer;
(*b*) anti-biotiese groeistimuleermiddels;
(*c*) inaktiewe vulstowwe;
(*d*) spoorelemente;
(*e*) sintetiese dierevoer;
(*f*) gemengde voëlsaad;
(*g*) kat- en hondekossoorte;
(*h*) soutlek vir beeste.

Eiers van pluimvee, hetsy in dop-, pap- of gedroogde vorm.

Bokke; karkasse van bokke.

Druiwe—gedurende Desember.

Kafferkoring; kafferkoringmeel; kafferkoringmout.

Peulgewassade, met inbegrip van grondboontjies, gedroog of andersins, heel, gemaal, of gesplete, uitgesonderd—

(*a*) dié wat in blikke, bottels of op 'n ander wyse as deur droging gepreserveer is;
(*b*) saadboontjies in hoeveelhede van minder as 200 lb.;
(*c*) tuinertjies en akkerertjies.

Mielies, uitgesonderd groenmielies aan die kop, maar met inbegrip van—

(*a*) droë mielies aan die kop of afgemaak;
(*b*) gebreekte mielies;
(*c*) stampmielies.

Maize meal, including—

(*a*) maize grits;

(*b*) maize cones;

(*c*) hominy chop;

(*d*) maize offals;

(*e*) processed maize meal with or without additives.

Munga; munga meal.

Oil-seed; oil-cake; oil-cake meal and offals and residues from oil-seeds.

Onions—during the months of August, September, October, November, December or January.

Peaches—during the month of November.

Pears—during the month of January.

Pigs; edible products manufactured from the carcasses of pigs, including canned products.

Plums—during the months of November or December.

Potatoes.

Poultry, whether live or dead, including day-old chicks.

Rupoko; rupoko meal.

Sheep; mutton, lamb and edible products manufactured from the carcasses of sheep, excluding canned products.

Timber, in the rough or rough sawn, of coniferous or eucalypt species of a value for duty purposes, as defined in the customs legislation of the importing territory, not exceeding 75c (seventy-five cents) per cubic foot f.o.r./f.o.b. place of despatch.

Boxes and casks, wooden, empty or in shooks or staves, of coniferous or eucalypt species.

Tomatoes.

Vegetable oils, excluding almond oil, castor oil, coconut oil, linseed oil, olive oil, palm-kernel oil, palm oil.

Imports through or from the Federation.

155. In the case of goods imported overland through or from the Federation the carrier shall without delay deliver to the proper officer copies of waybills, consignment notes or alternative documents on which the goods are described and the names and addresses of the consignees are shown.

156. (1) The importation of any goods, enumerated in regulation 154, which have been grown, produced or manufactured in the Federation, is prohibited, except in terms of a permit issued by or under the authority of the Government of the Republic of South Africa.

(2) Slaughter cattle and beef carcasses or quarters (fresh, frozen or chilled) exported from the Federation to the Republic shall be consigned to the Livestock and Meat Industries Control Board.

157. The duty-free admission of flue-cured Virginia-type leaf tobacco grown in the Federation shall be subject to a permit issued by the Secretary for Agricultural Economics and Marketing.

PART XI.

PRESCRIBED FORMS.

158. The prescribed forms required for customs purposes shall be set out as shown in the Second Schedule hereto and shall be printed—

(*a*) lengthwise or upright as indicated;

(*b*) on white paper, except where otherwise indicated; and

(*c*) in ink of the colour indicated.

159. The forms shall, except where otherwise indicated, be 13 inches by 8 inches, and the space marked "FOR OFFICIAL USE ONLY" shall be two inches by two inches.

160. The columns headed "Railway Advice Note Number" are for use in respect of goods arriving by rail.

161. The columns headed "Code No." are for official statistical use only.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

Mieliemeel, met inbegrip van—

(*a*) mieliegruis;

(*b*) mielie-bakkerstrooisel;

(*c*) mieliehart (hominy chop);

(*d*) mielieafvalprodukte;

(*e*) verwerkte mieliemeel met of sonder addisiestowwe.

Munga; mungameel.

Oliesaad; oliekoek; oliekoekmeel en afval en oorblyfsels van oliesaadsoorte.

Uie—gedurende die maande Augustus, September, Oktober, November, Desember of Januarie.

Perskes—gedurende November.

Pere—gedurende Januarie.

Varke, eetbare produkte vervaardig van die karkasse van varke, met inbegrip van ingemaakte produkte.

Pruime—gedurende November of Desember.

Aartappels.

Pluimvee, hetsy lewend of dood, met inbegrip van dag-oud kuikens.

Rupoko; rupokomeel.

Skape; skaapvleis, lamvleis en eetbare produkte vervaardig van die karkasse van skape, uitgesonderd ingemaakte produkte.

Hout, ru of ru-gesaag, van keëldraende of bloekomsoorte van 'n waarde vir invoerregdoeleindes, soos omskryf in die doeanewetgewing van die invoerende gebied, van hoogstens 75c (vyf-en-sewentig sent) per kubieke voet v.o.s./v.a.b. plek van versending.

Kiste en vate, van hout, leeg of in plank- of duievorm, van keëldraende of bloekomsoorte.

Tamaties.

Plantaardige oliesoorte, uitgesonderd amandelolie, kasterolie, klapperolie, lynsaadolie, olyfolie, palmpitolie, palmolie.

Invoere deur of uit die Federasie.

155. In die geval van goedere wat oorland deur of uit die Federasie ingevoer is, moet die vervoerder sonder versuim afskrifte van geleibriewe, vragbriewe of alternatiewe dokumente waarop die goedere beskryf word en die name en addresse van die geadresseerdes aangetoon word aan die bevoegde amptenaar lewer.

156. (1) Die invoer van enige goedere, in regulasie No. 154 aangegee, wat in die Federasie gekweek, geproduseer of vervaardig is, word belet, behalwe kragtens 'n permit wat deur of op gesag van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika uitgereik is.

(2) Slagbeeste en beeskarkasse of -kwarte (vars, bevrore of verkoel) wat uit die Federasie na die Republiek uitgevoer word, moet na die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerheid versend word.

157. Die doeanevrye toelating van oondgedroogde Virginiese tipe blaartabak wat in die Federasie gekweek is, is onderworpe aan 'n permit wat deur die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking uitgereik word.

DEEL XI.

VOORGESKREWE VORMS.

158. Die voorgeskrewe vorms wat vir doeanedoeleindes vereis word, moet soos in die Tweede Bylae hiervan aangetoon, uiteengesit wees en moet—

(*a*) oorlangs of oordwars soos aangedui, gedruk word;

(*b*) op wit papier, behalwe waar anders aangedui gedruk word; en

(*c*) met ink van die aangeduide kleur gedruk word.

159. Die vorms moet, behalwe waar anders aangedui word, 13 duim by agt duim wees, en die plek gemerk „SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK" moet twee duim by twee duim wees.

160. Die kolomme met die opskrif „Spoorwegadviesbriefnommer" is vir gebruik ten opsigte van goedere wat per spoor aankom.

161. Die kolomme met die opskrif „Kodenommer" is slegs vir amptelike statistiese gebruik.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

FIRST SCHEDULE.

REGULATION 1.

1. PORTS OF ENTRY, WAREHOUSING PORTS, PORTS FOR PARTICULAR AND LIMITED PURPOSES, AND CUSTOMS AERODROMES:—

(1) Ports of Entry—

Cape Province—
Cape Town.
Port Elizabeth.
East London.
Mossel Bay.
Kimberley.
Mafeking.

Natal—
Durban.
Pietermaritzburg.

Transvaal—
Johannesburg.
Pretoria.
Germiston.
Benoni.
Beit Bridge.
Komatipoort.
Lebombo, at the point on the Lebombo Mountains where the main road from Lourenco Marques leaves Ressano Gracia and enters the Republic.
Pafuri.

Orange Free State—
Bloemfontein.

South West Africa—
Walvis Bay.
Windhoek.
Lüderitz.
Oshikango.
Ondangua.

NOTE.—Goods imported or exported through Oshikango or Ondangua shall be conveyed to their destination only over the direct road or route between those places.

(2) Warehousing Ports—

Cape Province—
Cape Town.
Port Elizabeth.
East London.
Mossel Bay.
Simonstown, in respect of petroleum products.
Kimberley.
Mafeking.
Saldanha Bay, in respect of petroleum products.

Natal—
Durban.
Pietermaritzburg.
Louis Botha Airport, in respect of petroleum products.

Transvaal—
Johannesburg.
Pretoria.
Germiston.
Benoni.
Beit Bridge.
Komatipoort
Jan Smuts Airport, in respect of the airport area only.

Orange Free State—
Bloemfontein.

South West Africa—
Walvis Bay.
Lüderitz.
Windhoek.
J. G. Strijdom Airport, Windhoek, in respect of petroleum products.

(3) Ports for Limited Purposes—
Port Nolloth.
Doring Bay.
Hondeklip Bay.
Hottentot Bay.
Lamberts Bay.
Saldanha Bay.
Port St. Johns.
Sandwich Harbour.
Simonstown.
Stompneus Bay.
Alexander Bay.

EERSTE BYLAE.

REGULASIE 1.

1. INKLARINGSHAWENS, OPBERGINGSHAWENS, HAWENS VIR BESONDERE EN BEPERKTE DOELEINDES, EN DOEANELUGHAWENS:—

(1) Inklaringshawens:—

Kaapprovinsie—

Kaapstad.
Port Elizabeth.
Oos-Londen.
Mosselbaai.
Kimberley.
Mafeking.

Natal—

Durban.
Pietermaritzburg.

Transvaal—

Johannesburg.
Pretoria.
Germiston.
Benoni.
Beitbrug.
Komatipoort.
Lebombo, by die plek op die Lebomboberge waar die hoofpad van Lourenco Marques af Ressano Gracia verlaat en die Republiek binnekom.
Pafuri.

Oranje-Vrystaat—

Bloemfontein.

Suidwes-Afrika—

Walvisbaai.
Windhoek.
Lüderitz.
Oshikango.
Ondangua.

OPMERKING.—Goedere wat deur Oshikango of Ondangua ingevoer of uitgevoer word moet slegs oor die regstreekse pad of roete tussen daardie plekke na hulle bestemming vervoer word.

(2) Opbergingshawens:—

Kaapprovinsie—

Kaapstad.
Port Elizabeth.
Oos-Londen.
Mosselbaai.
Simonstad, ten opsigte van petroleumprodukte.
Kimberley.
Mafeking.
Saldanhabaai, ten opsigte van petroleumprodukte.

Natal—

Durban.
Pietermaritzburg.
Louis-Botha-lughawe, ten opsigte van petroleumprodukte.

Transvaal—

Johannesburg.
Pretoria.
Germiston.
Benoni.
Beitbrug.
Komatipoort.
Jan Smuts-lughawe, slegs ten opsigte van die lughawegebied.

Oranje-Vrystaat—

Bloemfontein.

Suidwes-Afrika—

Walvisbaai.
Lüderitz.
Windhoek.
J. G. Strijdom-lughawe, Windhoek, ten opsigte van petroleumprodukte.

(3) Hawens vir Beperkte Doeleindes:—

Port Nolloth.
Doringbaai.
Hondeklipbaai.
Hottentotbaai.
Lambertsbaai.
Saldanhabaai.
Port St. Johns.
Sandwichhawe.
Simonstad.
Stompneusbaai.
Alexanderbaai.

The following conditions shall apply in respect of ports for limited purposes:—

(1) No goods shall be landed at any of the said ports unless such goods—

(*a*) were produced or manufactured in the Republic, or, if they are imported goods, have previously been entered for the payment of duty at an appointed port of entry;

(*b*) have been conveyed thereto by a ship engaged solely in the coasting trade.

(2) No goods shall be exported from any of the said ports in any ship which has on board goods liable to duty, except under the supervision of a customs officer. The expense in connection with the attendance of the said officer, when such attendance is required at any of the said ports, shall be guaranteed to the satisfaction of the Commissioner by the master or agent of the ship.

(3) All goods loaded for export at any of the said ports shall previously have been entered for export, and the ship in which the goods are loaded shall have obtained clearance at such port of entry as may be indicated by the Commissioner.

(4) In the case of Alexander Bay, the following further condition shall apply:—

No goods shall be landed at Alexander Bay unless they are intended for use or consumption within the area controlled by the Alluvial State Diggings and within the area bounded on the west by the low-water mark of the sea for a distance of 30 miles in a northerly direction from the northern bank of the Orange River, on the north by a line parallel to the northern bank of the Orange River for a distance of 30 miles, on the east by a line parallel to the low-water mark of the sea, and on the south by the northern bank of the Orange River.

(5) Notwithstanding the provisions of paragraphs (1), (2) and (3), furnace and diesel oil imported in bulk may be landed at Saldanha Bay and Simonstown direct ex ship for storage in an approved warehouse for supply to ships, provided that all customs requirements in respect of entry inwards and outwards of the ships and the warehousing and clearance of such oil shall first have been complied with at Cape Town.

(4) Customs Aerodromes—

The Civil Aerodromes at—

Germiston Controlled Area: Rand Airport.
Cape Town: D. F. Malan Airport.
Durban—
Louis Botha Airport.
Municipal Airport at Virginia.
Jan Smuts Airport.
Komatipoort.
Mafeking.
Pietersburg.
Windhoek: J. G. Strydom Airport.

NOTE.—Aircraft pilots requiring clearance at the above-mentioned aerodromes (except Jan Smuts Airport) at which no resident customs officers are stationed, are required to give at least twelve hours' notice of the time and date of their arrival to the customs office at the places mentioned in order that arrangements may be made for the attendance of the necessary officers.

REGULATION 8.

---

2. HOURS OF GENERAL ATTENDANCE.

(1) For all ports, except Beit Bridge, Benoni, Kimberley, Komatipoort, Mafeking, Pietermaritzburg and Customs Aerodromes:—

(*a*) At the Custom House:—

(i) For the acceptance of bills of entry (except bills of entry for export) and for the receipt of duties and other revenue—

Monday to Friday	9 a.m. to 12.30 p.m.;
Saturday	9 a.m. to 12 noon.

(ii) For the acceptance of bills of entry for export—

Monday to Friday	8.30 a.m. to 4 p.m.;
Saturday	8.30 a.m. to 12 noon.

(iii) For other business—

Monday to Friday	8.30 a.m. to 4.30 p.m.;
Saturday	8.30 a.m. to 12.30 p.m.

(*b*) At the searcher's office, except for passengers and baggage:—

For ordinary business—

Monday to Friday	8.30 a.m. to 4.30 p.m.;
Saturday	8.30 a.m. to 12 noon.

(*c*) Other than (*a*) and (*b*):—

For business in State warehouses, transit sheds and bonded warehouses, and also for general business in connection with landing and shipping, including the examination of passengers and their baggage—

Monday to Friday	8 a.m. to 5 p.m.;
Saturday	8 a.m. to 12 noon.

Onderstaande voorwaardes is van toepassing ten opsigte van hawens vir beperkte doeleindes:—

(1) Geen goedere mag by enigeen van genoemde hawens afgelaa word nie, tensy sodanige goedere—

(*a*) in die Republiek geproduseer of vervaardig is, of, as hulle ingevoerde goedere is, hulle voorheen vir die betaling van regte by 'n aangewese inklaringshawe ingeklaar is;

(*b*) daarheen vervoer is met 'n skip wat slegs in die kushandel gebruik word.

(2) Geen goedere mag van enigeen van genoemde hawens uitgevoer word in enige skip wat goedere onderworpe aan doeanereg aan boord het nie, behalwe onder toesig van 'n doeanebeampte. Die onkoste in verband met die diens van genoemde beampte, wanneer sodanige diens by enige van genoemde hawens verlang word, moet tot tevredenheid van die Kommissaris deur die gesagvoerder of agent van die skip gewaarborg word.

(3) Alle goedere wat by enige van genoemde hawens vir uitvoer gelaai word, moet vooraf vir uitvoer ingeklaar gewees het, en die skip waarin die goedere gelaai word, moet klaring verkry het, by sodanige inklaringshawe as wat deur die Kommissaris aangewys mag word.

(4) In die geval van Alexanderbaai is die volgende verdere voorwaarde van toepassing:—

Geen goedere mag by Alexanderbaai afgelaai word nie, tensy hulle bedoel is vir gebruik of verbruik binne die gebied beheer deur die Alluviale Staatsdelwerye en binne die gebied begrens aan die westekant deur die laagwatermerk van die see oor 'n afstand van 30 myl in 'n noordelike rigting vanaf die noordelike oewer van die Oranjerivier, aan die noordekant deur 'n lyn parallel met die noordelike oewer van die Oranjerivier oor 'n afstand van 30 myl, aan die oostekant deur 'n lyn parallel met die laagwatermerk van die see, en aan die suidekant deur die noordelike oewer van die Oranjerivier.

(5) Ondanks die bepalings van paragrawe (1), (2) en (3), mag brand- en dieselolie wat in massa ingevoer word, by Saldanhabaai en Simonstad regstreeks uit 'n skip afgelaai word vir opberging in 'n goedgekeurde pakhuis vir verskaffing aan skepe, mits alle doanevereistes ten opsigte van die in- en uitklaring van die skepe en die opberging en klaring van sodanige olie eers te Kaapstad nagekom is.

(4) Doeanelughawens:—

Die burgerlike vliegvelde by—

Beheerde gebied Germiston: Rand-lughawe.
Kaapstad: D. F. Malan-lughawe.
Durban—

Louis Botha-lughawe.
Munisipale lughawe te Virginia.

Jan Smuts-lughawe.
Komatipoort.
Mafeking.
Pietersburg.
Windhoek: J. G. Strijdom-lughawe.

OPMERKING.—Van lugvaartuigloodse wat klaring verlang by bogemelde vliegvelde (uitgesonderd Jan Smuts-lughawe) waar daar geen residentdoeanebeamptes gestasioneer is nie, word vereis dat minstens 12 uur kennis van die tyd en datum van hulle aankoms aan die doeanekantoor by genoemde plekke gegee word sodat reëlings vir die diens van die nodige beamptes getref kan word.

REGULASIE 8.

---

2. ALGEMENE DIENSURE.

(1) By alle hawens, uitgesonderd Beitbrug, Benoni, Kimberley, Komatipoort, Mafeking, Pietermaritzburg en Doeanevliegvelde:—

(*a*) By die doeanekantoor:—

(i) Vir die aanname van inklaringsbriewe (uitgesonderd inklaringsbriewe vir uitvoer) en vir die ontvangs van regte en ander inkomste—

Maandag tot Vrydag	9 vm. tot 12.30 nm.;
Saterdag	9 vm. tot 12 middag.

(ii) Vir die aanname van inklaringsbriewe vir uitvoer—

Maandag tot Vrydag	8.30 vm. tot 4 nm.;
Saterdag	8.30 vm. tot 12 middag.

(iii) Vir ander sake—

Maandag tot Vrydag	8.30 vm. tot 4.30 nm.;
Saterdag	8.30 vm. tot 12.30 nm.

(*b*) By die visenteerkantoor, uitgesonderd vir passasiers en bagasie:—

Vir gewone sake—

Maandag tot Vrydag	8.30 vm. tot 4.30 nm.;
Saterdag	8.30 vm. tot 12 middag.

(*c*) Ander as (*a*) en (*b*):—

Vir sake in staatspakhuise, deurvoerloodse en doeanepakhuise asook vir algemene sake in verband met aflaai en inskeping, met inbegrip van die ondersoek van passasiers en hul bagasie—

Maandag tot Vrydag	8 vm. tot 5 nm.;
Saterdag	8 vm. tot 12 middag.

(2) (*a*) Bet Br dge:—

Daily	6 a.m. to 8 p.m.
Benoni:—	
Monday to Friday	8.30 a.m. to 12 noon;
Saturday	8.30 a.m. to 11 a.m.
Kimberley:—	
Daily	8.30 a.m. to 12.30 p.m.
Komatipoort:—	
Daily	7 a.m. to 8 p.m.
Mafeking:—	
Daily	9 a.m. to 11 a.m.
Pietermaritzburg:—	
Daily	8.30 a.m. to 12.30 p.m.

(*b*) Customs Aerodromes:—

(i) Pietersburg Civil Aerodrome:—

Monday to Friday	8 a.m. to 5 p.m.;
Saturday	8 a.m. to 12 noon.

(ii) Jan Smuts Airport:—

(*a*) For the acceptance of bills of entry (except bills of entry for export) and for the receipt of duties and other revenue—

Monday to Friday	8 a.m. to 12 noon;
Saturday	8 a.m. to 11.30 a.m.

(*b*) For the acceptance of bills of entry for export—

Monday to Friday	8 a.m. to 3.30 p.m.;
Saturday	8 a.m. to 11.30 a.m.

(*c*) For the examination of passengers and their baggage—twenty-four hour service.

(*d*) For other business—

Monday to Friday	8 a.m. to 4 p.m.;
Saturday	8 a.m. to 12 noon.

NOTE.—Attention is drawn to the provisions of paragraph 1 (4) above in terms of which aircraft pilots requiring clearance at customs aerodromes other than Jan Smuts Airport must give at least 12 hours' notice of the time and date of their arrival in order that arrangements may be made for the attendance of the necessary officers.

REGULATION 15.

3. CERTIFICATE TO BE ENDORSED ON POSTAL PACKAGES NOT EXCEEDING R20 IN VALUE AND NOT CONTAINING MERCHANDISE FOR SALE:—

The contents of this package are not merchandise for sale, and every article herein is to the extent of at least one-fourth of its present value the produce or manufacture of_____

Dated at_____this_____day of_____19____

Signature_____

REGULATION 17.

4. GOODS FOR WHICH SPECIAL CERTIFICATES OF ORIGIN ARE REQUIRED.

Tariff Item.	*Goods.*
76 (6) (*a*) (viii) (A) 76 (6) (*b*) (ix) (A)	Printed woven fabrics in the piece, containing 50 per cent or more by weight of cotton and of a free-on-board price not exceeding R1.10 per lb. by weight of material, but excluding indigo blue discharge prints and fabrics of a width exceeding 45 inches (other than split fabrics, or wide fabrics designed for splitting into individual widths not exceeding 45 inches).
78 (6) (*d*) (ix) (A)	Printed woven fabrics in the piece, containing more than 50 per cent by weight of rayon or cellulose acetate or mixtures thereof and of a free-on-board price not exceeding R1.10 per lb. by weight of material, but excluding indigo blue discharge prints, fabrics of a width exceeding 45 inches (other than split fabrics, or wide fabrics designed for splitting into individual widths not exceeding 45 inches) and all napped or raised, plush or pile and embossed fabrics.

REGULATION 16.

5. GOODS, THE ORDINARY MARKET PRICE OF WHICH DURING THE SIX MONTHS PRIOR TO EXPORT TO THE REPUBLIC MUST BE SHOWN ON THE INVOICES:—

(1) Women's new ready-made outer clothing;
(2) women's underwear;
(3) women's hats;
(4) women's and girls' finished nylon stockings;
(5) men's and boys' finished socks and three-quarter hose;
(6) towels of woven terry-towelling;
(7) woven terry-towelling containing 50 per cent or more by weight of cotton;
(8) D.D.T. and D.D.T. products.

(2) (*a*) Beitbrug:—
Daagliks..... 6 vm. tot 8 nm.
Benoni:—
Maandag tot Vrydag..... 8.30 vm. tot 12 middag;
Saterdag..... 8.30 vm. tot 11 vm.
Kimberley:—
Daagliks..... 8.30 vm. tot 12.30 nm.
Komatipoort:—
Daagliks..... 7 vm. tot 8 nm.
Mafeking:—
Daagliks..... 9 vm. tot 11 vm.
Pietermaritzburg:—
Daagliks..... 8.30 vm. tot 12.30 nm.

(*b*) Doeanelughawens:—

(i) Burgerlike vliegveld, Pietersburg—
Maandag tot Vrydag..... 8 vm. tot 5 nm.;
Saterdag..... 8 vm. tot 12 middag.

(ii) Jan Smuts-lughawe:—

(*a*) Vir die aanname van inklaringsbriewe (uitgesonderd inklaringsbriewe vir uitvoer) en vir die ontvangs van regte en ander inkomste—
Maandag tot Vrydag..... 8 vm. tot 12 middag;
Saterdag..... 8 vm. tot 11.30 vm.

(*b*) Vir die aanname van inklaringsbriewe vir uitvoer—
Maandag tot Vrydag..... 8 vm. tot 3.30 nm.;
Saterdag..... 8 vm. tot 11.30 vm.

(*c*) Vir die ondersoek van passasiers en hul bagasie—
Etmaaldiens.

(*d*) Vir ander sake—
Maandag tot Vrydag..... 8 vm. tot 4 nm.;
Saterdag..... 8 vm. tot 12 middag.

OPMERKING.—Die aandag word gevestig op die bepalings van paragraaf 1 (4) hierbo waarvolgens lugvaartuigloodse wat inklaring by ander doeanevliegvelde as Jan Smuts-lughawe verlang minstens 12 uur kennis moet gee van die tyd en datum van hul aankoms sodat reëlings vir die diens van die nodige beamptes getref kan word.

REGULASIE 15.

3. SERTIFIKAAT WAT GEËNDOSSEER MOET WORD OP POSPAKKETTE WAARVAN DIE WAARDE HOOGSTENS R20 IS EN WAARIN DAAR GEEN HANDELWARE VIR VERKOOP IS NIE:—

Die inhoud van hierdie pakket is nie handelsware vir verkoop nie, en elke artikel hierin is tot die bedrag van minstens 'n vierde van sy huidige waarde, die produk of fabrikaat van.....
Gedateer te.....op hede die.....
.....dag van.....19....

Handtekening.....

REGULASIE 17.

4. GOEDERE WAARVOOR SPESIALE SERTIFIKATE VAN HERKOMS NODIG IS:—

Tariefitem.	*Goedere.*
76 (6) (*a*) (viii) (A) 76 (6) (*b*) (ix) (A)	Bedrukte geweefde stukgoedere bevattende 50 persent of meer katoen volgens gewig en met 'n prys vry-aan-boord van hoogstens R1.10 per pond gewig aan materiaal, maar uitgesonderd indigoblou etsdrukke en stowwe met 'n breedte van meer as 45 duim (uitgesonderd strookstowwe, of breë stowwe ontwerp om van mekaar gesny te word in afsonderlike breedtes van hoogstens 45 duim).
78 (6) (*d*) (ix) (A)	Bedrukte geweefde stukgoedere bevattende volgens gewig meer as 50 persent rayon of sellulose-asetaat of mengsels daarvan en met 'n prys vry-aan-boord van hoogstens R1.10 per pond gewig aan materiaal, maar uitgesonderd indigoblou etsdrukke, stowwe met 'n breedte van meer as 45 duim (uitgesonderd strookstowwe, of breë stowwe ontwerp om van mekaar gesny te word in afsonderlike breedtes van hoogstens 45 duim) en alle pluis- of ru-gemaakte, pluche of pol- en geëmbosseerde stowwe.

REGULASIE 16.

5. GOEDERE WAARVAN DIE GEWONE MARKPRYS GEDURENDE DIE SES MAANDE VOOR UITVOER NA DIE REPUBLIEK OP DIE FAKTURE AANGETOON MOET WORD:—

(1) Nuwe klaargemaakte boklere vir dames;
(2) onderklere vir dames;
(3) hoede vir dames;
(4) klaargemaakte nylonkouse vir dames en meisies;
(5) klaargemaakte sokkies en driekwartkouse vir mans en seuns;
(6) handdoeke van geweefde terryhanddoekmateriaal;
(7) geweefde terryhanddoekmateriaal bevattende 50 persent of meer katoen volgens gewig.
(8) D.D.T. en D.D.T.-produkte.

REGULATION 16.

6. GOODS REQUIRING SPECIAL INVOICING:—

(1) Spirits, potable and other, and spirituous preparations (including pharmaceuticals):—

The percentage of proof spirits or the percentage of alcohol by volume or weight is to be shown.

(2) Textile fibres, yarns, fabrics, clothing and apparel:—

(*a*) The fibre content of textile products must be shown as a percentage by weight.

(*b*) *Fibres.*—If the fibres are man-made, the type must be stated and also the fact whether they are staple fibres (discontinuous) or filament fibres (continuous).

(*c*) *Yarns.*—In respect of yarns, threads and twists the ply and the yarn count or denier must be stated. If the fibres are man-made the type must be stated and also the fact whether they are staple fibres (discontinuous) or filament fibres (continuous).

(*d*) *Fabrics.*—The type of weave, construction and finish must be stated in respect of all fabrics.

REGULATION 66.

7. PORTS TO WHICH GOODS MAY BE REMOVED WITHOUT EXAMINATION OR PRODUCTION OF INVOICES:—

Cape Province:—
Cape Town.
Port Elizabeth.
East London.
Mossel Bay.
Kimberley.
Mafeking.

Natal:—
Durban.
Pietermaritzburg.

Transvaal:—
Johannesburg.
Pretoria.
Germiston.
Benoni.
Beit Bridge.
Komatipoort.
Jan Smuts Airport, in respect of the airport area only.

Orange Free State:—
Bloemfontein.

South West Africa:—
Walvis Bay.
Windhoek.
J. G. Strijdom Airport, Windhoek, in respect of the airport area only.
Lüderitz.

REGULATIONS 87 AND 88.

8. ARTICLES AND QUANTITIES THEREOF WHICH MAY BE RETAINED BY THE MASTER OR PILOT AND EACH MEMBER OF THE CREW:—

(1) The master or pilot (for a period of four days):—

Tobacco in any form	8 ounces.
Potable spirits in any form	1 reputed quart.
Wine	4 reputed quarts.
Beer or stout	4 reputed quarts.

(2) Officers, including pursers, surgeons, chief stewards, wireless operators and serangs (for a period of four days):—

Tobacco in any form	6 ounces.
Potable spirits in any form	1 reputed quart.
Wine	4 reputed quarts.
Beer or stout	4 reputed quarts.

(3) Other members of the crew (for a period of four days):—

Tobacco in any form	4 ounces.
Potable spirits in any form	Nil.
Wine	4 reputed quarts. *
Beer or stout	Nil.

* Only in the case of ships or aircraft belonging to countries where provision is made for wine in the statutory list of provisions or rations.

REGULATION 89.

9. ARTICLES AND QUANTITIES THEREOF WHICH MAY BE ISSUED TO THE MASTER OR PILOT AND EACH MEMBER OF THE CREW AFTER A PERIOD OF FOUR DAYS:—

(1) The master or pilot (per day):—

Tobacco in any form	1 ounce.
Potable spirits in any form	¼ reputed pint.
Wine	1 reputed quart.
Beer or stout	1 reputed quart.

REGULASIE 16.

6. GOEDERE WAARVOOR SPESIALE FAKTURERING VEREIS WORD:—

(1) Spiritus, drinkbaar en ander, en alkoholiese preparate (met inbegrip van farmaseutiese preparate):—

Die persentasie proefspiritus of die persentasie alkohol volgens volume of gewig moet aangetoon word.

(2) Tekstielvesels, garedraad, stowwe, klerasie en kledingstukke:—

(*a*) Die veselinhoud van tekstielprodukte moet as 'n persentasie volgens gewig aangetoon word.

(*b*) *Vesels.*—Indien die vesels gefabriseer is, moet die tipe gemeld word, asook die feit of hulle stapelvesels (onderbroke) of kontinuvesels (ononderbroke) is.

(*c*) *Garedraad.*—In die geval van garedraad, gare en getwynde gare moet die getal voue en die garedraadnommer of denier gemeld word. Indien die vesels gefabriseer is, moet die tipe gemeld word, asook die feit of hulle stapelvesels (onderbroke) of kontinuvesels (ononderbroke) is.

(*d*) *Stowwe.*—Die soort weef, konstruksie en afwerking moet ten opsigte van alle stowwe gemeld word.

REGULASIE 66.

7. HAWENS WAARHEEN GOEDERE, SONDER ONDERSOEK OF VOORLEGGING VAN FAKTURE, VERWYDER MAG WORD:—

Kaapprovinsie:—
Kaapstad.
Port Elizabeth.
Oos-Londen.
Mosselbaai.
Kimberley.
Mafeking.

Natal:—
Durban.
Pietermaritzburg.

Transvaal:—
Johannesburg.
Pretoria.
Germiston.
Benoni.
Beitbrug.
Komatipoort.
Jan Smuts-lughawe, slegs ten opsigte van die lughawegebied.

Oranje-Vrystaat:—
Bloemfontein.

Suidwes-Afrika:—
Walvisbaai.
Windhoek.
J. G. Strijdom-lughawe, Windhoek, slegs ten opsigte van die lughawegebied.
Lüderitz.

REGULASIES 87 EN 88.

8. ARTIKELS EN HOEVEELHEDE DAARVAN WAT DEUR DIE GESAGVOERDER OF LOODS EN ELKE LID VAN DIE BEMANNING BEHOU MAG WORD:—

(1) Die gesagvoerder of loods (vir 'n tydperk van vier dae):—

Tabak in enige vorm	8 onse.
Drinkbare spiritualieë in enige vorm	1 beweerde kwart.
Wyn	4 beweerde kwarte.
Bier of „ stout "	4 beweerde kwarte.

(2) Offisiere, met inbegrip van betaalmeesters, dokters, hoofbediendes, radio-operateurs en serangs (vir 'n tydperk van vier dae):—

Tabak in enige vorm	6 onse.
Drinkbare spiritualieë in enige vorm	1 beweerde kwart.
Wyn	4 beweerde kwarte.
Bier of „ stout "	4 beweerde kwarte.

(3) Ander lede van die bemanning (vir 'n tydperk van vier dae):—

Tabak in enige vorm	4 onse.
Drinkbare spiritualieë in enige vorm	geen.
Wyn	4 beweerde kwarte.*
Bier of „ stout "	geen.

* Slegs in die geval van skepe of lugvaartuie van lande waar voorsiening gemaak word vir wyn in die statutêre lys van proviand of rantsoene.

REGULASIE 89.

9. ARTIKELS EN HOEVEELHEDE DAARVAN WAT AAN DIE GESAGVOERDER OF LOODS EN ELKE LID VAN DIE BEMANNING NA 'N TYDPERK VAN VIER DAE UITGEREIK MAG WORD:—

(1) Die gesagvoerder of loods (per dag):—

Tabak in enige vorm	1 ons.
Drinkbare spiritualieë in enige vorm	¼ van 'n beweerde pint.
Wyn	1 beweerde kwart.
Bier of „ stout "	1 beweerde kwart.

(2) Officers, including pursers, surgeons, chief stewards, wireless operators and serangs (per day):—

Tobacco in any form	¾ ounce.
Potable spirits in any form	½ reputed pint.
Wine	1 reputed quart.
Beer or stout	1 reputed quart.

(3) Other members of the crew (per day):—

Tobacco in any form	½ ounce.
Potable spirits in any form	Nil.
Wine	1 reputed quart.*
Beer or stout	Nil.

* Only in the case of ships or aircraft belonging to countries where provision is made for wine in the statutory list of provisions or rations.

REGULATION 108 (1).

10. SUGGESTED HEADINGS FOR REBATE STOCK BOOK.

RECEIPTS:—

Date received.
Number and Date of Bill of Entry or Transfer Form.
Name of Ship or Name and Address of Transferor.
Description and Quantity of Goods.

ISSUES OR DISPOSALS:—

Date.
Issued to Factory. Received by.
Goods Produced and Quantity.
Reference.

NOTE.—The suggested headings do not concern those manufacturers who are already using a stock book in an approved form.

REGULATION 122.

11. ORGANISATIONS WHICH MAY CLEAR GOODS IN TERMS OF ITEM 934 (1) OF THE THIRD SCHEDULE TO THE ACT.

(1) Athlone School for the Blind, Faure, C.P.
(2) Blind Workers' Society, Brakpan, Transvaal.
(3) Civilian Blind Societies at Salt River, East London, Grahamstown, Port Elizabeth, Stellenbosch, Bloemfontein.
(4) Institute for Blind Workers, Johannesburg.
(5) League of Friends of the Blind, Cape Town.
(6) Natal Bantu Blind Society, Durban.
(7) Natal European and Coloured Civilian Blind Association, Durban.
(8) Natal Indian Blind Society, Durban.
(9) S.A. Library for the Blind, Grahamstown.
(10) School for the Blind, Worcester, C.P.
(11) Society to help Civilian Blind, Pretoria.
(12) St. Dunstan's (South Africa).
(13) Transvaal Society for the Care of Non-European Blind, Johannesburg.
(14) Worcester Workshop and Homes for the Blind, Worcester, C.P.

REGULATION 126 (2).

12. FORM OF DECLARATION AND UNDERTAKING REQUIRED IN TERMS OF REGULATION 126 (2).

CUSTOMS—REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

DECLARATION AND UNDERTAKING ON TRANSFER OF REBATE STOCKS TO A PACKER OF PETROL AND PARAFFIN OIL.

To the Collector of Customs:

I/We certify that the undermentioned containers and materials entered per Bill of Entry No. _____ dated _____ in terms of Item 961 of the Third Schedule to the Customs Act, have been duly transferred to—

Messrs. _____
Address _____

Signature of Importer _____

Date _____

Received in full the above-mentioned _____ which I/we hereby declare are to be used solely for the purpose of packing and conveying petrol and/or paraffin oil from my/our bulk installation at _____ and I/we undertake that if any portion of the said _____ is sold or otherwise disposed of, the whole of the duty rebated will forthwith be paid to the Commissioner.

Signature of Packer _____

Address _____
Date _____

(This form must be completed in duplicate and returned immediately to the Collector of Customs.)

(2) Offisiere, met inbegrip van betaalmeesters, dokters, hoofbediendes, radio-operateurs en serangs (per dag):—

Tabak in enige vorm	½ ons.
Drinkbare spiritualieë in enige vorm	¼ van 'n beweerde pint.
Wyn	1 beweerde kwart.
Bier of „ stout "	1 beweerde kwart.

(3) Ander lede van die bemanning (per dag):—

Tabak in enige vorm	½ ons.
Drinkbare spiritualieë in enige vorm	geen.
Wyn	1 beweerde kwart.*
Bier of „ stout "	geen.

* Slegs in die geval van skepe of lugvaartuie van ande waar voorsiening gemaak word vir wyn in die statutêre lys van proviand of rantsoene.

REGULASIE 108 (1).

10. VOORGESTELDE OPSKRIFTE VIR KORTINGVOORRAADBOEK.

ONTVANGSTE:—

Datum van ontvangs.
Nommer en datum van inklaringsbrief of oordragvorm.
Naam van skip of naam en adres van oordraggewer.
Beskrywing en hoeveelheid van goedere.

UITREIKINGS OF WEGMAKINGS:—

Datum.
Aan fabriek uitgereik. Ontvang deur.
Goedere vervaard g en hoeveelheid.
Verwysing.

OPMERKING.—Die voorgestelde opskrifte is nie van toepassing op vervaardigers wat reeds 'n voorraadboek in 'n goedgekeurde vorm gebruik nie.

REGULASIE 122.

11. ORGANISASIES WAT GOEDERE INGEVOLGE ITEM 934 (1) VAN DIE DERDE BYLAE VAN DIE WET KAN INKLAAR.

(1) Athlone-skool vir Blindes, Faure, K.P.
(2) Vereniging vir Blinde Werkers, Brakpan, Tvl.
(3) Burgerlike Blindesorgverenigings te Soutrivier, Oos-Londen, Grahamstad, Port Elizabeth, Stellenbosch, Bloemfontein.
(4) Instituut vir Blinde Werkers, Johannesburg.
(5) Bond van Vriende van die Blindes, Kaapstad.
(6) Natalse Bantoe-blindesorgvereniging, Durban.
(7) Natalse Blindesorgvereniging vir Blankes en Nie-blankes, Durban.
(8) Natalse Indiër-blindesorgvereniging, Durban.
(9) S.A. Biblioteek vir Blindes, Grahamstad.
(10) Skool vir Blindes, Worcester, K.P.
(11) Burgerlike Blindesorgvereniging, Pretoria.
(12) St. Dunstan's (Suid-Afrika).
(13) Transvaalse Vereniging vir Nie-blanke Blindes, Johannesburg.
(14) Worcesterse Werkwinkel en Tehuise vir Blindes, Worcester, K.P.

REGULASIE 126 (2).

12. VORM VAN VERKLARING EN ONDERNEMING INGEVOLGE REGULASIE 126 (2) VEREIS.

DOEANE—REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

VERKLARING EN ONDERNEMING BY DIE OORDRAG VAN KORTINGS-VOORRADE AAN 'N VERPAKKER VAN PETROL EN PARAFFIENOLIE.

Aan die Ontvanger van Doeane:—

.....

Ek/Ons sertifiseer dat ondergenoemde houers en materiale ingeklaar per Inklaringsbrief No. ..... van ..... ingevolge Item 961 van die Derde Bylae van die Doeanewet behoorlik oorgedra is aan:—

Die firma .....
Adres .....

Handteken ng van Invoerder .....

Datum .....

Ontvangs word erken van al bogenoemde goedere, naamlik .....
en ek/ons verklaar hierby dat hulle uitsluitlik vir die verpakking en vervoer van petrol en/of paraffienolie uit my/ons massa-installasie te .....
gebruik sal word, en ek/ons onderneem om, as enige dedeelte van die .....
verkoop of andersins weggemaak word, die hele gekorte doeanereg dadelik aan die Kommissaris te betaal.

.....
Handtekening van verpakker.

Adres .....
Datum .....

(Hierdie vorm moet in duplo ingevul en onmiddellik aan die Ontvanger van Doeane teruggestuur word.)

REGULATION 127 (7).

13. FORM OF STOCK BOOK REQUIRED IN TERMS OF REGULATION 127 (7).

SPECIMEN STOCK BOOK.

Receipts.			Issues or Disposals.		
Date of Receipt.	Quantity and Description of Oils.	No. and Date of Bill of Entry.	Date of Issue or Disposal.	Quantity and Description of Oils.	Ships to which Issued and No. of Receipt.

REGULATION 127 (8).

14. FORM OF APPLICATION TO SHIP FUEL OIL UNDER REBATE OF DUTY AS REQUIRED IN TERMS OF REGULATION 127 (8).

* No._____

APPLICATION TO SHIP FUEL OIL UNDER REBATE.

To the Collector of Customs:

_____

I/We request permission to place on board the_____ gallons/tons of_____oil for use as fuel in the machinery of that ship.

_____
Signature of Registered Importer.

Date_____

Permission granted.

_____
Collector of Customs.

Date_____ Port_____

Received in full the above-mentioned_____ gallons/tons of_____oil which I hereby declare will be used solely as fuel in the machinery of the_____

_____
Master or Skipper.

Date_____

* (This form must be numbered consecutively and upon completion of the receipt at the foot hereof must be kept in support of the stock book.)

REGULATION 128 (1).

15. FORM OF DECLARATION TO BE FURNISHED BY END-USERS OF GAS OIL, DIESEL OIL AND FURNACE OIL SUPPLIED UNDER REBATE OF DUTY IN TERMS OF REGULATION 128 (1).

C. and E. 1.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE:

DECLARATION TO BE FURNISHED BY END-USERS OF GAS OIL, DIESEL OIL AND FURNACE OIL SUPPLIED UNDER REBATE OF DUTY.

To the Commissioner of Customs and Excise:

_____

I/We hereby declare that the_____gallons gas/diesel/furnace oil to be supplied to me/us under rebate of duty by_____ will not be used for road motor transport in tractors or motor vehicles (except for agricultural purposes or for a public passenger transport service).* I/We understand that, if any such oil is so used, I/we shall be liable for the full duty thereon and that, in addition to any other penalty or punishment which may be incurred, the vehicle in which the oil is used will be liable to confiscation.

Signature of applicant_____

Name of applicant_____

Address_____

_____ Date_____

Invoice No._____dated_____refers.

Supplier_____

* Delete words in brackets if not applicable.

NOTE.—This declaration must be forwarded to the supplier of the oil together with the relative order or be handed over when delivery of the oil is effected. It is an offence to supply gas/diesel/furnace oil under rebate of duty unless the above declaration is furnished.

REGULASIE 127 (7).

13. VORM VAN VOORRAADBOEK VOLGENS REGULASIE 127 (7) VEREIS.

VOORBEELD VAN VOORRAADBOEK.

Ontvangste.			Uitreikings of wegmakings.		
Datum van ontvangs.	Hoeveelheid en beskrywing van olie.	Nommer en datum van inklarings-brief.	Datum van uitreiking of wegmakings.	Hoeveelheid en beskrywing van olie.	Skepe waaraan uitgereik en nommer van ontvangsbewys.

REGULASIE 127 (8).

14. VORM VAN AANSOEK OM BRANDSTOFOLIE ONDER KORTING VAN REGTE TE VERSKEEP SOOS INGEVOLGE REGULASIE 127 (8) VEREIS.

*No.....

AANSOEK OM BRANDSTOFOLIE ONDER KORTING TE VERSKEEP.

Aan die Ontvanger van Doeane:—

Ek/Ons vra om toestemming om.....
gelling/ton..... olie aan boord van die.....
te bring vir gebruik as brandstof in die masjinerie van daardie skip.

Datum.....

.....
Handtekening van geregistreerde invoerder.

Toestemming verleen.

.....
Ontvanger van Doeane.

Datum.....

Hawe.....

Ontvangs word erken van die totale hoeveelheid van bogenoemde.....
gelling/ton..... olie, en ek verklaar hierby dat dit uitsluitlik as brandstof in die masjinerie van die.....
gebruik sal word.

.....
Gesagvoerder of Skipper.

Datum.....

* (Hierdie vorm moet in volgorde genommer word en moet na die invul van onderstaande kwitansie as bewysstuk in die voorraadboek gehou word.)

REGULASIE 128 (1).

15. VORM VAN VERKLARING WAT INGEVOLGE REGULASIE 128 (1) DEUR EINDVERBRUIKERS VAN GAS-, DIESEL- EN BRANDOLIE, ONDER KORTING VAN REGTE VERSKAF, VERSTREK MOET WORD.

D. en A. 1.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

VERKLARING WAT DEUR EINDVERBRUIKERS VAN GAS-, DIESEL- EN BRANDOLIE, ONDER KORTING VAN REGTE VERSKAF, VERSTREK MOET WORD.

Aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns:—

Ek/Ons verklaar hierby dat die.....gelling gasolie/dieselolie/brandolie onder korting van regte aan my/ons verskaf te word deur

nie vir padvervoer in trekkers of motorvoertuie gebruik sal word nie (behalwe vir landboudoeleindes of vir 'n openbare passasiersvervoerdiens).* Ek/Ons verstaan dat, as enige sodanige olie aldus gebruik word, ek/ons vir die volle reg daarop aanspreeklik sal wees, en dat benewens enige ander boete of straf wat opgelê mag word, die voertuig waarin die olie gebruik word, gekonfiskeer kan word.

Handtekening van applikant.....

Naam van applikant.....

Adres.....

Datum.....

Faktuurnommer....., gedateer.....verwys.

Leweransier.....

*(Skrap woorde tussen hakies indien nie van toepassing nie.)

OPMERKING.—Hierdie verklaring moet tesame met die betrokke bestelling aan die leweransier van die olie gestuur word of moet by aflewering van die olie oorhandig word. Dit is 'n oortreding om gasolie/dieselolie/brandolie onder korting van regte te verskaf, tensy bostaande verklaring verstrek word.

REGULATION 128 (1).

16. FORM OF DECLARATION TO BE FURNISHED BY RE-SELLERS OF GAS OIL, DIESEL OIL AND FURNACE OIL SUPPLIED UNDER REBATE OF DUTY IN TERMS OF REGULATION 128 (1).

C. and E. 2.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

DECLARATION TO BE FURNISHED BY RE-SELLERS OF GAS OIL, DIESEL OIL AND FURNACE OIL SUPPLIED UNDER REBATE OF DUTY.

To the Commissioner of Customs and Excise:

I/We hereby declare that the.....gallons gas/diesel/furnace oil to be supplied to me/us under rebate of duty by.....will not be sold to any person except against a declaration that such oil will not be used for road motor transport in tractors or motor vehicles (except for agricultural purposes or for a public passenger transport service), and that sales to any person who is unable to furnish such a declaration will be made only from stocks in respect of which no rebate of duty is applicable.

Signature of applicant.....

Name of applicant.....

Address.....

Date.....

Invoice No.....dated.....refers.

Supplier.....

NOTE.—This declaration must be forwarded to the supplier of the oil together with the relative order or be handed over when delivery of the oil is effected. It is an offence to supply gas/diesel/furnace oil under rebate of duty unless the above declaration is furnished.

SECOND SCHEDULE.

(CUSTOMS S. 1.)

FOR OFFICIAL USE ONLY.

REPORT INWARDS FOR SHIPS.

Port of.....No.....

Date.....

1. Name of ship.....
2. Nationality and port of registry.....
3. Registered tonnage (net).....
4. Name and nationality of master.....
5. Name and nationality of owners.....
6. Number of crew.....
7. Date and time of arrival.....
8. Where from (all ports to be mentioned in the order called at).....
9. Number of passengers for this port.....
10. State whether laden or in ballast, and if laden, nature of cargo and tonnage thereof for this port.....
11. Where bound (all ports to be mentioned in order of intended voyage).....
12. Intended date of departure.....

Manifest of cargo on board attached.

I hereby declare that the above-mentioned particulars, as well as the particulars shown on the manifest (pages 1 to.....) attached, are true and correct. I declare further that bulk has not been broken and that no goods have been taken on board or delivered out of the ship since its departure from.....

Master/Agent on behalf of the Master.

Report received this.....day of.....19.....

Collector of Customs and Excise.

(This form must be printed in BLACK ink.)

REGULASIE 128 (1).

16. VORM VAN VERKLARING WAT INGEVOLGE REGULASIE 128 (1) DEUR HERVERKOPERS VAN GAS-, DIESEL- EN BRANDOLIE, ONDER KORTING VAN REGTE VERSKAF, VERSTREK MOET WORD.

D. en A. 2.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

VERKLARING WAT DEUR HERVERKOPERS VAN GAS-, DIESEL- EN BRANDOLIE, ONDER KORTING VAN REGTE VERSKAF VERSTREK MOET WORD.

Aan die Kommissaris van Doeane en Aksyns:—

Ek/Ons verklaar hierby dat die ..... gelling gasolie/dieselolie/brandolie onder korting van regte aan my/ons verskaf te word deur ....., aan niemand verkoop sal word nie, behalwe teen 'n verklaring dat sodanige olie nie vir padvervoer in trekkers of motorvoertuie gebruik sal word nie (behalwe vir landbou-doeleindes of vir 'n openbare passasiersvervoerdiens), en dat verkope aan 'n persoon wat nie in staat is om so 'n verklaring te verstrek nie slegs uit voorrade waarop geen korting van toepassing is nie, gemaak sal word.

Handtekening van applikant .....

Naam van applikant .....

Adres .....

.....

Datum .....

Faktuurnommer ....., gedateer ..... verwys.

Leweransier .....

OPMERKING.—Hierdie verklaring moet tesame met die betrokke bestelling aan die leweransier van die olie gestuur word of moet by aflewering van die olie oorhandig word. Dit is 'n oortreding om gasolie/dieselolie/brandolie onder korting van regte te verskaf, tensy bostaande verklaring verstrek word.

TWEEDE BYLAE.

(DOEANE S. 1.)

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK:—

RAPPORT INWAARTS VIR SKEPE.

Hawe ..... No. .....

Datum .....

1. Naam van skip .....
2. Nasionaliteit en registrasiehawe .....
3. Registertonnemaat (netto) .....
4. Naam en nasionaliteit van gesagvoerder .....
5. Naam en nasionaliteit van eienaars .....
6. Getalsterkte van bemanning .....
7. Datum en tyd van aankoms .....
8. Waarvandaan (alle hawens moet in orde soos aangedoen, vermeld word) .....

.....

9. Getal passasiers vir hierdie hawe .....
10. Meld of met lading of in ballas, en indien met lading, aard van lading en tonnemaat daarvan vir hierdie hawe .....
11. Bestemming (alle hawens moet in orde van voorgenome reis vermeld word) .....

.....

12. Voorgenome datum van vertrek .....

Manifes van lading aan boord aangeheg.

Ek verklaar hierby dat bogemelde besonderhede, asook die besonderhede op die aangehegte manifes aangetoon (bladsye 1 tot ....), waar en juis is. Ek verklaar verder dat die lading nie aangebreek is, en dat geen goedere aan boord gebring of uit die skip afgelewer is sedert dit van ..... vertrek het nie.

.....

Gesagvoerder/Agent namens die Gesagvoerder.

Rapport ontvang op hede die ..... dag van ..... 19....

.....

Ontvanger van Doeane en Aksyns.

(Hierdie vorm moet met SWART ink gedruk word.)

(CUSTOMS S. 2.)

REPORT INWARDS FOR SHIPS (Continued).
(Manifest of Cargo.)

FOR OFFICIAL USE ONLY.

Port of _____ Page _____

Name of Ship _____

No. of Bill of Lading.	Packages.			Acquittance Particulars.	Description of Goods.	Name and Address of Consignees.	Weight.	Measurement.
	Marks.	Numbers.	Number and Description.					

(This form must be printed in BLACK ink, may be of any convenient size, and may be printed lengthwise or upright.)

(DOEANE S. 2.)

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK.

RAPPORT INWAARTS VIR SKEPE (vervolg).
(Manifes van lading.)

Hawe..... Bladsy.....

Naam van Skip.....

No. van ladingsbrief.	Pakke.			Besonderhede van kwitering.	Beskrywing van goedere.	Naam en adres van geadresseerdes.	Gewig.	Maat.
	Merke.	Nommers.	Getal en beskrywing.					

(Hierdie vorm moet met SWART ink gedruk word, kan van enige gerieflike grootte wees en kan oorlangs of oordwars gedruk word.)

C—1876075

(CUSTOMS S. 3.)

GENERAL DECLARATION FOR AIRCRAFT.

(Outward/Inward.)

Owner or operator_____

Marks of nationality and registration_____ Flight No._____ Date_____

Departure from_____ (Place and country.) Arrival at_____ (Place and country.)

FLIGHT ROUTING.

(" Place ", column always to list origin, every en-route stop, and destination.)

Place.	(1) Total Number of Crew.	(2) Number of Passengers on this Stage.	Cargo.
		Departure Place. Embarking_____ Through on same flight_____ *Arrival Place.* Disembarking_____ Through on same flight_____	_____Cargo manifests attached.

DECLARATION OF HEALTH.

Persons on board known to be suffering from illness other than airsickness or the effects of accidents, as well as those cases of illness disembarked during the flight_____

Any other conditions on board which may lead to the spread of disease_____

Details of each disinsecting or sanitary treatment (place, date, time, method) during the flight. If no disinsecting has been carried out during the flight, give details of most recent disinsecting

Signed if required_____ Crew Member Concerned.

FOR OFFICIAL USE ONLY.

I declare that all statements and particulars contained in this General Declaration, and in any supplementary forms required to be presented with this General Declaration, are complete, exact and true to the best of my knowledge and that all through passengers will continue/have continued on this flight.

Signature_____ Authorised Agent or Pilot-in-Command.

(1) To be completed only when required by the State.

(2) Not to be completed when passenger manifests are presented, and to be completed only when required by the State.

[Size of entire document not more than 22 cm. by 36 cm. (approximately 8½ inches by 14 inches) outside.]

(DOEANE S. 3.)

ALGEMENE VERKLARING VIR LUGVAARTUIE.

(Uitwaarts/Inwaarts.)

Eienaar of ondernemer.....

Nasionaliteits- en registrasiemerke..... Vlugnommer..... Datum.....

Vertrek van..... Aankoms by.....
(Plek en land) (Plek en land)

VLUGROETERING.

(„ Plek "-kolom moet altyd herkoms, elke neerstryking onderweg, en bestemming aantoon.)

Plek.	(1) Totale getalsterkte van bemanning.	(2) Getal passasiers op hierdie skof.	Lading.
		Plek van vertrek. Inskeping..... Deur op dieselfde vlug..... *Plek van aankoms.* Ontskeping..... Deur op dieselfde vlug.....	.....lading-manifeste aangeheg.

VERKLARING VAN GESONDHEID.

Persone aan boord van wie bekend is dat hulle aan 'n ander siekte as lugsiekte of die gevolge van ongelukke ly, asook daardie gevalle van siekte wat onderweg afgelaai is.....

Enige ander toestande aan boord wat tot die verspreiding van siekte kan lei.....

Besonderhede van elke ontsmetting teen insekte of sanitêre behandeling (plek, datum, tyd, metode) onderweg. As geen ontsmetting teen insekte onderweg uitgevoer is nie, gee besonderhede van die jongste ontsmetting teen insekte.....

Onderteken indien nodig.....
Betrokke bemanningslid.

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK.

Ek verklaar dat alle bewerings en besonderhede in hierdie Algemene Verklaring vervat asook in enige aanvullende vorms wat saam met hierdie Algemene Verklaring voorgelê moet word, na my beste wete volledig, juis en waar is en dat alle deurpassasiers met hierdie vlug sal voortgaan/voortgegaan het.

Handtekening.....
Gemagtigde Agent of Loods-in-Bevel.

(1) Moet slegs ingevul word wanneer deur die Staat vereis.

(2) Moet nie by die voorlegging van passasiersmanifeste ingevul word nie en moet slegs ingevul word wanneer deur die Staat vereis.

[Grootte van hele dokument hoogstens 22 cm. by 36 cm. (ongeveer 8½ dm. by 14 dm.) buitekant.]

(CUSTOMS S. 4.)

CARGO MANIFEST FOR AIRCRAFT.
(Outward/Inward.)

Owner or operator_____

The importer shall declare on the relative customs bill of entry that the ethylene gas is imported solely for the treatment of fruit and that, if any of the ethylene gas so imported is otherwise used, or is sold or disposed of for any other purpose, the full duty payable thereon under item 335 of the Tariff will be paid forthwith to the Commissioner.

Item 224 (*b*).

6. Keur hierby die doeanevrye invoer, kragtens item 224 (*b*) van die Doeanetarief, van ondervermelde preparate goed, behoudens die volgende voorwaardes: —

(*a*) Sodanige preparate moet by die Departement Landboutegniese Dienste geregistreer wees.

(*b*) Die regulasies ingevolge die Wet op Dieresiektes en -parasiete moet nagekom word.

(*c*) Die houers waarin die betrokke preparate ingevoer word, moet duidelik geëtiketteer wees om aan te dui dat hulle alleenlik vir veeartsenykundige gebruik bestem is.

(*d*) Die invoerder moet skriftelik daarvoor instaan dat die preparate uitsluitlik vir veeartsenykundige doeleindes gebruik sal word: —

(i) Fenotiasienpreparate wat hoogstens 5 persent benattingsmiddel bevat.

(ii) Veegeneesmiddels wat slegs furasolidoon as aktiewe bestanddeel bevat.

(iii) Wurmgeneesmiddels wat as vernaamste aktiewe bestanddeel piperasien en/of samestellings daarvan bevat.

(OPMERKING.—Goewermentskennisgewing No. 1684 van 16 Oktober 1959 bepaal dat niemand, behalwe op gesag van 'n skriftelike permit uitgereik deur die Direkteur van Veeartsenydiens of deur sodanige ander persoon as wat hy mag benoem, en ooreenkomstig sodanige voorwaardes as wat in die permit of in 'n aanhangsel daarvan gespesifiseer word, enige entstof, serum, toksien, antitoksien, antigeen, of enige ander produk wat geheel of gedeeltelik afkomstig is van 'n mikroörganisme of van kliere, organe, vloeistowwe of enige ander deel van enige dier en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word by of vir die toets, behandeling of immunisering van enige dier vir of teen 'n siekte, of enige materiaal of stof wat waarskynlik siekte onder diere sal versprei, in die Republiek mag invoer, vervoer of deurstuur nie.)

Item 246 (1) (*b*).

7. Keur hierby die doeanevrye invoer, kragtens item 246 (1) (*b*) van die Doeanetarief, van ondervermelde stowwe vir gebruik as sprei-, kleef- of benattingsmiddels met die artikels wat in item 246 (1) (*a*) van die Doeanetarief vermeld word, goed: —

Agral L.N.
Agral 90.
Agrilan A.
Agrimul 70(A).
Agrimul T. Improved.
Aktiewe oppervlaktemiddel No. G.1255 (Atlas-merk).
Aktiewe oppervlaktemiddel No. G.8916 (Atlas-merk).
Atlox 1256.
Belloids N.W.
Belloids T.D.
Emcol H.77.
Emcol H.83A.
Emcol H.83T.
Emcol H.300X.
Emcol H.400X.
Emcol H.500X.
Emulgeermiddel C.M. 754.
Ethoduomeen T.13.
Ethylan T.U.
Manoxol O.T., 100 persent.
Sulfietloog.
Toximul 300.
Toximul 500.
Toximul 600.
Triton X45.
Triton 151.
Triton X171.
Triton B-1956.

Item 246 (4).

8. Stel hierby die volgende voorwaarde waaronder etileengas doeanevry kragtens item 246 (4) van die Doeanetarief ingevoer kan word: —

Die invoerder moet op die betrokke doeaneinklaringsvorm verklaar dat die etileengas uitsluitlik vir die behandeling van vrugte ingevoer word, en dat, as daar van die etileengas wat aldus ingevoer is, op 'n ander wyse gebruik word, of vir 'n ander doel verkoop of weggemaak word, die volle reg daarop betaalbaar ingevolge item 335 van die Tarief onmiddellik aan die Kommissaris betaal sal word.

Item 326.

9. Approve of the duty-free admission, under item 326 of the Customs Tariff, of the following articles:—

A.B.C. blocks, nested.
Abacus frames and beads, counting frames.
Alphabet boxes and letters, kindergarten material.
Bells, hand.
Blackboards, including silicate plate school writing boards.
Calisthenic wands with or without bells.
Cards, embroidery, kindergarten material.
Compasses, blackboard.
Compasses, dividers, protractors and set and tee-squares of the cheap school variety.
Coins, cardboard, kindergarten.
Counting frames (see abacus frames above).
Crayons, wood-cased.
Cutting-out boards, kindergarten material.
Drawing sets, metal tubes with pencil, writing pen and mapping pen.
Dumb-bells, musical, kindergarten material.
Flags, musical drill.
Frames, demonstration, kindergarten material.
Geometry sets.
Glitter wax.
Gummed cloth strips, kindergarten material.
Hoops with bells, kindergarten material.
Inkwells for desks.
Inkwell trays (metal).
Knives, modelling.
Map hooks.
Map rolls, mapographs.
Mathematical sets and mathematical drawing sets, not exceeding a free-on-board price of R2 each.
Modulators.
Montessori didactic apparatus.
Paper, drawing.
Pens, mapping.
Protractors, blackboard.
Rule sets.
Rulers, blackboard.
Rulers, school.
Scissors for cutting paper, kindergarten material.
Slates, also imitation school slates.
Set-squares, blackboard.
Stencils, chemistry.
"Story-o-graphs" and similar articles for religious instruction.
Tee-squares, blackboard.
Weaving looms, kindergarten material.
Weaving needles, kindergarten material.

Item 328 (2).

10. Prescribe the following conditions under which antiques and works of art may be admitted duty-free under item 328 (2) of the Customs Tariff:—

Antiques and works of art will be admitted duty-free under item 328 (2) of the Customs Tariff, provided the importer—

(*a*) makes a declaration on the relative customs bill of entry at the time of importation or clearance from bond that the articles are antiques or works of art which were produced or manufactured more than one hundred years ago; and

(*b*) produces a certificate to the same effect from the supplier in the country from which the articles were exported to the Republic, except that, in the case of such articles being purchased in and imported from a country outside the Republic, the certificate by the supplier shall be in the form set out hereunder and shall, in respect of goods from the United Kingdom, bear an endorsement signed by the President or Secretary of the British Antique Dealers' Association, Ltd., and, in respect of goods from other countries, bear an endorsement signed by a responsible executive officer of a national institution for the encouragement of applied arts or by any other official specially appointed for that purpose in the country from which the goods were exported; or

(*c*) proves to the satisfaction of the Commissioner that the articles in question were genuinely manufactured or produced more than one hundred years before the date of importation.

Item 326.

9. Keur hierby die doeanevrye toelating, kragtens item 326 van die Doeanetarief, van die volgende artikels goed:—

A.B.C.-blokke, inmekaargepas.
Abakusrame en -krale, telrame.
Alfabetdosies en -letters, kindertuinmateriaal.
Klokkies, hand-.
Skoolborde, met inbegrip van silikaatplaatskoolskryfborde.
Gimnastiekstokke met of sonder klokkies.
Kaarte, borduurwerk, kindertuinmateriaal.
Passers, skoolbord-.
Passers, verdeelpassers, gradeboë, tekendriehoeke en tekenhake van die goedkoop-skooltipe.
Muntstukke van karton, kindertuin-.
Telrame (sien abakusrame hierbo).
Tekenkryt, met houtbedekking.
Uitsnybord, kindertuinmateriaal.
Tekenstelle, metaalkokers met potlood en skryf- en tekenpen.
Handgewigte, klankgewend, kindertuinmateriaal.
Vlae, vir driloefening met musiek.
Rame, demonstreer-, kindertuinmateriaal.
Meetkundestelle.
Glinsterwas.
Gegomde linnestroke, kindertuinmateriaal.
Hoepels met klokkies, kindertuinmateriaal.
Inkpotte, vir skoolbanke.
Inkpotte (van metaal).
Boetseermesse.
Landkaarthake.
Landkaartrolle, „ mapographs ".
Wiskundige meet- en tekenstelle, waarvan die vry-en-boord-prys hoogstens R2 elk bedra.
Modulators.
Montessori-apparaat vir didaktiese doeleindes.
Tekenpapier.
Kaarttekenpenne.
Gradeboë, swartbord-.
Liniaalstelle.
Liniale, skoolbord-.
Liniale, skool-.
Skêre vir papierknip, kindertuinmateriaal.
Leie, asook nagemaakte skoolleie.
Tekendriehoeke, skoolbord-.
Sjablone, chemie-.
„ Story-o-graphs " en soortgelyke artikels vir godsdiensonderrig.
Tekenhake, skoolbord-.
Weefstoele, kindertuinmateriaal.
Weefnaalde, kindertuinmateriaal.

Item 328 (2).

10. Skryf hierby die volgende voorwaardes voor waaronder oudhede en kunsstukke doeanevry kragtens item 328 (2) van die Doeanetarief toegelaat kan word:—

Oudhede en kunsstukke sal doeanevry toegelaat word kragtens item 328 (2) van die Doeanetarief, mits die invoerder—

(*a*) 'n verklaring op die betrokke doeane-inklaringsbrief doen, ten tyde van die invoer of verwydering uit entrepôt, dat die goedere oudhede of kunsstukke is wat meer as 100 jaar gelede gemaak of vervaardig is; en

(*b*) 'n sertifikaat met dieselfde strekking voorlê van die leweransier in die land vanwaar die goedere na die Republiek uitgevoer is, behalwe dat, in die geval van sodanige goedere wat van 'n land buite die Republiek gekoop en ingevoer is, die sertifikaat deur die leweransier in die vorm hieronder uiteengesit, moet wees, en, ten opsigte van goedere uit die Verenigde Koninkryk, 'n endossement geteken deur die President of Sekretaris van die British Antique Dealers' Association, Ltd., moet bevat, en, ten opsigte van goedere uit ander lande, 'n endossement geteken deur 'n verantwoordelike uitvoerende beampte van 'n nasionale inrigting vir die bevordering van die toegepaste kunste of deur enige ander beampte spesiaal aangestel vir daardie doel in die land vanwaar die goedere uitgevoer word; of

(*c*) tot tevredenheid van die Kommissaris bewys lewer dat die betrokke goedere werklik meer as 100 jaar voor die datum van invoer vervaardig of gemaak is.

CUSTOMS CERTIFICATE IN REGARD TO ANTIQUES.

Address.....

Date.....

I, (full name), for the supplier (name of firm or person) of (place), do hereby declare that I am the owner (vendor) of the articles (being antiques) mentioned hereunder, that to the best of my knowledge and belief each article was manufactured or produced more than one hundred years ago, and that the value of the modern additions or replacements (if any) is as stated below: —

Designation of Article.	Date of Manufacture or Production.	Country of Origin.	Particulars of Modern Additions or Replacements.	
			Nature.	Value.

Signature.....

Date.....

ENDORSEMENT.

I, (full name), Secretary (or other official, as the case may be) of the .....,

being duly authorised to act on behalf of that association/institution, do hereby certify that to the best of my knowledge and belief the above-mentioned articles were manufactured or produced more than one hundred years ago and that the value of the modern additions and replacements (if any) is as stated above.

Signature.....

Date.....

(Seal of the association or institution.)

GENERAL NOTE.

Any expression to which a meaning is assigned in section *one* of the Customs Act, No. 55 of 1955, bears, when used in this notice, the same meaning, unless inconsistent with the context.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

No. R. 1003.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—EXERCISE OF POWERS BY COMMISSIONER OF CUSTOMS AND EXCISE.

I, Dirk Johannes van Niekerk Groenewald, Commissioner of Customs and Excise, hereby exercise the powers vested in me by the Customs Act, No. 55 of 1955 (hereinafter referred to as "the Act"), to the extent set out below.

(NOTE.—Any expression to which a meaning is assigned in the Act bears, when used in this notice, the same meaning, unless inconsistent with the context, and the word "stores" means ship's or aircraft stores.)

PART I.

APPOINTMENT OF LANDING PLACES, TRANSIT SHEDS, ENTRANCES AND EXITS (SECTIONS *seventeen, eighteen* AND *nineteen* OF THE ACT).

1. The places named in paragraph 1 of the Schedule to this notice have been appointed for the landing and embarkation of persons, and the landing, loading and examination of goods (including baggage).

2. The sheds and warehouses set out in paragraph 2 of the Schedule to this notice have been appointed as transit sheds or warehouses into which goods may, before entry or report, be removed from a ship or vehicle.

3. The places specified in paragraph 3 of the Schedule to this notice have been appointed as general or special entrances to and exits from the dock or wharf areas or customs aerodromes.

DOEANESERTIFIKAAT IN VERBAND MET OUDHEDE.

Adres.....

Datum.....

Ek (volle naam), verklaar hierby, namens die leweransier (naam van firma of persoon) van (naam van plek), dat ek die eienaar (verkoper) is van die goedere (naamlik oudhede) hieronder genoem, dat elke artikel na my beste wete en oortuiging meer as 100 jaar gelede vervaardig of gemaak is, en dat die waarde van die moderne byvoegings of vervangings (as daar is) soos hieronder is:—

Beskrywing van artikel.	Datum van vervaardiging of produksie.	Land van herkoms.	Besonderhede van moderne byvoegings of vervangings.	
			Aard.	Waarde.

Hantekening.....

Datum.....

ENDOSSEMENT.

Ek (volle naam), Sekretaris (of ander beampte, na gelang van die geval), van die....., behoorlik daartoe gemagtig om namens die vereniging/inrigting te handel, sertifiseer hierby dat bogenoemde artikels na my beste wete en oortuiging meer as 100 jaar gelede vervaardig of gemaak is, en dat die waarde van die moderne byvoegings of vervangings (as daar is) soos hierbo vermeld is.

Handtekening.....

Datum.....

(Seël van die vereniging of inrigting.)

ALGEMENE OPMERKING.

Enige uitdrukking waaraan in artikel *een* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, 'n betekenis geheg is, het, wanneer dit in hierdie kennisgewing gebruik word dieselfde betekenis, tensy uit die samehang anders blyk.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

No. R. 1003.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—UITOEFENING VAN BEVOEGDHEDE DEUR KOMMISSARIS VAN DOEANE EN AKSYNS.

Ek, Dirk Johannes van Niekerk Groenewald, Kommissaris van Doeane en Aksyns, oefen hierby die bevoegdhede my verleen by die Doeanewet, No. 55 van 1955 (hieronder „die Wet" genoem), uit in die mate hieronder uiteengesit.

(OPMERKING.—Enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegeken is, het, wanneer dit in hierdie kennisgewing gebesig word, dieselfde betekenis, tensy uit die samehang anders blyk, en die woord „voorrade" beteken skeeps- of lugvaartuigvoorrade.)

DEEL I.

AANWYSING VAN LANDINGSPLEKKE, DEURVOERLOODSE, IN- EN UITGANGE (ARTIKELS *sewentien, agtien* EN *negentien* VAN DIE WET).

1. Die plekke genoem in paragraaf 1 van die Bylae van hierdie kennisgewing is vir die aan wal stap en aan boord gaan van persone, en die landing, oplaai en ondersoek van goedere (met inbegrip van bagasie) aangewys.

2. Die loodse en pakhuise soos in paragraaf 2 van die Bylae van hierdie kennisgewing uiteengesit, is aangewys as deurvoerloodse of pakhuise waarheen goedere, voordat hulle ingeklaar of aangegee is, uit 'n skip of voertuig verwyder kan word.

3. Die plekke gespesifiseer in paragraaf 3 van die Bylae van hierdie kennisgewing is as algemene of spesiale ingange na en uitgange van die dok- of landingstereine of doeanevliegvelde aangewys.

PART II.

RENT TO BE PAID ON GOODS IN A STATE WAREHOUSE (SECTION *forty-six* OF THE ACT).

4. The charge for rent on goods (except Government stores) in any of the State warehouses in the Republic shall be calculated at the rate of 2½ cents for every 100 lb. or portion thereof for every week or portion of a week, subject to a minimum of 20 cents.

PART III.

MAXIMUM ALLOWANCES FOR DEFICIENCES IN QUANTITY OF CERTAIN GOODS DEPOSITED IN A BONDED WAREHOUSE (SECTION *fifty-three* OF THE ACT).

5. (1) *Spirits.*—The allowance in respect of spirits shall not exceed the actual loss in gallonage, subject to the following maxima:—

In the case of spirits warehoused for any period of not more than six months—

if overproof: 2 per cent of the strength as originally entered for warehousing;

otherwise: 2 per cent of the quantity originally entered for warehousing;

more than six months—

if overproof: 4 per cent of the strength as originally entered for warehousing;

otherwise: 4 per cent of the quantity originally entered for warehousing.

(NOTE.—In calculating the above-mentioned allowances, any fraction of a gallon, whether proof or otherwise, amounting to one-half of a gallon or more than one-half of a gallon, shall be taken as one gallon.)

(2) *Petrol, Aviation Fuel and Any Other Spirit Derived from Petroleum, Shale or Coal Tar, Imported Unpacked.*—The allowance shall be one-half of the actual loss during each period of three months ending 31st March, 30th June, 30th September and 31st December, but not more than 0·5 per cent of the withdrawals during each such period: Provided that the proper officer is satisfied that the loss or any part thereof has not been caused by illegal or improper means.

PART IV.

SAMPLES OF GOODS IN A BONDED WAREHOUSE (SECTION *fifty-nine* OF THE ACT).

6. Samples of warehoused goods, in such quantities as the proper officer may at his discretion permit, may be taken by importers, under customs supervision and subject to the provisions of section *fifty-nine* of the Act, provided application is made to the proper officer by the importer, stating the number and date of the bill of entry on which the goods were entered for warehousing and the marks and numbers of the packages from which the samples are to be extracted.

PART V.

SORTING, SEPARATING, REPACKING, MANUFACTURING, ETC., OF GOODS IN A BONDED WAREHOUSE (SECTION *sixty* OF THE ACT).

7. The following rules shall be observed in regard to the sorting, etc., in terms of section *sixty* of the Act, of goods in a bonded warehouse:—

(1) The owner of the goods shall make an application in writing showing clearly the nature of the operations and what his intentions are. Except for operations for the preservation of any goods he shall pay for the special attendance of officers at the prescribed rates.

(2) The proper officer will grant every reasonable request for the preservation of goods, but the applicant shall comply with any conditions deemed by the said officer to be necessary for the protection of the revenue.

DEEL II.

HUURGELD WAT OP GOEDERE IN 'N STAATSPAKHUIS BETAAL MOET WORD (ARTIKEL *ses-en-veertig* VAN DIE WET).

4. Die vordering vir huurgeld op goedere (uitgesonderd Staatsvoorrade) in Staatspakhuise in die Republiek word bereken teen 2½ sent per 100 lb. of gedeelte daarvan vir elke week of gedeelte van 'n week, onderworpe aan 'n minimum van 20 sent.

DEEL III.

MAKSIMUM TOELATINGS VIR TEKORTE IN HOEVEELHEID VAN SEKERE GOEDERE WAT IN 'N DOENEPAKHUIS GEPLAAS IS (ARTIKEL *drie-en-vyftig* VAN DIE WET).

5. (1) *Spiritualieë.*—Die toelating ten opsigte van spiritualieë moet nie die werklike verlies in gellings oorskry nie, onderworpe egter aan die volgende maksimums: —

In die geval van spiritualieë opgeberg vir enige tydperk van—

hoogstens ses maande—

indien bo proef: 2 persent van die sterkte soos oorspronklik vir opberging ingeklaar;

andersins: 2 persent van die hoeveelheid soos oorspronklik vir opberging ingeklaar;

meer as ses maande—

indien bo proef: 4 persent van die sterkte soos oorspronklik vir opberging ingeklaar;

andersins: 4 persent van die hoeveelheid soos oorspronklik vir opberging ingeklaar.

(OPMERKING.—By die berekening van bovermelde toelatings word enige breuk van 'n gelling, hetsy 'n proefgelling al dan nie, wat 'n halwe gelling of meer as 'n halwe gelling uitmaak, as 'n gelling gereken.)

(2) *Petrol, vliegtuigbrandstof en enige ander spiritus uit petroleum, olieskalie of koolteer verkry, onverpak ingevoer.*—Die toelating is eenhelfte van die werklike verlies gedurende elke tydperk van drie maande wat op 31 Maart, 30 Junie, 30 September en 31 Desember eindig, maar nie meer as 0·5 persent van die verwyderings gedurende elk van genoemde tydperke nie: Met dien verstande dat die bevoegde amptenaar oortuig is dat die verlies of enige gedeelte daarvan nie op onwettige of onbehoorlike wyse veroorsaak is nie.

DEEL IV.

MONSTERS VAN GOEDERE IN 'N DOEANEPAKHUIS (ARTIKEL *nege-en-vyftig* VAN DIE WET).

6. Monsters van opgebergde goedere, in sodanige hoeveelhede as wat die bevoegde amptenaar na goeddunke mag toelaat, kan deur invoerders, onder doeanetoesig en onderworpe aan die bepalings van artikel *nege-en-vyftig* van die Wet, geneem word, mits die invoerder by die bevoegde amptenaar aansoek doen. Genoemde aansoek moet die nommer en datum van die inklaringsbrief waarop die goedere vir opberging ingeklaar is, asook die merke en nommers van die pakke waaruit die monsters geneem sal word, meld.

DEEL V.

SORTERING, SKEIDING, HERVERPAKKING, VERVAARDIGING, ENS. VAN GOEDERE IN 'N DOEANEPAKHUIS (ARTIKEL *sestig* VAN DIE WET).

7. Die volgende reëls moet ingevolge artikel *sestig* van die Wet, ten opsigte van die sortering, ens. van goedere in 'n doeanepakhuis nagekom word: —

(1) Die eienaar van die goedere moet skriftelik aansoek doen, en in die aansoek die aard van die verrigtinge, en wat hy beoog, duidelik uiteensit. Behalwe in die geval van verrigtinge met die doel om goedere in 'n goeie toestand te hou, moet hy vir die spesiale diens van amptenare teen die voorgeskrewe tariewe betaal.

(2) Die bevoegde amptenaar sal alle redelike versoeke om die goedere in 'n goeie toestand te hou, toestaan, maar die applikant moet aan alle voorwaardes wat genoemde amptenaar nodig ag om die inkomste te beskerm, voldoen.

(3) Petroleum products may be repacked from bulk installations into such quantities as the proper officer may consider reasonable for export or for supply to Government departments, persons or institutions entitled to obtain these commodities under rebate of duty, as the case may be.

(4) Lubricating oils and lubricating greases may be repacked into containers of such denominations as the proper officer may consider reasonable; turpentine and white spirits, naphtha and benzine (including special boiling point spirits) into drums of not less than 40 gallons each; fuel oil imported in bulk into tank cars of not less than 2,000 gallons capacity, into road tank lorries of not less than 300 gallons capacity, and into 40 to 80 gallon drums.

(5) Petroleum products of the same denomination may be blended for export or for supply for home consumption, subject to the conditions that—

(*a*) the use of an additive may be allowed;

(*b*) the blending is restricted to one operation;

(*c*) such blends shall be in such quantities as may be approved by the proper officer; and

(*d*) the resultant blended product so obtained is re-warehoused and duty is paid on its constituents according to the first account taken on importation.

(6) (*a*) Goods other than those specified in the above rules may be allowed to be repacked into such quantities as the proper officer may consider reasonable for purposes of trade, other than for export as stores, provided that—

(i) the duty on any one package of goods as repacked is not less than R20, except when such goods are for supply to Government departments, persons or institutions entitled to obtain such goods under rebate of duty, as the case may be, when such duty shall not be less than R10; and

(ii) the following goods may be repacked into packages containing not less than the quantities specified and duty is paid at once on any balance of less than the following quantities: —

Spirits of all sorts, in wood, into containers of not less than 15 gallons, or into cases containing two gallons each.

Cigarettes into packages of not less than 5,000 in containers of 10, 20, 30, 40 or 50 cigarettes.

Cigars into packages of not less than 1,000 cigars.

Unmanufactured tobacco into packages of not less than 200 lb.

(*b*) In the case of goods which it is desired to repack for export as stores, the proper officer may at his discretion allow such goods to be extracted from the original packages, under customs supervision and at the risk and expense (including the payment of special attendance fees) of the owner of the goods, provided that—

(i) if the duty due on any balance remaining in the original package is less than R4, such duty is paid at once;

(ii) the following goods may be repacked into packages containing not less than the quantities specified and duty is paid at once on any balance of less than such quantities: —

Spirits of all sorts, in wood, into containers of not less than five gallons or cases containing not less than 12 reputed quart bottles or 24 reputed pint bottles.

Cigarettes into packages of not less than 1,000 cigarettes.

(3) Petroleumprodukte kan uit massa-installasies herverpak word in sodanige hoeveelhede as wat die bevoegde amptenaar redelik mag ag vir uitvoer of vir lewering aan Staatsdepartemente, persone of inrigtings wat daarop geregtig is om hierdie goedere onder korting van doeanereg, na gelang van die geval, te verkry.

(4) Smeerolie en smeerghries kan herverpak word in houers van 'n groottesoort wat die bevoegde amptenaar redelik ag; terpentyn en witspiritus, nafta en bensien (met inbegrip van spiritus met 'n spesiale kookpunt) in konkas van minstens 40 gelling elk; brandolie, in massa ingevoer, in tenktrokke met 'n inhoudsvermoë van minstens 2,000 gellings, in padtenkvragmotors met 'n inhoudsvermoë van minstens 300 gellings en in konkas van 40 tot 80 gellings.

(5) Petroleumprodukte van dieselfde soort kan vir uitvoer of vir binnelandse gebruik gemeng word, onderworpe aan die voorwaardes dat—

(*a*) die gebruik van 'n bymiddel toegelaat kan word;

(*b*) die vermenging tot een verrigting beperk word;

(*c*) sodanige mengsels in sodanige hoeveelhede moet wees as wat die bevoegde amptenaar mag goedkeur; en

(*d*) die gevolglike gemengde produk wat aldus verkry is, in 'n pakhuis heropgeberg word en regte op die bestanddele ooreenkomstig die eerste opgawe by invoer geneem, betaal word.

(6) (*a*) Ander goedere as dié wat in bostaande reëls gespesifiseer word, kan toegelaat word om in sodanige hoeveelhede as wat die bevoegde amptenaar vir ander handelsdoeleindes as vir uitvoer as voorrade redelik ag, herverpak te word, met dien verstande dat—

(i) die regte op 'n enkele goederepakket, soos herverpak, nie minder as R20 is nie, uitgesonderd wanneer sodanige goedere bedoel is vir lewering aan staatsdepartemente, persone of inrigtings wat daarop geregtig is om sodanige goedere onder korting van die reg te verkry, na gelang van die geval, wanneer sodanige regte nie minder as R10 moet wees nie; en

(ii) die volgende goedere in verpakkings wat nie minder as die gespesifiseerde hoeveelhede bevat nie, herverpak kan word, en regte onmiddellik betaal word op enige oorblywende hoeveelhede wat minder as die volgende hoeveelhede is:—

Alle soorte spiritualië, in houtvate, herverpak in houers van minstens 15 gellings of in kiste wat elk 2 gellings bevat.

Sigarette herverpak in pakke van minstens 5,000, in houers van 10, 20, 30, 40 of 50 sigarette.

Sigare herverpak in verpakkings van minstens 1,000 sigare.

Onbewerkte tabak herverpak in verpakking van minstens 200 lb.

(*b*) In die geval van goedere ten opsigte waarvan herverpakking vir uitvoer as voorrade verlang word, kan die bevoegde amptenaar na goeddunke toelaat dat sodanige goedere uit die oorspronklike verpakkings geneem word, onder doeanetoesig en op risiko en op koste (met inbegrip van die betaling van spesiale diensgeld) van die eienaar van die goedere, met dien verstande dat—

(i) indien die regte verskuldig op enige hoeveelheid wat in die oorspronklike verpakking oorbly, minder as R4 is, sodanige regte onmiddellik betaal word;

(ii) die volgende goedere in verpakkings wat nie minder as die gespesifiseerde hoeveelhede bevat nie, herverpak word, en regte onmiddellik betaal word op enige oorblywende hoeveelhede wat minder as sodanige hoeveelhede is:—

Alle soorte spiritualieë, in houtvate, herverpak in houers van minstens 5 gellings of in kiste wat minstens 12 beweerde kwartbottels of 24 beweerde pintbottels bevat.

Sigarette herverpak in verpakkings van minstens 1,000 sigarette.

Cigars into packages of not less than 250 cigars.

Manufactured tobacco into packages of not less than five lb.;

(iii) the goods mentioned in sub-paragraph (*b*) (ii) may be repacked into any package of appropriate size for export as aircraft stores but only with the prior consent of the Commissioner and subject to such conditions as he may impose.

(7) If the proper officer considers it necessary, an officer shall be present at any operation permitted under these rules, and the person on whose behalf the operation is carried out shall pay on demand for the special attendance of such officer at the prescribed rates.

(8) Special conditions governing the conversion in bond of articles of one denomination into articles of another denomination, for exportation only, will be laid down, in accordance with the circumstances of each particular case, after a relative application has been received by the proper officer and submitted by him to the Commissioner.

(9) Any person desiring the destruction of goods in bond shall make application to the proper officer, in the prescribed form, and no such destruction shall take place except with the permission of the proper officer and except under customs supervision, and the said person shall pay on demand all expenses connected with the destruction.

(10) In any case of abandonment to the Department of goods in bond the cost of removal of the goods to the State warehouse or other place indicated by the proper officer, and the cost of destruction if destruction is necessary, shall be borne by the person who so abandons the goods.

PART VI.

SPECIAL TRANSIRES FOR FISHING, SEALING AND WHALING SHIPS AND SHIPS ENGAGED IN THE COLLECTION OF GUANO (SECTION *one hundred and seventeen* OF THE ACT).

8. No ship engaged in fishing, sealing, whaling or the collection and unloading of guano on or off the coast of the Republic or South West Africa, the home port of which is either permanently or temporarily a port in the Republic or South West Africa, shall leave such port unless the master of such ship is in possession of a special clearance issued by the proper officer in charge of the port.

9. The special clearance shall be granted for such periods (not longer than three months) as the said proper officer considers reasonable and shall contain the name and tonnage of the ship, the name of its home port and the name of the master. There shall be attached to such clearance a list giving full particulars of the stores on board (including fuel) for the equipment of the ship and of those for the use of the master and crew, and any additions made to such stores from time to time shall be added to the list. The clearance shall specifically stipulate that the ship shall not visit any port or place on the mainland of Africa outside the Republic or South West Africa.

10. The master shall, unless exempted by the Commissioner, keep a logbook in which he shall record the following:—

(*a*) The movements or position of his ship from day to day;

(*b*) the name of any bay, inlet, port or other place touched at in the Republic or South West Africa or of any island visited within or without the territorial waters of the Republic or South West Africa, whether any landing was effected or not, and the particulars of any goods landed or shipped;

(*c*) particulars relating to any ship which was passed, spoken to, or boarded at sea, or any ship seen in any port (other than a port appointed in terms of section *fourteen* of the Act), bay, or inlet, or which arrived in any such port, etc., during his stay there.

Sigare herverpak in verpakkings van minstens 250 sigare.

Bewerkte tabak in verpakkings van minstens 5 lb.;

(iii) die goedere in subparagraaf (*b*) (ii) vermeld, in enige verpakkings van geskikte grootte vir uitvoer as lugvaartuigvoorrade herverpak kan word, maar slegs met die voorafgaande toestemming van die Kommissaris en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag stel.

(7) Indien die bevoegde amptenaar dit nodig ag, moet 'n amptenaar by enige verrrigting wat ingevolge hierdie reëls toegelaat word, teenwoordig wees, en die persoon ten behoewe van wie die verrigting plaasvind, moet op aanvraag vir die spesiale dienste van so 'n amptenaar teen die voorgeskrewe tariewe betaal.

(8) Spesiale voorwaardes wat betrekking het op die omsetting in entrepôt van artikels van een groottesoort in artikels van 'n ander groottesoort, slegs vir uitvoer, sal in ooreenstemming met die omstandighede van elke besondere geval voorgeskryf word nadat aansoek daarom deur die bevoegde amptenaar ontvang en deur hom aan die Kommissaris voorgelê is.

(9) Enige persoon wat die vernietiging van goedere in entrepôt verlang, moet in die voorgeskrewe vorm by die bevoegde amptenaar aansoek doen, en geen sodanige vernietiging mag sonder die toestemming van daardie amptenaar en behalwe onder doeanetoesig geskied nie, en genoemde persoon moet op aanvraag alle koste in verband met die vernietiging betaal.

(10) In alle gevalle waar goedere in entrepôt aan die Departement prysgegee word, moet die koste van verwydering van die goedere na die staatspakhuis of ander plek wat deur die bevoegde amptenaar aangedui word, asook van vernietiging, indien vernietiging nodig is, deur die persoon wat die goedere aldus prysgee betaal word.

DEEL VI.

SPESIALE GELEIBRIEWE VIR VIS-, ROBBE- EN WALVISSKEPE, EN SKEPE WAT GEBRUIK WORD VIR DIE INSAMELING VAN GWANO (ARTIKEL *honderd-en-sewentien* VAN DIE WET).

8. Geen skip wat vir die vang van vis, robbe of walvisse of vir die insameling en aflaai van ghwano langs of op die hoogte van die kus van die Republiek of Suidwes-Afrika gebruik word, en waarvan die tuishawe òf tydelik òf permanent 'n hawe in die Republiek of Suidwes-Afrika is, mag sodanige hawe verlaat nie, tensy die gesagvoerder van sodanige skip in besit is van 'n spesiale klaring uitgereik deur die bevoegde amptenaar belas met die toesig oor die hawe.

9. Die spesiale klaring word toegestaan vir sodanige tydperke (hoogstens drie maande) as wat genoemde bevoegde amptenaar redelik mag ag, en die naam en tonnemaat van die skip, die naam van sy tuishawe en die naam van die gesagvoerder moet op so 'n klaring gemeld word. Aan die klaring moet 'n lys geheg word wat volle besonderhede bevat van die voorrade (met inbegrip van brandstof) aan boord vir die uitrusting van die skip en van dié vir die gebruik van die gesagvoerder en bemanning. Aanvullings van sodanige voorrade wat van tyd tot tyd gedoen word, moet by die lys gevoeg word. Die klaring moet uitdruklik bepaal dat die skip geen hawe of plek aan die vasteland van Afrika buite die Republiek of Suidwes-Afrika mag aandoen nie.

10. Die gesagvoerder moet, tensy hy van die Kommissaris vrystelling verkry het, 'n logboek hou waarin hy die volgende moet aanteken:—

(*a*) die bewegings of posisie van sy skip van dag tot dag;

(*b*) die naam van enige baai, inham, hawe of ander plek wat in die Republiek of Suidwes-Afrika aangedoen is of van enige eiland wat binne of buite die territoriale waters van die Republiek of Suidwes-Afrika besoek is, ongeag of 'n landing daar gedoen is of nie, en die besonderhede van goedere wat geland of ingeskeep is;

(*c*) besonderhede in verband met enige skip ter see wat verbygegaan is, waarmee in verbinding getree is of aan boord waarvan gegaan is, of enige skip wat in 'n hawe (uitgesonderd 'n hawe kragtens artikel *veertien* van die Wet aangewys), baai of inham gesien is, of wat gedurende sy verblyf aldaar in so 'n hawe, ens., aangekom het.

11. When the ship visits a port, other than its home port, where there is a customs officer or other person acting as such, the master shall as soon as possible after the arrival of the ship submit the special clearance and his logbook to the said officer, who shall sign the latter, immediately below the last entry therein, and return it to the master. The said officer shall, however, retain the former document until the master is ready to proceed to sea, when it must then be handed to him on application, endorsed with the time and date of arrival of the ship and of its departure and with particulars of any goods that were landed or shipped. The master shall not proceed to sea unless in possession of the said clearance so endorsed.

D. J. v. N. GROENEWALD,
Commissioner of Customs and Excise.

SCHEDULE.

1. PLACES FOR LANDING, LOADING AND EMBARKATION.

Cape Town.
- For persons and goods:—
  - Victoria Basin:—
    - East Pier.
    - Quays Nos. 6 and 7.
    - No. 2 Jetty.
    - South Arm Nos. 1, 2, 3 and 4.
    - The Elbow.
  - Duncan Dock:—
    - Berths "A", "B", "C", "D", "E", "F", "G" and "H".
    - D. F. Malan Airport.
- Foor goods:—
  - Victoria Basin:—
    - The Inner Basin.
    - West Quay.
    - North Quay.
    - Cross Berth.
    - New Collier Jetty.
  - Duncan Dock:—
    - Other than above-mentioned berths.

Durban.
- For persons and goods:—
  - Main Wharf.
  - Maydon Wharf.
  - Louis Botha Airport.
  - Municipal Airport, Virginia.
- For goods:—
  - Bluff Wharf.
  - Island View Wharf.
  - Salisbury Island Wharves.
- For locally taken fish:—
  - Fish Jetty.

East London.
- For persons and goods:—
  - East Bank:—
    - Quays Nos. 3, 4 and 5 (Hely Hutchinson Quay).
    - No. 6 (C. W. Malan Basin).
  - West Bank:—
    - West Quay.
- Foor goods:—
  - Tanker berthing site.

Germiston controlled area.
- For persons and goods:—
  - Rand Airport.

Jan Smuts Airport.
- For persons and goods:—
  - The Airport Area.

11. Wanneer die skip 'n ander hawe as sy tuishawe besoek waar daar 'n doeane-amptenaar is, of 'n ander persoon wat as sodanig ageer, moet die gesagvoerder so gou moontlik na die aankoms van die skip die spesiale klaring, asook sy logboek, aan genoemde amptenaar voorlê wat laasgenoemde net onder die laaste inskrywing daarin moet onderteken en aan die gesagvoerder moet teruggee. Genoemde amptenaar moet egter eersgenoemde dokument hou totdat die gesagvoerder gereed is om ter see uit te vaar, wanneer dit dan op aansoek aan hom oorhandig moet word, met die tyd en datum van die aankoms en vertrek van die skip, asook besonderhede van goedere geland of ingeskeep, daarop aangeteken. Die gesagvoerder moet nie ter see uitvaar nie, tensy hy in besit is van genoemde klaring waarop sodanige aantekening aangebring is.

D. J. v. N. GROENEWALD,
Kommissaris van Doeane en Aksyns.

BYLAE.

1. PLEKKE VIR LANDING, OPLAAI EN AAN BOORD GAAN.

Kaapstad.
- Vir persone en goedere:—
  - Victoriakom:—
    - Ooshawehoof.
    - Kaaie Nos. 6 en 7.
    - Hawehoof No. 2.
    - Suidarm Nos. 1, 2, 3 en 4.
    - Die Elmboog.
  - Duncandok:—
    - Aanlêplekke „A", „B", „C", „D", „E", „F", „G" en „H".
    - D. F. Malan-lughawe.
- Vir goedere:—
  - Victoriakom:—
    - Die Binnekom.
    - Weskaai.
    - Noordkaai.
    - Dwarsaanlêplek.
    - Nuwe hawehoof vir steenkoolvragskepe.
  - Duncandok:—
    - Ander aanlêplekke as bogenoemdes.

Durban.
- Vir persone en goedere:—
  - Hooflandingsplek.
  - Maydonlandingsplek.
  - Louis Botha-lughawe.
  - Munisipale lughawe, Virginia.
- Vir goedere:—
  - „Bluff"-landingsplek.
  - „Island View"-landingsplek.
  - Salisbury-eiland-landingsplekke.
- Vir vis plaaslike gevang:—
  - Vishawehoof.

Oos-Londen.
- Vir persone en goedere:—
  - Oosoewer:—
    - Kaaie Nos. 3, 4 en 5 (Hely Hutchinsonkaai).
    - No. 6 (C.W. Malan-kom).
  - Wesoewer:—
    - Weskaai.
- Vir goedere:—
  - Tenkskipaanlêplek.

Germistonse Beheerde Gebied.
- Vir persone en goedere:—
  - Rand-lughawe.

Jan Smuts-lughawe.
- Vir persone en goedere:—
  - Die Lughawegebied.

Komatipoort.
For persons and goods:—
The Aerodrome Area.

Mafeking.
For persons and goods:—
The Aerodrome Area.

Mossel Bay.
For persons and goods:—
Jetty No. 1.
For goods:—
No. 3 Quay.
For petroleum products in bulk:—
Tanker mooring.

Pietersburg.
For persons and goods:—
The Aerodrome Area.

Port Elizabeth.
For persons and goods:—
Charl Malan Quay.
No. 2 Quay.
No. 3 Quay.
For Goods:—
South Jetty.
Dom Pedro Jetty.
Tanker berth on breakwater wall.

SOUTH WEST AFRICA.

Lüderitz.
For persons and goods:—
East Jetty.
West Jetty.

Walvis Bay.
For persons and goods:—
Hofmeyr Wharf.
For goods:—
Tanker berth.

Windhoek.
For persons and goods:—
J. G. Strijdom Airport.
The Aerodrome Area.

2. TRANSIT SHEDS.

Cape Town.
All the sheds situated upon the wharves.

Durban.
All the sheds situated upon the wharves.
Freight Office, situated in the terminal building at Louis Botha Airport.
Storeroom situated in the Air Freight Depot in the South African Railways Administrative Building, 202/206 Smith Street, Durban.

East London.
East Bank:—
All the sheds situated upon the wharves.
West Bank:—
All the sheds situated upon the wharves.

Germiston Controlled Area.
Rand Airport:—
Room No. 20 in the airport buildings.

Komatipoort.
Vir persone en goedere:—
Die Vliegveldgebied.

Mafeking.
Vir persone en goedere:—
Die Vliegveldgebied.

Mosselbaai.
Vir persone en goedere:—
Hawehoof No. 1.
Vir goedere:—
Kaai No. 3.
Vir petroleumprodukte in massa:—
Tenkskipmeerplek.

Pietersburg
Vir persone en goedere:—
Die Vliegveldgebied.

Port Elizabeth.
Vir persone en goedere:—
Charl Malan-kaai.
Kaai No. 2.
Kaai No. 3.
Vir goedere:—
Suid-hawehoof.
Dom Pedro-hawehoof.
Tenkskipaanlêplek aan die breekwaterwal.

SUIDWES-AFRIKA.

Lüderitz.
Vir persone en goedere:—
Oos-hawehoof.
Wes-hawehoof.

Walvisbaai.
Vir persone en goedere:—
Hofmeyr-landingsplek.
Vir goedere:—
Tenkskipaanlêplek.

Windhoek.
Vir persone en goedere:—
J. G. Strijdom-lughawe.
Die Vliegveldgebied.

2. DEURVOERLOODSE.

Kaapstad.
Al die loodse geleë op die landingsplekke.

Durban.
Al die loodse geleë op die landingsplekke.
Vragkantoor, geleë in die eindgebou te Louis Botha-lughawe.
Pakkamer geleë in die Lugvragmagasyn in die Administratiewe gebou van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Smithstraat 202/206, Durban.

Oos-Londen.
Oosoewer:—
Al die loodse geleë op die landingsplekke.
Wesoewer:—
Al die loodse geleë op die landingsplekke.

Germistonse Beheerde Gebied.
Rand-lughawe:—
Kamer No. 20 in die lughawegebou.

Jan Smuts Airport.

Customs area in the terminal building concourse and in the basement of the terminal building and in the Old Post Office Building.

Mossel Bay.

Shed situated between the Main Jetty and Bland Street, the property of the Railways and Harbours Administration.

Port Elizabeth.

All the sheds situated upon the wharves.

SOUTH WEST AFRICA.

Lüderitz.

One shed situated west of West Jetty and facing the harbour.

Walvis Bay.

All the sheds situated upon Hofmeyr Wharf.

Windhoek.

Freight office, situated in the terminal building at J. G. Strijdom Airport.

---

3. ENTRANCES TO AND EXITS FROM DOCK OR WHARF AREAS OR CUSTOMS AERODROMES.

(*a*) DOCK OR WHARF AREAS.

Cape Town.

General:—

1. Main Gates, Dock Road.
2. Ebenezer Road Gate—from 5.30 a.m. to 11 p.m.
3. North Gate at foot of Portswood Road.*
4. Heerengracht Gate.
5. Pirow Street Gate.*
6. New Eastern Mole Gate.*

* NOTE.—These gates are open to vehicular traffic on weekdays only, except public holidays, as follows:—

Monday to Friday, from 5.30 a.m to 6 p.m.
Saturday, from 5.30 a.m. to 2.30 p.m.

Special:—

1. Main Gate (central)—for railway traffic only—to be locked when not in use.
2. Power Station Gates in Duncan Dock—for railway traffic only—to be locked when not in use.
3. Misplon Gate—for pedestrian only—from 6 a.m. to 10 p.m.

Durban.

General:—

1. North Pier Gate—for all traffic other than cargo.
2. Port Office Gate—for all traffic other than cargo.
3. Customs Main (Point) Gate.
4. Clock (Railway Offices) Gate.
5. Cato Creek Overhead Bridge, connecting Quayside Road with Stanger Street.
6. Entrance to Graving Dock (West).
7. Fletcher Road Gate.
8. Gate between Criterion Hotel and South End of "K" Shed, known as Criterion III.

Special:—

1. Gate on Point Road at "A" Shed—for railway traffic only—to be locked when not in use.
2. Bell Street Bridge—for pedestrians only.
3. Seven openings on Quayside Road where railway lines run from harbour area into railway marshalling yards—for railway traffic only.
4. Entrance to South African Naval Forces (Reserve) Training Base—for pedestrians only.

Jan Smuts-lughawe.

Doeanegebied in die eindgebouportaal en die kelderverdieping van die eindgebou en in die Ou Poskantoorgebou.

Mosselbaai.

Loods geleë tussen die Hoofhawehoof en Blandstraat, die eiendom van die Spoorweg- en Haweadministrasie.

Port Elizabeth.

Al die loodse geleë op die landingsplekke.

SUIDWES-AFRIKA.

Lüderitz.

Een loods geleë wes van Wes-hawehoof met uitsig op die hawe.

Walvisbaai.

Al die loodse geleë op Hofmeyr-landingsplek.

Windhoek.

Vragkantoor, geleë in die eindgebou te J. G. Strijdom-lughawe.

3. INGANGE NA EN UITGAWE VAN DIE DOK- OF LANDINGSTERREINE OF DOEANEVLIEGVELDE.

(*a*) DOK- OF LANDINGSTERREINE.

Kaapstad.

Algemeen:—

1. Hoofhekke, Dokweg.
2. Ebenezerweg-hek—van 5.30 vm. tot 11 nm.
3. Noordhek by die voet van Portswoodweg.*
4. Heerengracht-hek.
5. Pirowstraat-hek.*
6. Nuwe Oostelike Golfbrekerhek.*

* OPMERKING.—Hierdie hekke is vir rytuigverkeer alleenlik op weekdae, uitgesonderd openbare vakansiedae soos volg oop:—

Maandag tot Vrydag, van 5.30 vm. tot 6 nm.
Saterdag, van 5.30 vm. tot 2.30 nm.

Spesiaal:—

1. Hoofhek (sentraal)—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
2. Kragsentralehekke in Duncandok—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer hulle nie gebruik word nie.
3. Misplonhek—slegs vir voetgangers—van 6 vm. tot 10 nm.

Durban.

Algemeen:—

1. Noordseehoofhek—vir alle ander verkeer as goedere.
2. Hawekantoorhek—vir alle ander verkeer as goedere.
3. Doeane-hoofhek („ Point "-hek).
4. Klok- (Spoorwegkantore-) hek.
5. Cato Creek-lugbrug, wat Quaysideweg met Stangerstraat verbind.
6. Ingang tot Droogdok (Wes).
7. Fletcherweg-hek.
8. Hek tussen Criterion Hotel en Suidelike punt van „ K "-loods, as Criterion III bekend.

Spesiaal:—

1. Hek aan Pointweg by Loods „ A "—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
2. Bellstraat-lugbrug—slegs vir voetgangers.
3. Sewe openinge aan Quaysideweg waardeur spoorlyne van die hawegebied af na die spoorweg-opstelterreine loop—slegs vir spoorwegverkeer.
4. Ingang na die Suid-Afrikaanse Seemag- (Reserwe-) opleidingsbasis—slegs vir voetgangers.

5. Entrance to Canal Road—for railway traffic, local fish industry and pedestrians only.
6. Entrance to Graving Dock (Caisson end—East)—for pedestrians only.
7. Entrance from Airport Road at Railway Workshop No. 24—for railway traffic only.
8. Entrance in Billiter Street, known as Criterion I—for pedestrians only.
9. Entrance to Criterion Hotel, known as Criterion II—for pedestrians only.

East London.

General:—

East Bank:—

1. Gate at end of Esplanade near mouth of Buffalo River.
2. Main Gate across Hely Hutchinson Road.
3. Gate across Pontoon Road entrance to new Graving Dock.

West Bank:—

4. Gate across road at bridgehead.
5. Oil Wharf Gate.
6. Gate at the lower end of Dale Street.

Special:—

East Bank:—

1. Opening under footbridge at lower end of Oxford Street, where railway line from East London enters harbour area—for railway traffic only.
2. Two gates situated at lower end of Oxford Street Footbridge—for pedestrians only—one from 6 a.m. to 10 p.m. and the other from 8 a.m. to 5 p.m.
3. Crane Gate at foot of old pier—to be locked when not in use.
4. Signal Station Gate—for military use only—to be locked when not in use.
5. Gate across railway line to harbour area at Buffalo Bridge—for railway traffic only—to be locked when not in use.
6. Gate across railway line to Irvin and Johnson's jetty or siding—for railway traffic only—to be locked when not in use.

West Bank:—

7. Gate to harbour magazine—for removal of explosives only—to be locked when not in use.
8. Pedestrian Gate situated between gate to the harbour magazine and the Convict Gate—for use by the warders of the Prisons Department only—to be locked when not in use.
9. Convict Gate situated between 8 and 10—for transport of convicts only—to be locked when not in use.
10. Gate across railway line from harbour to oil sites—for railway traffic only—to be locked when not in use.

5. Ingang na Kanaalweg—slegs vir spoorwegverkeer, plaaslike visnywerheid en voetgangers.

6. Ingang na Droogdok (Caissonpunt-Oos)—slegs vir voetgangers.

7. Ingang van Airportweg by Spoorwegwerkwinkel No. 24—slegs vir spoorwegverkeer.

8. Ingang in Billiterstraat, as Criterion I bekend—slegs vir voetgangers.

9. Ingang na Criterion Hotel, as Criterion II bekend—slegs vir voetgangers.

Oos-Londen.

Algemeen:—

Oosoewer:—

1. Hek aan die punt van Esplanade naby mond van Buffelsrivier.

2. Hoofhek oor Hely Hutchinsonweg.

3. Hek oor Pontoonweg-ingang na nuwe Droogdok.

Wesoewer:—

4. Hek oor pad by brughoof.

5. Olielandingsplekhek.

6. Hek aan die onderent van Dalestraat.

Spesiaal:—

Oosoewer:—

1. Opening onder voetbrug aan die onderent van Oxfordstraat waar die spoorlyn van Oos-Londen af die haweterrein binnegaan—slegs vir spoorwegverkeer.

2. Twee hekke aan die onderent van Oxfordstraat-voetbrug geleë—slegs vir voetgangers—een van 6 vm. tot 10 nm. en die ander van 8 vm. tot 5 nm.

3. Hyskraanhek aan die voet van die ou seehoof—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

4. Seinstasiehek—slegs vir militêre gebruik—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

5. Hek oor spoorlyn na haweterrein by Buffelsbrug—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

6. Hek oor spoorlyn na Irvin en Johnson se hawehoof of sylyn—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

Wesoewer:—

7. Hek na hawemagasyn—slegs vir die verwydering van plofstowwe—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

8. Voetgangerhek tussen die hek na hawemagasyn en die Gevangenehek geleë—slegs vir gebruik deur die bewaarders van die Departement van Gevangenisse—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

9. Gevangenehek tussen 8 en 10 geleë—slegs vir vervoer van gevangenes—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

10. Hek oor spoorlyn van hawe af na olieterreine—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

Mossel Bay.

General:—

1. Main Gate across road leading to dock area.

Special:—

1. East Gate across railway line to Railway Station—for railway traffic only—to be locked when not in use.
2. West Gate across railway line—for railway traffic only—to be locked when not in use.

Port Elizabeth.

General:—

1. Main Gate, Jetty Street Bridge.
2. South Arm Gate to No. 2 Quay.

Special:—

1. North Arm Gates (two), near narrow gauge railway station—for railway traffic only.
2. North Arm Gate on sea-wall—for railway use only—to be locked when not in use.
3. North Arm Gates (two) between special gate 1 and special gate 2 above—for railway traffic only—to be locked when not in use.
4. Shunting Gate under Jetty Street Bridge, to No. 2 Quay—to be locked when not in use.
5. South Arm Gate to No. 2 Quay—for railway traffic only—to be locked when not in use.
6. Railway Gate between the road and Baakens River on No. 3 Quay—for railway traffic only—to be locked when not in use.

SOUTH WEST AFRICA.

Lüderitz.

General:—

1. Main Gate, Hafen Street.

Special:—

1. Main Gate West, Hafen Street—for railway traffic only—to be locked when not in use.
2. Railway Gate, Insel Street—for railway traffic only—to be locked when not in use.
3. West Gate, Hafen Street—for heavy goods only—to to be locked when not in use.
4. Insel Street Gate—for heavy goods only—to be locked when not in use.

(*b*) CUSTOMS AERODROMES.

Louis Botha Airport, Durban.

Entrance to the Airport from Airport Road.

D. F. Malan Airport, Cape Town.

Main Gate, Borcherds Quarry Road.

Rand Airport, Germiston.

1. South-east Gate off Airport Road adjacent to Hangar No. R.A. 38, giving access to the security area.
2. North-east Gate bordering on the New Airport Road between Hangars Nos. R.A. 73 and R.A. 80, giving access to the security area.
3. North Gate adjoining the Terminal Building No. R.A. 60, giving access to the security area.

J. G. Strijdom Airport, Windhoek.

1. The two gates opposite the hangars in the fence forming the eastern boundary of the aerodrome.
2. The gate directly behind the Main Airport Buildings.

Mosselbaai.

Algemeen:—

1. Hoofhek oor pad na dokterrein.

Spesiaal:—

1. Ooshek oor spoorlyn na spoorwegstasie—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
2. Weshek oor spoorlyn—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

Port Elizabeth.

Algemeen:—

1. Hoofhek, Jettystraat-brug.
2. Suidarm-hek na Kaai No. 2.

Spesiaal:—

1. Noordarm-hekke (twee), naby smalspoor-stasie—slegs vir spoorwegverkeer.
2. Noordarm-hek op seewal—slegs vir spoorweggebruik—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
3. Noordarm-hekke (twee) tussen spesiale hek 1 en spesiale hek 2 hierbo—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer hulle nie gebruik word nie.
4. Rangeerhek onder Jettystraat-brug na Kaai No. 2—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
5. Suidarm-hek na Kaai No. 2—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
6. Spoorweghek tussen die pad en Baakensrivier op Kaai No. 3—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

SUIDWES-AFRIKA.

Lüderitz.

Algemeen:—

1. Hoofhek, Hafenstraat.

Spesiaal:—

1. Hoofhek—Wes, Hafenstraat—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
2. Spoorweghek, Inselstraat—slegs vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
3. Weshek, Hafenstraat—slegs vir swaar goedere—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.
4. Inselstraat-hek—slegs vir swaar goedere—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie.

(*b*) DOEANEVLIEGVELDE.

Louis Botha-lughawe, Durban.

Ingang na die Lughawe vanaf Lughaweweg.

D. F. Malan-lughawe, Kaapstad.

Hoofhek, Borcherds Quarry-weg.

Rand-lughawe, Germiston.

1. Suidoos-hek vlak by Airport-weg langsaan vliegtuigloods No. R.A.38 waardeur ingang na die veiligheidsgebied verkry word.
2. Noordoos-hek aangrensend aan die „New Airport"-weg tussen vliegtuigloodse Nos. R.A.73 en R.A. 80, waardeur ingang na die veiligheidsgebied verkry word.
3. Noordheg langsaan die Eindgebou No. R.A.60 waardeur ingang na die veiligheidsgebied verkry word.

J. G. Strijdom-lughawe, Windhoek.

1. Die twee hekke regoor die vliegtuigloodse in die omheining wat die oostelike grens van die vliegveld uitmaak.
2. Die hek onmiddellik agter die Hoof-lughawegebou.

CONTENTS.

No.		PAGE
	Department of Customs and Excise.	
	GOVERNMENT NOTICES.	
R.1001.	Customs Act, 1955: Exercise of Powers by the Minister	1
R.1002.	Customs Act, 1955: Admission of Certain Articles at Reduced Rates of Duty ...	204
R.1003.	Customs Act, 1955: Exercise of Powers by Commissioner of Customs and Excise	218

INHOUD.

No.		BLADSY
	Departement van Doeane en Aksyns.	
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.	
R.1001.	Doeanewet, 1955: Uitoefening van Bevoegdhede deur die Minister	1
R.1002.	Doeanewet, 1955: Toelating van Sekere Goedere teen Verminderde Doeaneregte	205
R.1003.	Doeanewet, 1955: Uitoefening van Bevoegdhede deur Kommissaris van Doeane en Aksyns	219

MONTHLY BULLETIN OF STATISTICS

Issued by the Bureau of Census and Statistics, Pretoria

Contains a comprehensive coverage of current statistical information on a great variety of economic and social subjects. Each issue contains more than 100 statistical tables as well as statistical annexures

Price Republic of South Africa - - 60c per copy (R6.00 per year)
Overseas - - - - - - - - - - 65c per copy (R6.60 per year)

OBTAINABLE FROM THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA AND CAPE TOWN

MAANDBULLETIN VAN STATISTIEK

Uitgereik deur die Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria

Behels 'n omvattende dekking van lopende statistiese inligting oor 'n groot verskeidenheid van ekonomiese en maatskaplike onderwerpe. Elke uitgawe bevat meer as 100 statistiese tabelle asook statistiese bylaes

Prys Republiek van Suid-Afrika 60c per eksemplaar (R6.00 per jaar)
Buiteland - - - - - - - - 65c per eksemplaar (R6.60 per jaar)

VERKRYGBAAR VAN DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA EN KAAPSTAD

The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.

No. 138, 1961.]

ADMINISTRATION OF THE PROVISIONS OF THE DISABILITY GRANTS ACT, 1946 (ACT No. 36 OF 1946).

Under the powers vested in me by sub-section (1) *bis* of section *two* of the Disability Grants Act, 1946 (Act No. 36 of 1946), I hereby assign, with effect from the first day of December, 1961, the administration of the provisions of the said Act with reference to persons other than Natives, to the Minister of Social Welfare and Pensions.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria, on this Ninth day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
J. J. SERFONTEIN.

No. 139, 1961.]

ADMINISTRATION OF THE PROVISIONS OF THE OLD AGE PENSIONS ACT, 1928 (ACT No. 22 OF 1928).

Under the powers vested in me by section *nineteen bis* of the Old Age Pensions Act, 1928 (Act No. 22 of 1928), I hereby assign, with effect from the first day of December, 1961, the administration of the provisions of the said Act—

(*a*) in respect of persons other than Natives, to the Minister of Social Welfare and Pensions; and
(*b*) in respect of Natives, to the Minister of Bantu Administration and Development.

For the purposes of this Proclamation "Native" shall have the meaning assigned to it in section *twenty* of the said Act.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Ninth day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
J. J. SERFONTEIN.

No. 140, 1961.]

DATE OF COMMENCEMENT OF CERTAIN AMENDMENTS EFFECTED BY THE PENSION LAWS AMENDMENT ACT, 1961 (ACT No. 78 OF 1961).

Under the powers vested in me by sub-section (2) of section *forty-eight* of the Pension Laws Amendment Act, 1961 (Act No. 78 of 1961), I hereby declare that the amendments effected by sections *six, eight, nine, ten, eleven, fifteen, sixteen, seventeen, eighteen, twenty-two, twenty-four, twenty-five, twenty-six, twenty-seven, twenty-eight* and *thirty-five* of the said Act shall come into operation on the first day of December, 1961.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Ninth day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
J. J. SERFONTEIN.

No. 138, 1961.]

UITVOERING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP ONGESKIKTHEIDSTOELAES, 1946 (WET No. 36 VAN 1946).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) *bis* van artikel *twee* van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1946 (Wet No. 36 van 1946), dra ek hierby met ingang van die eerste dag van Desember 1961 die uitvoering van die bepalings van genoemde Wet met betrekking tot ander persone as Naturelle, op aan die Minister van Volkswelsyn en Pensioene.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negende dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
J. J. SERFONTEIN.

No. 139, 1961.]

UITVOERING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE OUDERDOMSPENSIOENWET, 1928 (WET No. 22 VAN 1928).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *negentien bis* van die Ouderdomspensioenwet, 1928 (Wet No. 22 van 1928), dra ek hierby met ingang van die eerste dag van Desember 1961 die uitvoering van die bepalings van genoemde Wet—

(*a*) ten opsigte van ander persone as Naturelle, op aan die Minister van Volkswelsyn en Pensioene; en
(*b*) ten opsigte van Naturelle, op aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

By die toepassing van hierdie Proklamasie het „Naturel" die betekenis daaraan toegeskryf in artikel *twintig* van genoemde Wet.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negende dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
J. J. SERFONTEIN.

No. 140, 1961.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN SEKERE WYSIGINGS AANGEBRING BY DIE WYSIGINGSWET OP DIE PENSIOENWETTE, 1961 (WET No. 78 VAN 1961).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel *agt-en-veertig* van die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1961 (Wet No. 78 van 1961), verklaar ek hierby dat die wysigings aangebring by artikels *ses, agt, nege, tien, elf, vyftien, sestien, sewentien, agtien, twee-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig, ses-en-twintig, sewe-en-twintig, agt-en-twintig* en *vyf-en-dertig* van genoemde Wet op die eerste dag van Desember 1961 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negende dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident

Op las van die Staatspresident-in-rade.
J. J. SERFONTEIN.

No. 141, 1961.]

LOCAL TRANSPORTATION AREAS.—THE MOTOR CARRIER TRANSPORTATION ACT, 1930 (ACT No. 39 OF 1930), AS AMENDED.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (*b*) of section *eight* of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, I hereby declare that the Local Transportation Areas described in the Schedule to Proclamation No. 334 of 1948, as amended by Proclamations Nos. 99 of 1950, 55 of 1951, 100 of 1953, 250 of 1953, 199 of 1954, 141 of 1956, 199 of 1956, 242 of 1958 and 65 of 1961 shall be further amended to the extent set forth in the Schedule annexed hereto with effect from the date of promulgation hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Twenty-seventh day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE.

LOCAL TRANSPORTATION AREA.

Area No.	*Headquarters of Local Board.*	*Extent of Amendment.*
17	Windhoek.....	By addition of the Magisterial District of Walvis Bay.

No. 142, 1961.]

CREATION OF A DEPARTMENT OF INFORMATION AND PROVISION FOR THE APPOINTMENT OF A HEAD OF DEPARTMENT.

Under the powers vested in me by section *twenty-seven* of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), I hereby amend, in accordance with the recommendation of the Public Service Commission, the First Schedule to the said Act with effect from the 27th November, 1961, by the insertion of the words "Department of Information" and "Secretary for Information" in columns I and II, respectively, of the said Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Seventeenth day of November, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1056.] [24 November 1961.

PROPOSED LEASE TO THE GLENMORE HEALTH COMMITTEE OF A PORTION OF THE SEA-SHORE AND THE SEA AT GLENMORE, DISTRICT OF PORT SHEPSTONE, PROVINCE OF NATAL, FOR THE MAINTENANCE OF A SAFE BATHING PLACE.

Notice is hereby given, in terms of sub-section (5) of section *three* of the Sea-shore Act, 1935, as amended, that the Minister of Lands proposes to lease to the Glenmore Health Committee, a portion of the sea-shore and the sea at Glenmore, District of Port Shepstone, Province of Natal, measuring approximately 40 yards by 30 yards, situate opposite Los. Nos. 1, 2, 3 and 4 of Portobello No. 11911, District of Port Shepstone, Province of Natal for the purpose of maintaining a safe bathing place protected by anti-shark nets.

No. 141, 1961.]

PLAASLIKE TRANSPORTGEBIEDE.—DIE MOTOR-TRANSPORTWET, 1930 (WET No. 39 VAN 1930), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*b*) van artikel *agt* van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die Plaaslike Transportgebiede wat omskryf word in die Bylae van Proklamasie No. 334 van 1948, soos gewysig by Proklamasies Nos. 99 van 1950, 55 van 1951, 100 van 1953, 250 van 1953, 199 van 1954, 141 van 1956, 199 van 1956, 242 van 1958 en 65 van 1961 met ingang van die datum van afkondiging hiervan ooreenkomstig die Bylae hieraan geheg, verder gewysig word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE.

PLAASLIKE TRANSPORTGEBIED.

Gebied No.	*Hoofkantoor van Plaaslike Raad.*	*Wysiging.*
17	Windhoek.....	Deur die Landdrosdistrik Walvisbaai by te voeg.

No. 142, 1961.]

SKEPPING VAN 'N DEPARTEMENT VAN INLIGTING EN VOORSIENING VIR DIE BENOEMING VAN 'N HOOF VAN DIE DEPARTEMENT.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewe-en-twintig* van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), wysig ek hierby, ooreenkomstig die aanbeveling van die Staatsdienskommissie, die Eerste Bylae van genoemde Wet met ingang van 27 November 1961, deur onderskeidelik die woorde „Departement van Inligting" en „Sekretaris van Inligting" in kolomme I en II van genoemde Bylae in te voeg.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewentiende dag van November Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.

J. DE KLERK.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1056.] [24 November 1961.

VOORGESTELDE VERHURING AAN DIE GESONDHEIDSKOMITEE GLENMORE VAN 'N GEDEELTE VAN DIE STRAND EN DIE SEE TE GLENMORE, DISTRIK PORT SHEPSTONE, PROVINSIE NATAL, VIR DIE INSTANDHOUDING VAN 'N VEILIGE BAAIPLEK.

Hierby word ingevolge subartikel (5) van artikel *drie* van die Strandwet, 1935, soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Lande voornemens is om 'n gedeelte van die strand en die see te Glenmore, distrik Port Shepstone, Provinsie Natal, groot ongeveer 40 jaarts by 30 jaarts geleë teenoor Persele Nos. 1, 2, 3 en 4 van Portobello No. 11911, distrik Port Shepstone, Provinsie Natal, aan die Gesondheidskomitee Glenmore te verhuur vir die doel van die instandhouding van 'n veilige baaiplek beskerm deur haainette.

A site plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg.

No. 1084.] [24 November 1961.

COMMITTEES OF MANAGEMENT, VAALHARTS SETTLEMENT A, DIVISION OF VRYBURG.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Lands has, in terms of the provisions of section 9 of the regulations published under Government Notice No. R. 60 of the 16th June, 1961, appointed the persons named in the second column of the Schedule hereto as members of the Committees of Management, for the Vaalharts Settlement A, Division of Vryburg, for the respective wards referred to in the first column of the said Schedule, for the remainder of the terms for which the committees were constituted, in the place of Nicolaas Johannes van der Merwe, Pieter Marthinus Albertus Louw and Andries Daniel van Wyk, who have resigned.

The Minister of Lands has, in terms of section 11 (1), appointed the person referred to in the third column of the said Schedule, as chairman of the Committee of Management of the Vaalharts Settlement A, Division of Vryburg, for the ward referred to in the first column of the said Schedule, for the remainder of the term for which the Committee was constituted, in the place of Nicolaas Johannes van der Merwe, was has resigned.

'n Sketsplan lê ter insae in die kantoor van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Pietermaritzburg.

No. 1084.] [24 November 1961.

BEHEERKOMITEES, VAALHARTSNEDERSETTING A, AFDELING VRYBURG.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande, ingevolge die bepalings van artikel 9 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 60 van 16 Junie 1961, die persone genoem in die tweede kolom van bygaande Bylae, as lede van die Beheerkomitees vir die Vaalhartsnedersetting A, afdeling Vryburg, aangestel het vir die onderskeie wyke in die eerste kolom van voormelde Bylae genoem, vir die oorblywende gedeeltes van die tydperke waarvoor die komitees saamgestel is, in die plek van Nicolaas Johannes van der Merwe, Pieter Marthinus Albertus Louw en Andries Daniel van Wyk, wat bedank het.

Die Minister van Lande het, kragtens artikel 11 (1) van genoemde regulasies, die persoon genoem in die derde kolom van voormelde Bylae, aangestel as voorsitter van die betrokke Beheerkomitee van die Vaalhartsnedersetting A, afdeling Vryburg, vir die wyk in die eerste kolom van voormelde Bylae genoem, vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die komitee saamgestel is, in die plek van Nicolaas Johannes van der Merwe, wat bedank het.

SCHEDULE.—*BYLAE.*

(1)	(2)	(3)
Ward/*Wyk* II.....	Johannes Andries Grobbelaar	Willem Frederik Lubbe Hendrik Willem Christiaan van der Watt.
Ward/*Wyk* III.....	Cornelius Krügel.	

No. 1085.] [24 November 1961.

HOLDINGS AVAILABLE ON THE PIENAARS RIVER SETTLEMENT, DISTRICT OF WARM BATHS.

Notice is hereby given, in terms of paragraph 1 of the regulations governing probationary lessees, published by Government Notice No. 998 of the 11th July, 1958, that a number of holdings on the Pienaars River Settlement, District of Warm Baths, have become available for allotment to probationary lessees.

All persons who wish to apply for the granting of rights of temporary occupation in terms of the said regulations must do so on the prescribed forms, which, together with copies of the regulations, are obtainable from the Secretary for Lands, Aquila Building, 157 Schoeman Street, Private Bag 118, Pretoria, or from the Superintendent, Pienaars River Settlement, P.O. Pienaars River. The properly completed application form must reach the Secretary for Lands, Aquila Building, Private Bag 118, Pretoria, not later than the 5th January, 1962.

All persons from whom properly completed application forms are received, will in due course be notified of the date of the Selection Committee's meeting at which such applications will be considered; and will, if they so desire, be afforded an opportunity of appearing, at their own expense, before the Selection Committee for an interview.

No. 1085.] [24 November 1961.

HOEWES BESKIKBAAR OP DIE PIENAARSRIVIER-NEDERSETTING, DISTRIK WARMBAD.

Hierby word, ooreenkomstig paragraaf 1 van die regulasies wat op proefhuurders van toepassing is, soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 998 van 11 Julie 1958, bekendgemaak dat 'n aantal hoewes op die Pienaarsriviernedersetting, distrik Warmbad, gereed is vir toewysing aan proefhuurders.

Alle persone wat begerig is om aansoek te doen om die verlening van tydelike okkupasieregte ooreenkomstig bogenoemde regulasies, moet dit doen op die voorgeskrewe vorms, wat, tesame met afskrifte van die regulasies, verkrygbaar is van die Sekretaris van Lande, Aquilagebou, Schoemanstraat 157, Privaatsak 118, Pretoria, of van die Superintendent, Pienaarsriviernedersetting, Pk. Pienaarsrivier. Die aansoekvorm, wat behoorlik ingevul moet word, moet die Sekretaris van Lande, Aquilagebou, Privaatsak 118, Pretoria, nie later as 5 Januarie 1962 bereik nie.

Almal van wie behoorlik ingevulde aansoekvorms ontvang word, sal later in kennis gestel word van die datum van die vergadering van die Keurkomitee waarop sodanige aansoeke oorweeg sal word, en sal, indien hulle dit verlang, die geleentheid gebied word om op eie koste vir 'n onderhoud voor die Keurkomitee te verskyn.

No. 1088.] [24 November 1961.

LAND BOARDS.—APPOINTMENT OF CHAIRMEN AND MEMBERS.

The State President has been pleased to approve of the following:—

(*a*) The appointment, in terms of section *two* (1) of the Land Settlement Act, 1956, of Jacobus Johannes Philippus Cornelius Lourens Steyn as chairman of Central Land Board for a period of three years with effect from the 3rd July, 1961.

No. 1088.] [24 November 1961.

LANDRADE.—AANSTELLING VAN VOORSITTERS EN LEDE.

Dit het die Staatspresident behaag om sy goedkeuring aan die volgende te heg:—

(*a*) Die aanstelling, ooreenkomstig die bepalings van artikel *twee* (1) van die Nedersettingswet, 1956, van Jacobus Johannes Philippus Cornelius Lourens Steyn as voorsitter van die Sentrale Landraad vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 3 Julie 1961.

(*b*) The appointment, in terms of section *two* (1) of the Land Settlement Act, 1956, of Daniel Pieter Liebenberg as member of the Central Land Board for a period of three years with effect from the 3rd July, 1961.

(*c*) The appointment, in terms of section *seven* of the Land Settlement Act, 1956, of the following gentlemen as members and chairmen of the local land boards indicated opposite their names for a period of three years with effect from the 3rd July, 1961:—

Member and Chairman.	*Local Land Board for—*
Christiaan Jacobus Visser	That portion of the Province of the Cape of Good Hope as defined in paragraph 5 of Proclamation No. 73 of 1959.
Johannes Hendrik Potgieter	The Province of the Orange Free State as defined in paragraph 3 of Proclamation No. 73 of 1959.
Hendrik Petrus Breytenbach	The Province of Natal as defined in paragraph 2 of Proclamation No. 73 of 1959.
Pieter Andries Cronje..	Those portions of the Provinces of the Transvaal and the Cape of Good Hope as defined in paragraph 3 of Proclamation No. 73 of 1959.

(*d*) The appointment, in terms of section *seven* of the Land Settlement Act, 1956, of the following gentlemen as members of the local land boards indicated opposite their names for a period af three years with effect from the 3rd July, 1961:—

Member.	*Local Land Board for—*
Stephanus Albertus Venter-Korf	That portion of the Province of the Transvaal as defined in paragraph 1 of Proclamation No. 73 of 1959.
Johannes Jacobus Boonzaaier, Martinus Johannes Gouse, Johan George van der Westhuizen Barnardt	That portion of the Province of the Cape of Good Hope as defined in paragraph 5 of Proclamation No. 73 of 1959.
Jacobus Wouter Francois Theron	The Province of the Orange Free State as defined in paragraph 3 of Proclamation No. 73 of 1959.
Nicolaas Johannes van Rooyen	The Province of Natal as defined in paragraph 2 of Proclamation No. 73 of 1959.
Petrus Cornelius Struwig	Those portions of the Provinces of the Transvaal and the Cape of Good Hope as defined in paragraph 4 of Proclamation No. 73 of 1959.

(*b*) Die aanstelling, ooreenkomstig die bepalings van artikel *twee* (1) van die Nedersettingswet, 1956, van Daniel Pieter Liebenberg as lid van die Sentrale Landraad vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 3 Julie 1961.

(*c*) Die aanstelling, ooreenkomstig die bepalings van artikel *sewe* van die Nedersettingswet, 1956, van ondergenoemde here as lede en voorsitters van die plaaslike landrade wat teenoor hulle name gemeld word, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 3 Julie 1961:—

Lid en Voorsitter.	*Plaaslike Landraad vir—*
Christiaan Jacobus Visser	Die gedeelte van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop soos omskryf in paragraaf 5 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Johannes Hendrik Potgieter	Die Provinsie Oranje-Vrystaat soos omskryf in paragraaf 3 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Hendrik Petrus Breytenbach	Die Provinsie Natal soos omskryf in paragraaf 2 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Pieter Andries Cronje..	Die gedeeltes van die Provinsies Transvaal en Kaap die Goeie Hoop soos omskryf in Proklamasie No. 73 van 1959.

(*d*) Die aanstelling, ooreenkomstig die bepalings van artikel *sewe* van die Nedersettingswet, 1956, van ondergenoemde here as lede van die plaaslike landrade wat teenoor hulle name gemeld word, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 3 Julie 1961:—

Lid.	*Plaaslike Landraad vir—*
Stephanus Albertus Venter-Korf	Die gedeelte van die Provinsie Transvaal soos omskryf in paragraaf 1 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Johannes Jacobus Boonzaaier, Martinus Johannes Gouse en Johan George van der Westhuizen Barnardt	Die gedeelte van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop soos omskryf in paragraaf 5 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Jacobus Wouter Francois Theron	Die Provinsie Oranje-Vrystaat soos omskryf in paragraaf 3 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Nicolaas Johannes van Rooyen	Die Provinsie Natal soos omskryf in paragraaf 2 van Proklamasie No. 73 van 1959.
Petrus Cornelius Struwig	Die gedeeltes van die Provinsies Transvaal en Kaap die Goeie Hoop soos omskryf in paragraaf 4 van Proklamasie No. 73 van 1959.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 1077.] [24 November 1961.

It is hereby notified that Mr. Cornelis Hendrik Taljaard was received by the President of the Swiss Confederation on the 10th November, 1961, on which occasion he presented his Letter of Credence as Ambassador Extraordinary and Plenipotentiary of the Republic of South Africa in Switzerland.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 1077.] [24 November 1961.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. Cornelis Hendrik Taljaard op 10 November 1961 deur die President van die Switserse Konfederasie ontvang is en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeur van die Republiek van Suid-Afrika in Switserland oorhandig het.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1076.] [24 November 1961.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 1st December, 1961, to the 1st January, 1962, both days inclusive, and that the dividends due on the 1st January, 1962, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books:—

2¾ Per Cent Local Registered Stock, 1958/63.
3 Per Cent Local Registered Stock, 1957/62.
3½ Per Cent Local Registered Stock, 1963/66.
4⅜ Per Cent Local Registered Stock, 1964.
4⅝ Per Cent Local Registered Stock, 1976.
5¼ Per Cent Local Registered Stock, 1979.
4½ Per Cent Cape of Good Hope Colonial Stock.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1076.] [24 November 1961.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Desember 1961 tot en met 1 Januarie 1962 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 Januarie 1962 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde 2¾-persenteffekte, 1958/63.
Plaaslike Geregistreerde 3-persenteffekte, 1957/62.
Plaaslike Geregistreerde 3½-persenteffekte, 1963/66.
Plaaslike Geregistreerde 4⅜-persenteffekte, 1964.
Plaaslike Geregistreerde 4⅝-persenteffekte, 1976.
Plaaslike Geregistreerde 5¼-persenteffekte, 1979.
„ Cape of Good Hope Colonial " 4½-persenteffekte.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1035.] [17 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 57 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications, *and all future issues thereof*, to be indecent, obscene or objectionable:—

1. *Fascination*, No. 5; No. 6; No. 7.
2. *Girls and Gags*, Vol. 7, No. 5, October, 1961.
3. *Korea News*, No. 14, May 20, 1961.
4. *Korea Today*, No. 45 (5), 1960.
5. *New Hungary*, No. 76, June-July, 1961.
6. *Oγohëk*, No. 23, 1961.
7. *Peace News*, No. 1300, May 26, 1961.
8. *Pimienta*, Vol. 2, No. 4, January, 1960.
9. *Soviet Books*, 1961 (Catalogue of Publications in Foreign Languages).
10. *Swaziland Freedom Star, The* (*Inkanyezi Yenkululeko Kangwane*).

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Republic.

In terms of section *one hundred and twenty-eight*, read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

Attention is also invited to the provisions of section *one hundred and thirty-seven* of the said Act, in terms of which any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any such publications, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

No. 1078.] [24 November 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—OBJECTIONABLE LITERATURE: LIST No. 59 PUBLISHED SUBSEQUENT TO THE REVISED LIST PUBLISHED BY GOVERNMENT NOTICE No. 1510 OF THE 31ST JULY, 1956.

In terms of sub-section (3) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955 (Act No. 55 of 1955), I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, obscene or objectionable:—

Publication/*Publikasie.*	By/*Deur.*
1. *Angel with Dirty Wings*	John E. Hasty.
2. *Blow up a Storm*	Garson Kanin.
3. *Destroyers will Rendezvous*	Jamieson Brown.
4. *For Men Only*, Vol. 8, No. 10, October, 1961	—
5. *Hangman's Song*	Jess Shelton.
6. *History of Eroticism, A*	Lo Duca.
7. *Hollywood Babylone*	Kenneth Anger.
8. *Nest of Fear, A*	Hal Ellson.
9. *Persecution* 1961	Peter Benenson.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1035.] [17 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 57 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies, *en alle toekomstige uitgawes daarvan*, onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

1. *Fascination*, No. 5; No. 6; No. 7.
2. *Girls and Gags*, Vol. 7, No. 5, October, 1961.
3. *Korea News*, No. 14, May 20, 1961.
4. *Korea Today*, No. 45 (5), 1960.
5. *New Hungary*, No. 76, June-July, 1961.
6. *Oγohëk*, No. 23, 1961.
7. *Peace News*, No. 1300, May 26, 1961.
8. *Pimienta*, Vol. 2, No. 4, January, 1960.
9. *Soviet Books*, 1961 (Catalogue of Publications in Foreign Languages).
10. *Swaziland Freedom Star, The* (*Inkanyezi Yenkululeko Kangwane*).

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Republiek ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan 'n persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

Die aandag word ook gevestig op die bepalings van artikel *honderd sewe-en-dertig* van genoemde Wet ingevolge waarvan 'n persoon wat 'n eksemplaar van enigeen van vermelde publikasies verkoop, te koop aanbied of hou of versprei of vertoon, 'n misdryf begaan en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

No. 1078.] [24 November 1961.

DOEANEWET, 1955.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR: LYS No. 59 GEPUBLISEER NA DIE HERSIENE LYS WAT BY GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1510 VAN 31 JULIE 1956 GEPUBLISEER IS.

Kragtens subartikel (3) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955 (Wet No. 55 van 1955), verklaar ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

10. *Portrait of a Sadist*	Paull Hill.
11. *Slow Burn*	Jack Ehrlich.
12. *South Sea Stories*, Vol. 2, No. 2, October, 1961	—
13. *Strange Ways of Love, The*	Clayton Matthews.
14. *Strike the Black Flag*	Jay Scotland.
15. *Syndicats Yougoslaves*, January–March, 1961	—
16. *Top Secret*, Vol. 9, No. 48, August, 1961	—
17. *Tropical Disturbance*	Theodore Pratt.
18. *Unfaithful*	Peter Jason.
19. *Young Man Willing*	Roy Doliner.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1955, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Republic.

In terms of section *one hundred and twenty-eight*, read with section *one hundred and twenty-six* of the said Act, any person who knowingly has in his possession or deals with any such publications shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine of two thousand rand, or to imprisonment for a period not exceeding five years, or to both such fine and imprisonment.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

No. 1080.] [9 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—PADACHIE TO WILLIAMS.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise David Padachie, residing at 20 Karagola Place, Overport, Durban, to assume the surname of Williams.

No. 1081.] [9 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—PRETORIUS TO STEVENSON.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Jacobus Johannes Pretorius, his wife, Dorothy May Pretorius, and minor child, Earl Reginald Pretorius, residing at 1 Russell Street, Pinetown, Natal, to assume the surname of Stevenson.

No. 1082.] [9 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—VAN DER MERWE TO GRANGER.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Susannah Magdalena van der Merwe, residing at 7 Catriona Court, Windermere Road, Port Elizabeth, to assume the surname of Granger.

No. 1089.] [14 November 1961.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—WARMINGTON TO LEANDER.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Sidney Warmington, residing at 24 Brown Street, Schauder Township, Port Elizabeth, to assume the surname of Leander.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1955, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Republiek ingevoer word nie.

Ingevolge artikel *honderd agt-en-twintig*, gelees met artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Wet, begaan enige persoon wat willens en wetens enigeen van vermelde publikasies in sy besit het of daarmee handel, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van tweeduisend rand, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

No. 1080.] [9 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—PADACHIE IN WILLIAMS.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, David Padachie, woonagtig te Karagola Place 20, Overport, Durban, te magtig om die van Williams aan te neem.

No. 1081.] [9 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELING, 1937, SOOS GEWYSIG—PRETORIUS IN STEVENSON.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Jacobus Johannes Pretorius, sy vrou, Dorothy May Pretorius, en minderjarige kind, Earl Reginald Pretorius, woonagtig te Russellstraat 1, Pinetown, Natal, te magtig om die van Stevenson aan te neem.

No. 1082.] [9 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—VAN DER MERWE IN GRANGER.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Susannah Magdalena van der Merwe, woonagtig te Catrionahof 7, Windermereweg, Port Elizabeth, te magtig om die van Granger aan te neem.

No. 1089.] [14 November 1961.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—WARMINGTON IN LEANDER.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Sidney Warmington, woonagtig te Brownstraat 24, Schauderdorpsgebied, Port Elizabeth, te magtig om die van Leander aan te neem.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1073.] [24 November 1961.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941, AS AMENDED.

DAIRY TRADE, WITWATERSRAND AND PRETORIA.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, as amended, declare the provisions of the Order and notice relating to the Dairy Trade, Witwatersrand and Pretoria, published under Government Notice No. 751 of the 22nd September, 1961, to be, on the whole, not less favourable to the persons whose hours of work and remuneration in respect of overtime, public holidays and work on Sundays and public holidays are regulated thereby, than the relative provisions of the said Act, as amended.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1073.] [24 November 1961.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941, SOOS GEWYSIG.

MELKERYBEDRYF, WITWATERSRAND EN PRETORIA.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos gewysig, dat die bepalings van die Order en kennisgewing in verband met die Melkerybedryf, Witwatersrand en Pretoria, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 751 van 22 September 1961, oor die algemeen vir persone wie se werkure en beloning ten opsigte van oortyd, openbare feesdae en werk op Sondae en openbare feesdae daarby gereël word, nie minder gunstig is nie as die ooreenstemmende bepalings van genoemde Wet, soos gewysig.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1071.] [24 November 1961.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *four* of Proclamation No. 116 of 1949, I, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, declare the land units in the accompanying Schedule betterment areas.

SCHEDULE.

District.	*Description of Land Units.*
Middledrift.....	1. Zibilokasie. 2. Zalilokasie. 3. Tyutyuzalokasie.

No. 1075.] [24 November 1961.

BESHWANA TRIBAL AUTHORITY, POSTMASBURG DISTRICT.—CHANGE OF NAME TO BAGA-LOTLHARE TRIBAL AUTHORITY—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1968 OF 26TH OCTOBER, 1956.

The State President has been pleased, in terms of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to approve of the alteration of the name of the Bechwana Tribal Authority established in respect of the Skeyfontein Community under Headman John Diemeng in the Postmasburg District as notified in Government Notice No. 1968 of 26th October, 1956, to the Baga-Lotlhare Tribal Authority.

243/362 (1)

No. 1079.] [24 November 1961.

MUNICIPALITY OF REDDERSBURG.

EXTENSION OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, approved of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Reddersburg, as a location and Native Village, of a certain area of land, 158·7285 morgen in

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1071.] [24 November 1961.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vier* van Proklamasie No. 116 van 1949, verklaar ek, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, die grondeenhede in bygaande Bylae tot verbeteringsgebiede.

BYLAE.

Distrik.	*Beskrywing van Grondeenhede.*
Middledrift.....	1. Zibilokasie. 2. Zalilokasie. 3. Tyutyuzalokasie.

No. 1075.] [24 November 1961.

BECHWANASTAMOWERHEID, DISTRIK POSTMASBURG.—VERANDERING VAN NAAM IN BAGA-LOTLHARESTAMOWERHEID — WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1968 VAN 26 OKTOBER 1956.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, goed te keur dat die naam van die Bechwanastamowerheid ingestel ten opsigte van die Skeyfonteingemeenskap onder hoofman John Diemeng in die distrik Postmasburg soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 1968 van 26 Oktober 1956 in die Baga-Lotlharestamowerheid verander word.

243/362 (1)

No. 1079.] [24 November 1961.

MUNISIPALITEIT VAN REDDERSBURG.

UITBREIDING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Reddersburg 'n sekere stuk grond, 158·7285 morg groot, synde

extent, comprising sub-division 6 of the farm Reddersburg No. 291, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. 189/61.

Government Notice No. 132 of the 28th January, 1927, is hereby repealed.

Ref. No. A.19/1562.

No. 1083.] [24 November 1961.

MOLTENO MUNICIPALITY.—EXTENSION OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of subsection (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Molteno as a location and Native village of a certain area of land, approximately 31 morgen in extent, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and bounded as follows as shown on plans filed in the offices of the Secretary for Bantu Administration and Development, Pretoria, and the Town Clerk, Molteno:—

Commencing at a point A, the north-eastern corner of the Railway subway at the north-eastern end of Denyssen Street; thence in a northerly and north-easterly direction along the Railway Reserve of the railway line to Jamestown for a distance of approximately 3,410 feet to a point B; thence in an easterly direction along an existing fence for a distance of approximately 960 feet to a point C on the Stormberg Spruit; thence in a southerly direction along the said Stormberg Spruit for a distance of approximately 2,300 feet to a point D; thence in a south-westerly direction for a distance of approximately 1991 feet to the point of commencement A.

Government Notice No. 1932 of the 23rd October, 1926, is hereby repealed.

No. 1086.] [24 November 1961.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (1) of section *four* of Proclamation No. 116 of 1949, I, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, declare the land units in the accompanying Schedule betterment areas.

SCHEDULE.

District.	*Description of Land Units.*
Potgietersrus.....	1. Tiberius No. 700. 2. Rykswyk No. 683.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. 1091.] [24 November 1961.

ANIMAL DISEASES AND PARASITES ACT, 1956.—DISEASES TO WHICH SECTION *ONE* SHALL APPLY—AMENDMENT.

Under the powers vested in me by section *one* of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act No. 13 of 1956), I, PIETER MATTHEUS KRUGER LE ROUX, Minister of Agricultural Technical Services, do hereby amend the Schedule to the declaration promulgated by Government Notice No. 1677 of the 16th October, 1959, by the addition at the end thereof of the following further item:—

"(*ee*) Infectious laryngo-tracheitis."

P. M. K. LE ROUX,
Minister of Agricultural Technical Services.

onderverdeling 6 van die plaas Reddersburg No. 291, geleë binne die gebied onder die beheer van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 189/61 goedgekeur is, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 132 van 28 Januarie 1927 word hierby herroep.

No. 1083.] [24 November 1961.

MUNISIPALITEIT VAN MOLTENO.—UITBREIDING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Molteno 'n sekere stuk grond, ongeveer 31 morg groot, geleë binne die gebied onder die beheer van genoemde stedelike plaaslike bestuur en begrens soos hieronder omskryf, soos aangetoon op planne wat in die kantore van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria, en die Stadsklerk, Molteno, bewaar word, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê:—

Begin by 'n punt A, die noordoostelike hoek van die spoorwegduikweg aan die noordoostelike end van Denyssenstraat; daarvandaan in 'n noordelike en noordoostelike rigting langs die spoorwegreserwe van die spoorlyn na Jamestown vir 'n afstand van ongeveer 3,410 voet tot by 'n punt B; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs 'n bestaande omheiningsdraad vir 'n afstand van ongeveer 960 voet tot by 'n punt C aan die Stormbergspruit; daarvandaan in 'n suidelike rigting langs genoemde Stormbergspruit vir 'n afstand van ongeveer 2,300 voet tot by 'n punt D; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting vir 'n afstand van ongeveer 1,991 voet tot by die beginpunt A.

Goewermentskennisgewing No. 1932 van 23 Oktober 1926 word hierby herroep.

No. 1086.] [24 November 1961.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vier* van Proklamasie No. 116 van 1949, verklaar ek, MICHIEL DANIEL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, die grondeenhede in bygaande Bylae tot verbeteringsgebiede.

BYLAE.

Distrik.	*Beskrywing van Grondeenhede.*
Potgietersrus.....	1. Tiberius No. 700. 2. Rykswyk No. 683.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE.

No. 1091.] [24 November 1961.

WET OP DIERESIEKTES EN -PARASIETE, 1956.—SIEKTES WAAROP ARTIKEL *EEN* VAN TOEPASSING IS—WYSIGING.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een* van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet No. 13 van 1956), wysig ek, PIETER MATTHEUS KRUGER LE ROUX, Minister van Landbou-tegniese Dienste, hierby die Bylae tot die verklaring uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. 1677 van 16 Oktober 1959, deur aan die end daarvan die volgende verdere item by te voeg:—

„(*ee*) Aansteeklike laringotrageïtis."

P. M. K. LE ROUX,
Minister van Landbou-tegniese Dienste.

No. 1092.] [24 November 1961.

ANIMAL DISEASES AND PARASITES ACT, 1956.—DISEASES TO WHICH SECTION *SEVEN* SHALL APPLY—AMENDMENT.

